

“Die regverdige . . . sal opgroei

soos „n seder op die Libanon”

Psalm 92:12

# Lesersgids

## tot die Boek van

# Filippense

*"En hulle het uit die boek, uit die wet van God,*
*duidelik voorgelees en dit verklaar,*
*sodat hulle verstaan het wat voorgelees is"*

Nehemia 8:9

By

Bill Daniels

# Voorwoord

Die inhoud van hierdie boek was deel van 'n Bybelkollege kursus wat in 2008 deur die New Germany Baptiste Kerk aangebied is. Die oorspronklike lesverdeling van die materiaal is behou, sodat dit vir verdere klasverbruik aangepas kan word. Die Inhoudsbeskrywing lys dus die tien lesse asook die vier hoofstukke van die boek van Filippense, gevolg deur die eerste bladsy van elkeen in die Lesersgids.

Mag die Here u veel verder neem as wat ek met hierdie nederige poging kan doen. Die studie van Paulus se kragtige brief aan die kerk van Filippi sal u hart aangryp en bemoedig. God is daartoe in staat en ook gewillig om ons te seën, terwyl ons Hom nastreef in die studie van Sy ewige woord.

> "*My seun, as jy my woorde aanneem*
> *en my gebooie by jou bewaar,*
>
> *sodat jy jou oor laat luister na wysheid,*
> *jou hart neig tot verstand;*
>
> *ja, as jy na die insig roep,*
> *na die verstand jou stem verhef,*
>
> *as jy daarna soek soos na silwer*
> *en dit naspeur soos verborge skatte,*
>
> *dan sal jy die vrees van die HERE verstaan*
> *en die kennis van God vind*" (Spr. 2:1-5)

Bill Daniels

Hierdie **Lesersgids** is die Afrikaanse weergawe van ons "Reading Companion to the Book of Philippians". Ons Reading Companions en Lesersgidse is eenvoudige kommentaar op verskeie boeke van die Bybel, met die doel om u te help met "n makliker begrip van wat u in die Bybel lees. Menige gelowiges het al die waarde van hierdie Bybelstudie hulpmiddels bevestig.

**Reading Companions** tot die volgende boeke van die Bybel is in Engels beskikbaar:

Genesis
Joshua
Ruth
I Samuel
II Samuel
Proverbs
Ecclesiastes
Song of Solomon
Isaiah
Daniel
Jonah
Haggai
Habakkuk
Zechariah
Romans
I Corinthians
II Corinthians
Galatians
Ephesians
Philippians
Colossians
Hebrews
Revelation

Asook "Through the Beloved Book of Books - A Survey of the New Testament".

Dit is ons hoop om mettertyd al die Reading Companions na Afrikaans te vertaal.

# Inhoud

## Lesse

Les 1 – Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

Les 2 – 1:1-11 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15

Les 3 – 1:12-26 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 33

Les 4 – 1:27-2:8 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 49

Les 5 – 2:9-18 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 67

Les 6 – 2:19-30 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 85

Les 7 – 3:1-10 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 103

Les 8 – 3:11-21 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 121

Les 9 – 4:1-9 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 139

Les 10 – 4:10-23 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 157

## Hoofstukke

Hoofstuk 1 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15

Hoofstuk 2 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 54

Hoofstuk 3 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 103

Hoofstuk 4 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 139

"Want vir my is
die lewe Christus
en die sterwe wins"

(Fil. 1:21)

# Les 1 – Inleiding

Die boek van Filippense is die brief van blydskap. "Die mees opgeruimde en vreugdevolle van al Paulus se briewe", was Irving Jensen se kommentaar. Ons vind woorde wat blydskap uitbeeld 17 maal in die vier kort hoofstukke van hierdie boek. Dit is duidelik 'n belangrike tema. En die een wat soek na die skatte in hierdie goudmyn, sal waarlik verheug wees, en wysheid daarin vind. Oor die waarheid van God se woorde het Jesus gesê, "*Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen*" (Joh.13:17). Ons vind wonderlike en bevredigende antwoorde op groot lewensvrae in 'n begrip en 'n strewe na dit wat hier te vinde is, en daardie vreugde en tevredenheid wat elke siel op aarde na hunker.

Nog 'n sleutel uitdrukking in Filippense is "*in Christus*", soos ook die geval is in Efesiërs. Ware vreugde word slegs gevind "in Christus", en elke kwelling en beproewing van die ongeredde siel is daarop gemik om hom tot die ontdekking van daardie vreugdevolle plek van veiligheid te lei.

Hierdie is een van die vier Gevangenskap Briewe (Efesiërs, Filippense, Kolossense en Filemon), wat deur Paulus geskryf is gedurende sy eerste gevangenskap in Rome, soos beskryf in die laaste

16 verse van Handelinge. Die jaar was ongeveer 61 n.C., en Paulus was omtrent 65 jaar oud. Ons sien hier ‘n uitstekende voorbeeld van die ware Christelike ervaring. Paulus het hierdie “opgeruimde en vreugdevolle” brief geskryf terwyl hy, as ‘n ou man, ‘n gevangene in Rome was, bedreig met die dood en omring deur vyande. Enige plek op aarde word ‘n plek van lof wanneer ons harte soos dié van Paulus is – “*in Christus*” en in ‘n strewe na Christus. Satan mag die vermoë hê om iemand se status te verander. Hy mag selfs toegelaat word om iemand se lewensomstandighede te versleg, soos met Paulus, toe hy tydelik in Rome ‘n gevangene was. Maar Satan het nie die mag om iemand se geestestoestand of sy stand in Christus te verander nie. Status en lewensomstandighede, ja. Geestestoestand en stand in Christus, nee! Hierdie is ‘n saak tussen die mens en sy Verlosser, buite bereik van aardse invloede. Satan het slegs mag oor ‘n mens wat hom dit toelaat, ‘n mens wat ander dinge vrees as God alleen.

## Die Stad

Paulus se brief is gerig “*Aan almal in Filippi wat deur Christus Jesus aan God behoort*” (1:1). Filippi was ‘n stad in die Romeinse provinsie van Macedonië, op die beroemde outydse hoofpad, die Via Ignatius. Lukas verwys na Filippi as ‘n

belangrike stad in daardie deel van Macedonië (Han. 16:12). Dit is noemenswaardig dat Rome, Korinte en Efese ook belangrike stede in hul landstreek was. Paulus was geneig om sy werk in die hoofstede van die provinsies te konsentreer. Filippi was waarskynlik 'n ryk stad, met hoogs vrugbare grond en bekende goud en silwer myne. Daar was ook 'n beroemde mediese skool – dalk 'n rede dat Lukas, 'n mediese dokter, daar woonagtig was.

## Die Kerk

Die kerk van Filippi was die eerste gemeente wat Paulus en sy geselskap op die Europese vasteland, gedurende sy tweede sendingreis, gestig het. Daardie begin in Europa was deur die duidelike leiding van die Heilige Gees, soos beskryf in Handelinge 16. Geleenthede in Asië en die ooste is hulle ontsê, terwyl Paulus en sy span weswaarts beweeg het deur Klein-Asië, tot by Troas op die kus van die Egeïese See. Daar het die Here deur 'n visioen met Paulus gepraat. In die visioen het 'n man by hom gestaan wat hom om hulp smeek uit Macedonië. Dit is heeltemal moontlik dat Lukas die volgende oggend sy verskyning gemaak het, met 'n versoek om hulp in Filippi. Vergelyk hiermee die Here se benadering met Petrus in Handelinge 10. Ons merk verder in Handelinge dat Lukas 'n

inwoner van Filippi was, en dat hy in Troas by Paulus se geselskap aangesluit het voordat hulle na Filippi geseil het;

- Han. 16:7-13 – Lukas sluit aan by Paulus ("hulle" word "ons")
- Han. 17:1 – Lukas bly agter in Filippi ("hulle").
- Han. 20:5-6 – Lukas sluit weereens by Paulus aan met sy terugreis deur Filippi terugreis ("ons").

Handelinge 16 dokumenteer die ontstaan van hierdie kerk en 'n lys van die stigterslede;

- Han. 16:14-15 – Lidia en haar huisgesin. Lidia was uit Thiatire afkomstig en het die Joodse geloof aangeneem. Sy was 'n besigheidsvrou, 'n verkoper van purper. Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak toe hy, kort na hul aankoms in die stad, 'n groep vroue toegespreek het waar hulle op die sabbatdag by 'n Joodse bidplek bymekaar gekom het. Hierdie bidplek was langs 'n rivier buite die stad, dalk 'n aanduiding dat daar slegs 'n klein Joodse bevolking, sonder 'n sinagoge, in die stad was. Die vrygewigheid van hierdie eerste bekeerling is uitgebeeld daarin dat sy

haar huis as verblyfplek aan die sendelinge aangebied het. Lidia se vrygewigheid was kenmerkend van die kerk van Filippi.

Let op dat Lidia en haar huisgesin dadelik gedoop is na hul bekering.

- Han 16:16-18 – Die demoon-bevange slavin. ‘n Slawe-meisie het haar waarseggings vermoë verloor nadat Paulus ‘n gees uit haar gedryf het. Sy het waarskynlik ook tot bekering gekom. Haar eienaars, ontsteld deur die verlies van hul inkomste, het Paulus en Silas voor die owerhede gebring en valslik beskuldig. Hulle is daarna baie geslaan en in die tronk gegooi.

- Han 16:25-34 – Die bewaarder en sy huisgesin. Gedurende die nag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing toe ‘n aardbewing die gebou geskud het. Die deure het oopgegaan en die gevangenes se boeie het losgeraak. Die bewaarder, wie selfmoord wou pleeg, is deur Paulus se woorde uit die dood gered. Hy het hierna ook tot bekering gekom.

Stel u voor hoe hierdie opbeurende, vreugdevolle brief, wat Paulus uit die gevangenis geskryf het, die bewaarder sou

geaffekteer het. Hy is self gered nadat hy aanskou het hoe Paulus, ten spyte van sy gevangenskap en ontberinge, die vreugde van 'n ware gees-gevulde gelowige weerspieël.

- Lukas was waarskynlik van die begin af betrokke by hierdie kerk.

Dit blyk dat Paulus tot die einde van sy lewe 'n hegte verhouding met die kerk van Filippi behou het. In teenstelling met baie gelowiges in Galasië en Korinte, het hierdie gemeente nooit hul eerste liefde vir Paulus verloor nie. Hulle het ook verskeie maal finansieel tot sy behoeftes bygedra (4:15-16). Paulus verwys in II Korinte 8 ook na hierdie gemeente as een van die vrygewige "*gemeentes van Masedonië*". En toe hulle verneem dat Paulus 'n gevangene in Rome was, het hulle saam met Epafrodítus weereens 'n geskenk gestuur. Hierdie goeie gawe was juis die rede dat Paulus aan hulle geskrywe het, en die resultaat is 'n brief van wonderlike seëning deur die eeue.

## Die Doel van die Brief

Ten tye van die skrywe van hierdie brief was daar waarskynlik geen probleme met die kerk van Filippi nie. Hulle het nie dringende raad van Paulus benodig het nie. Die brief blyk slegs 'n eenvoudige en vriendelike uitdrukking van Paulus se liefde te

wees.

Die volgende algemene doele is duidelik:

- Paulus wou hulle bedank vir die geskenk en hul bedagsaamheid (4:10-19). Epafrodítus, 'n lid van die gemeente, het die geskenk na Paulus in Rome geneem. Daar het hy ernstig siek geword. Toe hy weer gesond was het hy Paulus se bedankings-brief teruggeneem na Filippi.

- Paulus het van die geleentheid gebruik gemaak om onenigheid tussen twee gemeentelede aan te spreek (4:2-3). Let op die duidelike fokus op nederigheid as die sleutel tot eenheid en harmonie (1:27–2:3). Trotse Satan strewe daarna om onenigheid in God se kerk te saai. "*Vermetelheid gee net twis af*" – Spr. 13:10. Die teenoorgestelde word in die nederigheid van Christus uitgebeeld.

- Paulus het hulle ook verwittig dat hy Timótheüs binnekort na Filippi sou stuur, en dat dit sy hoop was om hulle self binnekort te besoek (2:19-24).

- Hy het verder instruksies en voorbeelde met betrekking tot die volgende verstrek:

    - 'n Christus-gevulde lewe (1:20-21; 3:7-

14). "*Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins*" (1:21).

- 'n Lewe toegewy aan ander (Hoofstuk 2). "*Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was*" (2:5) as teenwerking tot struweling en onmin tussen gemeentelede.

- "*Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid*" (II Tim 3:16-17).

- Soos Paulus se gewoonte was het hy ook van die geleentheid gebruik gemaak om Jesus Christus te verhewe. Deur die gebruik van Christus se voorbeeld word Hy in hoofstuk 2 uitgebeeld as gelyke aan God, maar gewillig om Homself te verneder tot die gestalte van 'n dienskneg. In hoofstuk 3 sien ons Hom as die allerhoogste mikpunt waarna die heilige strewe, terwyl die fokus verskuif vanaf self na God se verheerliking en die belange van ander. Die gevolg is;

  - 'n Vreugde in die verkondiging van die evangelie, ongeag van die wie, die hoe, die waar, of die wanneer daarvan

(hoofstuk 1).

- Die houding van 'n nederige dienskneg (hoofstuk 2).
- Godvresende strewe (hoofstuk 3).
- Opregte en suiwer denke (hoofstuk 4).

## Oorsig

**<u>Hoofstuk 1</u>** – Betuiging van 'n Lewe Verhewe bo Aardse Omstandighede.

Die sleutel vers van die boek en ook die tema van Paulus se lewe is vers 1:21, "*Want vir my is die lewe Christus*" - daar is geen oorwinning of vreugde sonder Jesus Christus nie. Paulus was omring deur kwellings (gevangenskap, vyande en bedreiging). Ten spyte daarvan het hy "*met vleuels soos die arende*" bo-oor alles uitgestyg;

- Steeds liefdevol (verse 3-8).
- Steeds in gebed (verse 9-11). Paulus se gebede vir hulle was meer as toevallig ("*elke maal*", "*altyd*", "*al my gebede*" verse 3-4). Sy versoeke aan God was ook spesifiek;
    - Vir oorvloedige liefde (vers 9).
    - Vir uitstekende keuses (verse 9-10).

- Vir opregtheid en reinheid (vers 10).
- Vir die vrug van geregtigheid (vers 11).

- In verkondiging van die evangelie (verse 12-18). Paulus se gevangenskap het die evangelie nie verhinder nie, maar het dit egter bevorder. Lees ook Hnd. 28:30-31. God kan elke struikelblok van sonde en die duiwel verander na 'n redmiddel. Verse 15-16 verwys blykbaar na die verkeerde motiewe van die prediker, nie die verkeerde boodskap wat verkondig is nie.
- Steeds aangemoedig, al was hy in lewensgevaar (verse 19-26).
- Steeds vol hartstog (vers 20). Paulus se verwagting en hoop was dat Christus in sy liggaam verheerlik sou word.

**Hoofstuk 2** – Voorbeelde van 'n Lewe in Diens van Ander.

Hier vind ons 'n duidelike fokus op eenheid (vanaf vers 1:27) en dienswilligheid, deugde wat ontstaan uit ware nederigheid.

- 2:6-11 – Christus se opoffering;
    - Sy *vernedering* (verse 6-8). Hy het dit nie nodig geag dat die mens Hom as

gelyk aan God sien nie.

- Sy *verheerliking* (verse 9-11). God het Hom mettertyd verheerlik. Aangehaal uit Jesaja 45:23.

- Hierdie is 'n sleutel gedeelte oor die doktrine van Christus – "*het Homself ontledig* (leeg gemaak) *deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem*". Waarvan het Hy Homself leeg gemaak met Sy eerste koms? Sommige glo dat dit Sy godheid was. Ander, dat dit sy goddelike eienskappe was. Jesus het Sy sigbare, duidelike en vanselfsprekende glorie prysgegee – dit wat op die Berg van die Verheerliking gesien is. Weereens, Hy het dit nie nodig geag dat hulle Hom sien vir wat Hy eintlik is nie. Hier sien ons die grondbeginsel van nederigheid en sagmoedigheid.

- 2:19-22 – Timótheüs se bediening. Sy enigste doel was om te dien. Hy het sy eie belange prysgegee en daardeur die lof van God en mens ontvang.

- 2:25-30 – Epafrodítus se siekte. Hy het sy eie belange opsy geskuif en het ook die lof van God en mens ontvang.

**<u>Hoofstukke 3-4</u>** <u>– Aansporing.</u>

Hoofstuk 3 – Paulus se doelwitte;

- "*Om Christus as wins te verkry*" (vers 8). 'n Ware beloning! Paulus het alles wat die mens belangrik ag ontsê, en slegs Christus se lof begeer.
- "*Sodat ek Hom kan ken*" (vers 10). Ware heiliging. Hier is die korrekte gebruik van ons gesonde verstand (vergelyk met Romeine 1).
- "*Ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp*" (vers 12). 'n Ware volgeling. Paulus het besef dat, alhoewel hy ywerig daarna gestrewe het, hy nog nie die doel bereik het nie.

Hier sien ons die geheime in die hart van 'n ware geestelike reus. Vergelyk dit met Moses in Exodus 33. Ook Dawid, daardie een wie só reg na God se hart was. En kyk dan in teenstelling na die hart van die natuurlike mens, wie dit nie eens die moeite werd ag om God te onthou nie (Romeine 1).

Hoofstuk 4 – Die krag wat ons besit deur die korrekte gebruik van ons verstand, die plek waar die eintlike stryd plaasvind. Die ware toets van wat 'n mens is en wat hy sal word hang af van wat hy dink, nie wat hy doen of sê nie. As ons God se gebode gehoorsaam en ons gedagtes op opregte

dinge vestig, verseker ons dat die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, ons harte en sinne bewaar (vers 7), en die God van vrede sal met ons wees (vers 9). Reinheid en lof vul en vloei uit só 'n hart, nie bitterheid en onrus nie. Vergelyk hierdie verse met Spreuke 4:23. Dit is ook presies hoe Paulus sy brief afsluit; met vreugde (4:10), danksegging (4:14-18), tevredenheid (4:11) en lof (4:20). In Christus was Paulus tevrede met sy omstandighede, en tot alles in staat (vers 13).

Vers 4:19 is nie 'n belofte aan almal nie. Dit was 'n belofte aan dié wat hulself tot die diens van God en ander toevertrou het.

Die belofte aanvaar dat daar toewyding en opoffering is. Lees ook II Korinthiërs 9:6-15.

``````````````````````````````````````````````````````````````

'n Breë opsomming van Filippense sou as volg lees:

> Hoofstuk 1 - Christus is ons *alles* – In die lewe en die dood.
>
> Hoofstuk 2 – Christus is ons *voorbeeld.*
>
> Hoofstuk 3 – Christus is ons *strewe* – Om Hom te behaal, te ken en ons s'n te maak.
>
> Hoofstuk 4 – Christus is ons *genot* – ons vreugde en ons vrede. Tevredenheid is in die
``````````````````````````````````````````````````````````````

gemoed wat op Hom gevestig is.

````````````

Let ook op Paulus se onveranderbare positiewe houding;

Hoofstuk 1 – Verhewe bo alle hindernisse.

Hoofstuk 2 – Onbaatsugtig teenoor andere.

Hoofstuk 3 – Om slegs Christus te begeer.

Hoofstuk 4 – Altyd tevrede.

***Paulus was só 'n vreugdevolle man!*** Lees ook II Korinthiërs 11:23-29. Geen omstandighede kon sy vreugde demp nie.

````````````

Hy gebruik die woord, oortreffende (huperecho), drie maal:

- 'n oortreffende *belangstelling* – <u>*ander*</u> (2:3).
- 'n oortreffende *kennis* – <u>*Christus*</u> (3:8).
- 'n oortreffende *vrede* – <u>*joune*</u>*?* (4:7).

# Les 2 – Filippense 1:1-11

Bybel geleerdes is geneig om Paulus se 13 briewe volgens tema of onderwerp te groepeer;

- Romeine, I & II Korinthiërs en Galasiërs met die saligheid as die oorheersende tema (soteriologies).

- Die Gevangenskap Briewe van Efesiërs, Filippense, Kolossense en Filemon, met Christus as die spesifieke tema (christologies).

- I & II Thessalonicense, duidelik gefokus op toekomstige gebeure (eskatologies).

- Die drie pastorale briewe, I & II Timotheüs en Titus, wat veral op kerksake fokus (ekklesiologies).

Gedurende Paulus se maande van gevangenskap in Rome, en in die skrywe van die vier gevangenis briewe, was sy gedagtes gevestig op Jesus Christus. Hierdie vreugdevolle woorde van Paulus is uit 'n Romeinse gevangenis geskryf. Die las en ongerief van sy omstandighede is verlig deur 'n hart wat reg gefokus was.

*1:1 Paulus en Timótheüs, diensknegte van Jesus Christus, aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filíppi is, saam met die opsieners en diakens:*
*1:2 Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!*

---

# Hoofstuk 1

**1:1-2** – Groete.

Vers 1 – "*Paulus en Timotheüs*" – Timotheüs was die jong man wat Paulus gedurende sy tweede sendingreis deur Klein Asië in die omgewing van Listre en Derbe in diens geneem het. Dit was Paulus se gewoonte om getroue mans uit te sonder en dan op te lei totdat hulle in staat was om leiding te gee in hul eie gemeentes. Timotheüs was 'n jong man (I Tim 4:2), 'n bedeesde man (II Tim 1:7), en 'n getroue man (Fil. 2:19-22). Alhoewel Paulus grootliks deur God gebruik is, het hy homself nooit afsydig gedra teenoor sy medewerkers nie. Hy het baie van sy tyd afgestaan aan die opleiding van toekomstige kerk leiers. Paulus het hier die voorbeeld gestel vir meer ervare dienaars in die Here se werk, deur 'n persoonlike belangstelling in die ontwikkeling van minder ervare, maar getroue jonger dienaars. Vergelyk hierdie gedeelde met die verhouding tussen Moses en Josua, en ook dié tussen Elía en

Elísa.

Paulus het gewoonlik, aan die begin van sy briewe, melding gemaak van sy apostelskap om sy God-gegewe gesag te bevestig. Ons vind dit egter nie hier nie, heel waarskynlik as gevolg van die persoonlike en vreugdevolle doel van die brief. Paulus noem geen ernstige probleme wat sy raad of regstelling benodig nie. Dit was dus onnodig om sy gesag te beklemtoon.

"*Diensknegte van Jesus Christus*" – hierdie "*diensknegte*" is die Griekse woord, *doulos,* of slaaf. Só 'n persoon is nie 'n huurling nie, maar 'n besitting. Gekoop met die kosbare bloed van Jesus Christus, en dus bly om Sy besitting te wees. Lees ook Exodus 21. In antwoord op die genade van God in Jesus het hierdie "*diensknegte van Jesus Christus*" alle regte tot hul eie wil verwerp, en hulself volkome aan Hom oorgegee. Vreugdevolle diens!

"*Aan al die heiliges in Christus Jesus*" – "*Heiliges*" is die Nuwe Testament (N.T.) term vir gelowiges in Jesus. Dit beskryf nie 'n spesiale klas van gelowiges nie, maar hulle wat aan God afgesonder is deur geloof in Jesus Christus. Die term verwys slegs na die gelowige se stand voor God, nie sy

*1:3 Ek dank my God elke maal as ek aan julle dink—*
*1:4 en ek bid altyd in al my gebede vir julle almal met blydskap—*

---

lewenspatroon nie. "*In Christus Jesus*" is die gewone N.T. uitdrukking wat die stand van ons verlossing en veiligheid beskryf. Op die oomblik van 'n siel se verlossing word hy met die Heilige Gees gedoop. Hy word deel van die liggaam van Jesus Christus (I Kor. 12:13), wat hom "*in Christus Jesus*" plaas. Hierdie beeld kan vergelyk word met Noag en sy familie, veilig *in die ark*, terwyl die vreeslike storm van God se oordeel buite gewoed het. Of 'n Joodse familie gedurende die Pasga, veilig *in die huis*, met die bloed van 'n lam op die deur, om hulle te beskerm teen die doodsengel.

"*Saam met die opsieners en diakens*" – Hier is die twee amptenare wat in die N.T. kerk aangestel is. Die opsiener (episkopos), word ook 'n ouderling (presbuteros) en 'n herder van God se mense genoem (I Pet. 5). Diakens (diakonos) is dienaars van die kerk. Hulle is mans wat bemoeid is met praktiese kerksake, maar sluit ook geestelike bediening in. Lees ook Handelinge 6. Die bevoegthede van beide hierdie leiers word in I Tim. 3 uiteengesit.

**<u>1:3-11</u>** – Dankbaarheid, Liefde en Gebed.

Verse 3-4 – Paulus was ‘n vreugdevolle man. In geeneen van sy ander briewe is dit meer merkbaar nie. Hy was vreugdevol;

- In gebed vir die heiliges (vers 4). Vir Paulus was gebed nie ‘n sleurwerk of die aframmel van ‘n lys name nie. Dit was sy plesier en sy voorreg – waarlik ‘n ”Soete Uur van Gebed”.
- In die verkondiging van Christus (vers 18), ongeag wat die motivering is.
- In die eenheid van die kerk (2:2).
- In sy eie persoonlike opoffering (2:17).
- In Christus Jesus (3:3).
- In die vrug van sy bediening (4:1; I Thess. 2:19).

Ek was nog altyd baie beindruk met die taak wat die Here in en deur hierdie vreugdevolle man verrig het. In Paulus se liefde en waardering van gelowiges sien ons ‘n weerspieëling van God se sorg vir die heiliges. Die profeet, Sefánja, het van God gesê, “*Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel*” (Sef. 3:17) –

presies wat God hier deur Paulus vir die gelowiges van Filippi gedoen het. Hy het God bedank, "*elke maal as ek aan julle dink*", nie net toevallig nie. Selfs jare nadat hy by hulle weg is, was hulle nog steeds prominent in sy gedagtes. Weereens 'n weerspieëling van God, en Sy volhardende sorg - Hy openbaar ware liefde en sorg teenoor hulle wat aan Hom behoort. Paulus se alomvattende woorde ("*elke*", "*altyd*", "*julle almal*") betuig van sy breedvoerige, persoonlike belangstelling in elkeen van hulle. Deur al die jare van sy bediening, was hulle in sy hart en in sy gebede. Ons sien ook in hierdie liefdevolle apostel die beeld van Jesus, wat ewigdurend leef om namens sy heiliges te pleit (Heb. 7:25).

Paulus het sy dank uitgespreek vir hulle, en gebid vir hulle. Maar dit blyk ook dat hy groot vreugde daarin gevind het om hulle daarvan te vertel. Op dieselfde manier wat die Here vreugde daarin vind om Sy kinders te seën, en vreugde daarin vind om hulle verder te seën met die wete en belofte van Sy seëning. Dit is wat God se profesieë ons bied – hoop vir vandag, en 'n rotsvaste vertroue in die toekoms. Paulus het sterk gevoelens teenoor hierdie mense gehad en hy was nie skaam om hulle daarvan te vertel nie.

*1:5 oor julle gemeenskap aan die evangelie van die eerste dag af tot nou toe,*

---

As ons na hierdie man kyk mag ons wonder waarom sy hart só vol vreugde was. Die antwoord lê daarin dat sy fokus totaal op ander was, met hom as hul dienskneg. In Job 42:10 lees ons "*En die Here het die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het*". Selfsugtigheid poog om aan vreugde vas te hou, maar só 'n benadering ontneem ons egter van vreugde. Ware vreugde en verlossing word slegs gevind in onbaatsugtige diens teenoor ander. In teendeel, wanneer ons ontevrede is oor iets, is dit waarskynlik as gevolg van ons eie selfsug.

Vers 5 – "*Oor julle gemeenskap aan die evangelie*" – Paulus verwys na verskeie sleutel aspekte van die gelowige se lewenswandel met die woorde, "*gemeenskap van die evangelie*". Hy was verheug daarin dat hulle deel gehad het in die voorregte van die evangelie en deel was van die liggaam van Christus. Daar was geen gedagtes van uitsluitlikheid by Paulus nie. Soos hy aan die gelowiges in Thessalonika gesê het, hulle is sy hoop en vreugde en "*kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms. Want julle is ons eer en blydskap*" (I

Tes. 2:19-20). Elke wins was ‘n stryd, dus was elke wins ‘n vreugde! Handelinge 16 vertel van die groot moeite wat Paulus en sy medewerkers verduur het toe hulle die kerk by Filippi gestig het. Soos ook die geval was by Listre en Derbe, die kerke waar Timotheüs deur Paulus ontdek is. Soos ‘n sorgsame moeder die geboortepyne vergeet met die aankoms van ‘n nuwe kind in die familie.

“*Die wat met trane saai, sal met gejubel maai. Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra*” (Ps 126:5-6).

Deur hul “*gemeenskap aan die evangelie*” het Paulus ook daarna verwys dat hulle, van hul geestelike geboorte af, geldelik met hom gedeel het. ‘n Kort ruk na hierdie kerk se stigting, terwyl Paulus in Thessalonika was, het hulle “*meer as een maal iets gestuur*” (4:16) om aan sy nood te voldoen. Hulle was van die begin af verbind tot sorg en gasvryheid teenoor God se diensknegte. Handelinge 16 beskryf die gasvryheid van beide Lidia en die bewaarder. Die skrywer van Hebreërs het hiervan gepraat toe hy gesê het “*Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het ‘n welbehae aan sulke offers*” (13:16).

Terwyl Paulus in Rome ‘n gevangene was, het hulle

weereens met hom gedeel deur ‘n geskenk saam met Epafrodítus aan hom te stuur. Hulle het God se woorde gehoorsaam - “*En as een lid ly, ly al die lede saam*” (I Kor. 12:26); “*Want julle het ook saam met my gevoel in my boeie*” (Heb. 10:34); “*die broer word gebore met die oog op die nood*” (Spr. 17:17).

Hulle het ook deel gehad met Paulus in die verspreiding van die evangelie, deur die Woord aan die mense rondom hulle te verkondig.

Die Filippense het dus met Paulus gedeel in saligmaking, in die ondersteuning van sy sendingwerk, in simpatie met hom deur sy ontberinge, en in die verspreiding van die evangelie uit hul eie kerk. Dit is ons plig om ook deel te hê aan hierdie tipe gemeenskap – om in Christus te wees, om Sy werk te ondersteun, om te sorg vir Sy heiliges, en om Sy boodskap te versprei. H.A. Ironside het dit só gestel, “’n Groep heiliges wat saam staan in die vrees van die Here en die Woord van die Lewe aan die ongereddenes openbaar, sal geneig wees om meer van ware gemeenskap te weet as ‘n group gelowiges wat hoofsaaklik met hul eie sake en hul eie seëninge besig is”.

Vers 6 – “*Hy wat ‘n goeie werk in julle begin het*” – Paulus was oortuig van die getrouheid van God,

*1:6 omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus;*

---

soos ons kan sien in sy gebruik van die woorde "*Hy wat*" – nie "dit wat" nie. Hy het God nie as 'n lewelose mag of wet of grondslag beskou nie. Ons vertroue rus op die getrouheid van God om presies te doen wat Hy gesê het. Niks anders nie! As God se woorde onbetroubaar was sou ons hoop nutteloos wees. In I Kor. 1:7-9 het Paulus gepraat van "*onse Here Jesus Christus, wat julle ook sal bevestig tot die einde toe, om in die dag van onse Here Jesus Christus onberispelik te wees. God is getrou*". In Heb. 12:2 is Jesus beskryf as beide "*die Leidsman en Voleinder van die geloof*". Hy voltooi dít wat Hy begin. In Jud. 24 lees ons van "*Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig*". Paulus se hoop was gegrond op die getrouheid van God. Soos die bybel ons herinner – "*o HERE, u goedertierenheid is tot in die hemele*" (Ps. 36:5) en "*Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie*" (II Tim. 2:13) en "*u trou is groot*" (Klg. 3:23). Ons weet dat die mens nie getrou bly nie, maar dat God nie ontrou kan wees nie. Wat beteken dit dan, as iemand veronderstel dat hy sy saligmaking kan

verloor?

"*Dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus*" – die woord "*voleindig*" word hier gebruik in die sin van voltooi, of deurvoer tot voltoeing. God voltooi alles wat Hy begin (Luk. 14:25-33). Het Hy al ooit iets halfpad klaar gemaak? Selfs Sy naam is "*die Alfa en die Oméga, die begin en die einde*" (Op.1:8). God sal ons nooit begewe of verlaat nie (Heb. 13:5). Ons sal tot in die ewigheid nooit sterf nie (Joh. 10:28), maar God sal ook sy werk in ons voltooi. Hy het dit só belowe. God het ook die wonderlike vermoë om ons te sien soos ons sal wees wanneer Hy daardie werk in ons voltooi het; 'n vermoë wat ons self moet nastreef. Barnabas het hierdie gawe betoon toe hy die eintlike waarde in 'n wedergebore Saul van Tarsus aangevoel het. Ons is geneig om op die huidige tekortkominge in ander te fokus. Wat ons nodig het is die insig van 'n beeldhouer wat 'n lieflike beeld in die rowwe klip kan sien; of 'n landskap-tuinier wat florerende grasperke en plantegroei sien wanneer hy na 'n kaal stuk grond kyk. Op "*die dag van Jesus Christus*" sal ons almal volgens Sy beeld verander word, maar vandag is ons nog in 'n staat van wording. Die gras groei nog, en die plante het nog net begin spruit.

Ons moet ook versigtig wees om 'n sienswyse te

*1:7 soos dit vir my reg is om dit van julle almal te dink, omdat ek julle in my hart dra, aangesien julle almal in my boeie sowel as in die verdediging en bevestiging van die evangelie my deelgenote in die genade is.*

---

ontwikkel wat korrespondeer met ons nuutgevonde geestelikheid. Die populêre gesegte, “Wees asseblief geduldig, die Here is nognie klaar met my nie!”, het vir my nog altyd geklink na ‘n verskoning. Asof hulle wil sê, “Hou jou persoonlike bekommernis en kritiese opmerkings vir jouself. Op die oomblik geniet ek nog my wêreldse lewe”. Hierdie uitkyk weerspieël nie ‘n hart wat daarna verlang om God te behaag deur elke fout in ons uit te wis nie.

Vers 7-8 – Paulus se woorde betuig van ‘n spesiale verbintenis tussen hom en die gelowiges van Filippi. Hulle was deelgenote in sy lyding terwyl hy, as gevolg van sy verdediging en bevestiging van die evangelie, ‘n gevangene was. Dus sou hulle ook deelgenote wees in sy genade. Dit blyk dat Paulus hier verwys na hul deel van die beloning wat hy eendag sou ontvang vir sy diens vir Christus, en hul vennootskap met hom deur hul sorg en bystand.

“*Hoe ek na julle almal verlang met die innige tederheid van Jesus Christus*” – Daar was ‘n sterk,

*1:8 Want God is my getuie hoe ek na julle almal verlang met die innige tederheid van Jesus Christus.*
*1:9 En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring,*

---

teer verlange in Paulus vir hulle. Wanneer ons liefdevol na iemand verlang, voel ons dit in ons binneste. Hierdie liefdeverlange vir die Filippense was aan Jesus Christus te danke. Die mens is van natuur selfsugtig. Wanneer ons God se tipe liefde teenoor ander openbaar, is dit omdat Christus in ons is. Paulus het besef dat dit Christus in hom was wat ander deur hom lief gehad het.

Paulus het die Filippense benader as 'n liefdevolle, sorgsame herder, nie as 'n diktator wat sy gesag afdwing nie - die benadering wat Jesus self getoon het. Gebed en verlange, eerder as die stel van streng vereistes.

Verse 9-11 – "*En dit bid ek*" – Soos Paulus in meeste van sy briewe gedoen het, het hy die liefdevolle aard van sy gebede aan hulle verduidelik.

Vers 9 – Hy bid vir hul oorvloedige liefde – nie net dat liefde kenmerkend van hul lewens sal wees nie, maar dat hul lewens daarvan sal oorvloei. Dít is

*agape* liefde, ‘n liefde wat opsetlik en as gevolg van ‘n wilsbesluit ontstaan. Dit is dus ook die tipe liefde wat deur God beveel word. Hierdie liefde is nie soseer sentimenteel of uit emosionele gehegdheid nie, maar ‘n liefde wat die voordeel van ‘n ander nastreef, ongeag die reaksie van daardie persoon. Dit is die liefde wat beveel word vir ‘n man teenoor sy vrou (Ef. 5:25) en gelowiges teenoor mekaar (Joh. 13.34), selfs vir vyande (Mat. 5:44). Dit is die liefde wat in I Kor. 13 omskryf word as lankmoedig en vriendelik; nie jaloers nie, nie grootpraterig nie, nie opgeblase nie, nie onwelvoeglik nie, nie op soek na eie belang nie, nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie en nie bly is oor die ongeregtigheid nie. Hierdie liefde is verheug in die waarheid, vergewe tekortkominge, glo in ander en hoop die beste vir ander.

“*In kennis en alle ervaring*” – “*Ervaring*” word hier gebruik in die sin van waarneming, insig of oordeelkunde. Paulus verduidelik dat hul liefde nie ondiskriminerend moet wees nie, maar liewer intelligent en oordeelkundig; deur lief te hê wat God lief het, en te haat wat God haat. God se wysheid wys ons daar is beide “‘*n tyd om lief te hê en ‘n tyd om te haat*” (Prd 3:8). Die hedendaagse siening van liefde verwag dat ons wysheid en oordeelkunde ignoreer, deur voor te stel dat dit onbelangrik is wat

*1:10 om die dinge waar dit op aankom, te onderskei, sodat julle rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie, tot op die dag van Christus,*

---

iemand glo, solank hy liefhet. Oorvloedige liefde dring steeds aan op oordeelkunde en die korrekte gedrag in ander. Soos Paulus se streng optrede teenoor Petrus toe hy hom oor sy afwyking berispe het (Gal. 2), en teenoor Élimas, die towenaar, toe hy hom oor sy weerstand vermaan het (Hnd. 13). Petrus was ook nie in teenstryd met die Heilige Gees se liefdeswerk toe hy Ananías en Saffíra veroordeel het nie (Hnd. 5).

Vers 10 – "*Om die dinge waar dit op aankom, te onderskei*". Om verskillende dinge wat saak maak, te bevestig. En om dan die beste keuse te maak. Paulus praat hier van dinge wat vir die Here saak maak, nie onbelangrike dinge nie - ons het eintlik nie tyd vir daardie dinge in die lewe wat nie vir Hom van belang is nie. En nie net dit wat reg of verkeerd nie, maar Sy *perfekte* wil instede van Sy *toelaatbare* wil. Christus het een doel gehad, "*om u wil te doen, o God*" (Heb. 10:7), Sy *perfekte* wil. In Heb. 5:14 praat God van die beoefening van die gewoonte "*om goed van kwaad te onderskei*". Hierdie oordeelkunde is slegs moontlik deur die daaglikse

toepassing van God se woorde. Deur die waaksame, versigtige en vrome studie van God se woorde en Sy maniere, sal ons presies verstaan wat Hom behaag, en in staat wees om dit in ons eie lewensomstandighede toe te pas.

"*Sodat julle rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie*" – "*rein*" word hier gebruik in die sin van ombesmet as dit in die daglig ondersoek word. Soos 'n x-straal, wat deur die vel en vlees 'n kraak sigbaar maak. Dat die Here se soekende oog (of díe van 'n ander), nie verskuilde foute in ons karakter sal vind nie.

"*Vir niemand 'n aanstoot mag wees nie*" praat van 'n lewe wat niemand in enige manier sal laat struikel nie. Dat ons lewens ander nie sal bemoedig om by iets betrokke te raak wat hulle nie kan hanteer nie en tot sonde sal lei nie.

Vers 11 – "*Vervul met die vrug van geregtigheid*" – Hierdie is Christen vrug wat spruit uit die geregtigheid wat God aan ons gee met ons saligmaking. Dit is die vrug van die Heilige Gees.

Nie uit onself nie, maar dit "*wat daar is deur Jesus Christus*", deur die Gees van Christus wat in ons leef. Hierdie vrug sal op 'n bonatuurlike wyse ontwikkel as deel van ons Christelike ondervinding terwyl ons doelgerig vashou aan Christus, die Hoof en die Wynstok.

"*Tot heerlikheid en lof van God*" – Die oorsprong van elke vrug van geregtigheid is God se werk in ons. Dus is die einddoel van hierdie vrugte God se verheerliking, nie ons eie nie. Jesus het gese: "*Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra*" (Joh. 15:8).

*"Volgens my reikhalsende*
*verwagting en hoop*
*dat ek in niks beskaam sal word nie;*
*maar dat Christus*
*met alle vrymoedigheid,*
*soos altyd so ook nou,*
*groot gemaak sal word in my liggaam,*
*of dit deur die lewe of deur die dood is."*

(Fil. 1:20)

# Les 3 – Filippense 1:12-26

---

*1:12 En ek wil hê dat julle moet weet, broeders, dat wat*
*my wedervaar het, eerder op bevordering van die*
*evangelie uitgeloop het,*
*1:13 sodat my boeie openbaar geword het in Christus*
*onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander,*

---

**<u>1:12-18</u>** – Christus word Verkondig.

Verse 12-13 – Invloed onder die Ongelowiges.

"*Op bevordering van die evangelie*" –Paulus was gretig dat die gelowiges van Filippi verstaan dat sy ontberinge, gedurende jare van gevangenskap, nie die evangelie verhinder het nie, maar dit eerder bevorder het. Die merkwaardige resultate van die sendingwerk was die teenoorgestelde van wat hulle dalk verwag het. Dus kon hy hulle daarmee aanmoedig. Paulus en sy geselskap het oor die jare verskeie kerke in Sirië, Asië en die provinsies van Griekeland gestig, en in daardie werk het God hulle tot groot invloed en voordeel gebruik. Maar mettertyd het omstandighede verswak en God se vyande het meer vasberade geword. Aan die einde van Paulus derde sendingreis het 'n bedreiging in

Korinthe hom verplig om sy planne te verander en oor land deur Macedónië te reis (Han. 20). Nadat die Heilige Gees dit aan hom openbaar het, dat hy boeie en verdrukkinge in Jerusalem sou verduur, het Paulus die ouderlinge van Éfese vaarwel gesê. (Han. 20:23-24). Paulus het egter doelbewus voortgesit. Dit was sy brandende begeerte om die evangelie aan sy eie mense in Jerusalem te verkondig, al was dit ten koste van sy lewe. Paulus is in die tempel in Jerusalem deur die Jode aangeval, met die doel om hom te dood (Han. 21:27). Die Romeinse owerhede het hom egter gered en vir ‘n hele paar jaar hierna was Rome Paulus se beskermer, al was hy ‘n gevangene. Paulus se hardkoppige vasberadenheid om, ten spyte van die waarskuwing van die Heilige Gees, sy eie koers te volg, was dalk die oorsaak van sy gevangenskap. Dit was ook dalk God se doel om Paulus te beveilig, deur hom vir ‘n tyd lank uit die samelewing te verwyder. Paulus is eers deur die Joodse Sanhedrin in Jerusalem verhoor, maar daar het twis ontstaan tussen die Fariseërs en die Sadduseërs, en die Romeinse soldate moes hom met geweld verwyder. Toe ‘n verdere sameswering om Paulus te vermoor ontdek is, is hy na Cesaréa geneem (Han. 23). In Cesaréa is hy ook deur Felix, die Romeinse goewerneur verhoor (Han. 24). Alhoewel geen misdaad teen Paulus bewys is nie, is hy steeds twee jaar aangehou omdat Felix gehoop

het dat hy geld sou ontvang om Paulus vry te laat (Han. 24:26-27). Felix is hierna deur Festus opgevolg en Paulus is ook deur hom verhoor (Han. 25). Daar is weereens geen misdaad teen Paulus bewys nie, maar Festus wou hom terugstuur na Jerusalem om die Jode tevrede te stel. Paulus was ‘n Romeinse burger en het die reg gehad om sy appèl tot die keiser te rig. Festus was dus verplig om sy versoek te gehoorsaam. Paulus is hierna per skip na Rome gestuur, maar die reis is onderbreek toe hulle op die eiland van Malta skipbreuk gely het. Paulus het maande later eers in Rome aangekom, en hy was ten minste twee jaar langer daar ook ‘n gevangene.

Dit is waarskynlik dat die gelowiges in Filippi, en ander wat toegekyk het, Paulus se aanhoudende teëspoed as bejammerenswaardig beskou het. Dat een wat só begaafd was in die stigting en opbou van kerke reeds amper vyf jaar ingeperk was. Hulle het deur die jare ‘n liefdevolle en hegte verhouding met Paulus behou en sou bewus gewees het van sy gevangenskap in Rome. Hulle sou gevrees het dat hierdie dinamiese apostel ontmoedig was en dat sy onverskrokke verkondiging van die evangelie ingeperk was, of momentum verloor het. Maar, soos ons sien, een van die prominente temas van die brief aan die Filippense is blydskap en vreugde. Nie

*1:14 en die meeste van die broeders wat in die Here deur my boeie vertroue gekry het, dit des te meer waag om die woord onbevrees te spreek.*

---

die woorde van iemand wat ontmoedig is nie! En was die werk wat die Here deur hom gedoen het nou beperk? Dit is moontlik dat Paulus se omstandighede sekere aspekte van sy bediening minder doeltreffend gemaak het, maar ander eienskappe daarvan het nou verder ontwikkel en uitgeblink. God was besig om sy woorde aan Paulus, aan die begin van sy roeping, te vervul. Dat hy "*'n uitverkorene werktuig*" is om Sy Naam "*voor nasies en konings*" te dra, aan beide gewone burgers en konings (Han. 9:15-16). Alhoewel sy huidige gevangenskap hom verhoed het om deur die Romeinse provinsies te reis, het hy vrye toegang tot die paleise van Rome gehad, soos ons sien in vers 13 en ook in Han. 28:30-31. Dit blyk dat dit in Paulus se "*eie gehuurde huis*" was waar die evangelie aan die hele keiserlike lyfwag en ander geopenbaar is. Hy het almal ontvang wat na hom gekom het, "*met volle vrymoedigheid sonder enige verhindering*". Alhoewel hy 'n gevangene was, was dit vir Paulus moontlik om die evangelie in die hoofstad van die magtige Romeinse ryk te verkondig. En soos die bewaarder van Filippi is baie

van die Romeinse wagte ook bevry van die sonde.

Verse 14-18 – Invloed onder die Gelowiges.

Vers 14 – '*Meeste van die broeders*' – Dit is seker dat Paulus se volharding en moed baie van sy mede gelowiges in Rome en elders aangemoedig het tot vertroue in Christus. Soos met enige groep Christene, was daar onder hulle dié wat gevrees het om hul geloof in Christus openlik bekend te maak. Maar daar was ook baie van hulle wat meer en meer die moed gehad het "*om die woord onbevrees te spreek*". Dit is ook presies wat van ons verwag word, in ons omgang met familie, medewerkers, en kennisse. Soos ons in II Kor. 5:20 lees, "*Ons tree dan op as gesante om Christus wil*". Die Here het op elke gelowige, wat met die bloed van Christus gekoop is, 'n verpligting geplaas om onbevrees die goeie nuus, dat Christus vir sondaars gesterf het, te verkondig. Elke kind van God besef hierdie verantwoordelikheid, maar meeste van ons weier om dit na te kom. En kyk na die merkwaardige invloed van self een man wat Christus onbevrees en onbeskaamd verkondig. Die invloed van só 'n getuie is ontsaglik. Een van die bedienings van ons kerk is die verspreiding van traktaatjies. Die boekies bevat elk 'n verkorte preek boodskap wat in ons kerk gebruik is.  Oor die jare het baie gelowiges hul dank

uitgespreek oor ons moed deur die duidelike, betroubare toepassing van God se woorde in hierdie boekies. Hulle is ook daardeur bemoedig om saam met ons te staan. Wat Paulus betref, sou ons verwag dat sy lyding ander gelowiges afgeskrik het. Maar die geskiedenis bevestig wat ons hier sien. Die vervolging en beproewing van gelowiges veroorsaak altyd dat die moed en vasberadenheid van ander gelowiges vermenigvuldig.

Die invloed wat Paulus van praat het dalk verder as Rome gestrek. Dit mag wees dat baie oor Paulus en sy geselskap gevoel het soos mense oor huidendaagse geestelike leiers voel. Terwyl Paulus vry was om sy sendingwerk voort te sit, het ander nie die nood gevoel om betrokke te raak nie. Hulle kon beslis nie 'n beter taak as hy verrig nie! Maar nou dat Paulus se bedrywighede ingeperk is, het ander die verpligting aangevoel om deel te hê aan die verspreiding van die evangelie. Bekwame manne wat hul eie vermoëns dalk tevore as minderwaardig beskou het teenoor die gawes van Paulus, het nou na vore getree. Die Here doen vandag nog dieselfde – Hy skep die nodige omstandighede om nuwe leiers tevore te bring.

Hier is nog 'n belangrike les om te leer. Waar ons ook al in die lewe mag wees, is daar altyd

*1:15 Sommige preek Christus wel ook uit afguns en twis, maar ander ook uit welwillendheid:*
*1:16 die eerste verkondig Christus uit naywer, nie met suiwer bedoelinge nie, met die mening om aan my boeie verdrukking toe te voeg;*
*1:17 maar die ander uit liefde, omdat hulle weet dat ek bestem is tot die verdediging van die evangelie.*

---

geleentheid om die Here te dien. Omstandighede sal nooit werklik ons werk in Sy diens verhinder nie. Elke terugslag is 'n geleëntheid. Elke onderbreking is 'n nuwe begin. Soos Josef in Farao se gevangenis, is Paulus nie deur sy omstandighede van stryk gebring nie, maar is eerder daardeur gefokus en aangespoor.

Verse 15-18 – Solank Christus verkondig word. Paulus behandel hier twee tipes mense onder dié wat deur sy gevangenskap aangemoedig is. Daar was dié wat "*uit welwillendheid*" en "*uit liefde*" (verse 15 & 17) die Here se werk verrig het. En dan was daar ander wat Christus "*uit afguns en twis*" verkondig het - "*uit naywer*" en "*nie met suiwer bedoelinge nie*" (Verse 15 & 16).

Vers 18 – "*Of dit onder 'n skyn of in waarheid is*" – Of dit in opregtheid was of nie, Paulus was verheug dat Christus verkondig word. Dit is egter seker dat

*1:18 Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly.*

---

die boodskap van die evangelie nog dieselfde as syne was, anders sou hy hulle daaroor toegespreek het, soos die geval was in Gal. 1:6. Paulus bevraagteken die motifering van die prediker, nie die boodskap nie. Die omstandighede is nie bekend nie, maar dit blyk dat hierdie mense afgunstig was, dalk aangaande Paulus se gesag, of sy sukses. Dalk soortgelyk aan die geval van Korag toe hy teen Moses in opstand gekom het (Num. 16). Ons sien ook dat hulle twissoekerig was, klaarblyklik meer gemoeid met die bevordering van hul eie belange as eensgesindheid onder die gelowiges. Hierdie jaloesie ontstaan steeds dikwels tussen kerke en kerkleiers. Selfs goeie kerke wat die Woord van God verkondig. Hulle oortuig hulself dat hulle Christus dien, maar is eintlik gemotiveer deur 'n onderliggende mededingendheid wat spruit uit trots. Soos ons in II Kor. 10:12 sien, wanneer "*hulle hul met hulself meet en met hulself vergelyk, is hulle onverstandig.*" Wysheid leer ons, "*Laat jou oë reguit kyk en jou ooglede hulle reg voor jou uit hou*" (Spr. 4:25). Om eerder na die "*die Leidsman en Voleinder van die*

*geloof*" te kyk as om onsself te vergelyk met ander. En om Hom te verheerlik, instede van onsself.

"*Christus* (word) *verkondig; en hierin verbly ek my*" – Paulus het dwaalleer veroordeel, maar die verkondiging van Christus het hom verbly, al was daar geestelike tekortkominge in die prediker. Ons mag dit moeilik vind om geheel en al met elke bediening van die kerk saam te stem, maar ons kan steeds vreugde daarin vind dat die Woord van God bekend gemaak word. Ons moet ook versigtig wees dat ons nie neerkyk op sulke bedienings wat Christus wel verkondig nie. Want daardeur sal siele moontlik gered word, ten spite van sekondêre strydpunte wat nie ten volle die Here vereer nie.

Ons is wys om lesse uit die lewe van hierdie vreugdevolle man te leer. Daar was in Paulus geen selfsug nie – 'n ware bewys van God se genade. Soos Johannes die Doper, toe hy van Jesus gesé het, "*Hy moet meer word, maar ek minder*". Paulus het hom nie gesteur aan hulle "*met die mening om aan my boeie verdrukking toe te voeg*" nie. Hierdie indiwidue, wat ander deur die lens van hul eie selfsugtige trots beskou het, het verwag dat Paulus soos hulle sou dink en reageer – dat hy gefrustreerd sou wees deur hul vordering. Hulle het hom egter aangemoedig.

*1:19 Want ek weet dat dit deur julle gebed en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot heil sal strek,*
*1:20 volgens my reikhalsende verwagting en hoop dat ek in niks beskaam sal word nie; maar dat Christus met alle vrymoedigheid, soos altyd so ook nou, groot gemaak sal word in my liggaam, of dit deur die lewe of deur die dood is.*

---

**<u>1:19-26</u>** - Vir my is die lewe Christus.

Vers 19 – "(Dat dit) *my tot heil sal strek*" – In hierdie gedeelte is Paulus se houding baie anders as in sy tweede brief aan Timótheüs (sy laaste brief), toe hy ook in 'n Romeinse gevangenis was en verwag het om te sterf. Tydens hierdie geleentheid was daar nie só 'n bedreiging nie (verse 25-26).

Vers 20 – "*Volgens my reikhalsende verwagting en hoop*" – Paulus se verwagting en hoop was dieselfde as alle gelowiges - "*terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus*" (Tit. 2:13). Die sin van die woorde, "*reikhalsende verwagting*", is om op die uitkyk te wees, met die kop regop en uitgestrek. Een skrywer het hierdie woord (apokaradokia) beskryf as "om iets dop te hou met die kop weggedraai van ander voorwerpe, om ander belange te ignoreer". Sommige het gedink dat hul

---

pogings Paulus sou dwarsboom, tot hulle besef het dat hy hulle eintlik nie raaksien nie. Sy oë was gevestig op die "*salige hoop*" - daar waar hul fokus ook moes gewees het.

"*Dat Christus ... groot gemaak sal word in my liggaam*" – Dit word gesê dat 'n kenmerk van 'n goeie dienskneg die vermoë is om hulle wat hy dien goed te laat lyk. Dit was Paulus se oorheersende begeerte om sy Meester te verheerlik. Daardie Een, wie in die hemel bó alles verhewe is, maar deur swak aardse oë as onbelangrik beskou word. Hy sou as die teleskoop dien, om God se heerskappy en sy werklike nabyheid aan die mens te openbaar. Lees ook I Kor. 10:31, "*Die wat roem, moet in die Here roem*".

Vers 21 – "*Want vir my is die lewe Christus*" – Voltooi die sin, "Want vir my is die lewe ...". Dink 'n bietjie aan wat u sou antwoord. Wat is u doelwitte en begeertes? En watter belange behou die meerderheid van u aandag en geesdrif? Sou 'n eerlike antwoord ongeveer die volgende bevat:

- Werêldse plesier?

- Finansiele onafhanklikheid?
- Die vermeerdering van rykdom? Jesus het gesê, “iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie” (Luk. 12.15)
- Aansien, mag of status?
- U familie, gade of kinders?
- Eerlikheid? Eerbaarheid? Opregtheid?

Daar is baie woorde wat mense kon gebruik om só ‘n verklaring te voltooi. Sommige is goeie en redelike antwoorde. Maar wanneer dit kom by “*dinge waar dit op aankom*” (die meer waardevolle dinge), was Paulus slegs tevrede met totale oorgawe. Vir hom het “*is die lewe*” beteken om alles wat hy was en alles wat hy gehad het, prys te gee ter wille van Jesus Christus. Hy het niks vir homself teruggehou nie. Onthou Christus se waarskuwing aangaande ‘n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly (Mat. 16:27).

“*Die sterwe wins*” – Paulus se belangstelling in die dood was nie morbied of as gevolg van selfmoordneigings nie. Lees ook II Kor. 5:8-9. As ‘n man se lewe daaraan oorgegee is om werêldse besittings te bekom, en hy slegs met die dinge van hierdie lewe bemoeid is, dan is dit beslis nie ‘n wins

om te sterwe nie; eerder ‘n verlies, of berou oor wat ons agterlaat. Waar ons skatte is, daar sal ons harte ook wees. Die realiteit is dat die res van ons aardse lewe slegs ‘n paar kort jare beloop, terwyl die hiernamaals ‘n ewigheid sal duur. Hoe kan ons hierdie lewe dan benader soos iets wat ons vir ewig kan vashou? As Christus egter ons alles is, soos met Paulus die geval was, sal die dood geen vrees vir ons inhou nie. Om te sterwe beteken dan om die waardelose dinge van hierdie lewe agter te laat, in ruil vir die teenwoordigheid van Hom wat die lewe self is. “*Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie*” (Kol. 3:2). Laat alles wat u waarlik dierbaar ag, berus in Hom wat ons vooruit gegaan het. Nie soos “*die manne wie se deel in die lewe uit die wêreld is (nie) en wie se buik U vul met u verborge skat … wat weer hul oorskot aan hulle kinders laat agterbly*” (Ps. 17:14). Kyk ook weer na die voorbeeld in Ps. 17:15, “*Maar ek sal u aangesig in geregtigheid aanskou; ek sal versadig word met u beeld as ek wakker word*”.

“O dink daaraan!

Om ‘n oewer te betree, en daardie oewer, die Hemel;

Om ‘n hand vas te gryp, en dan is dit God se hand!

Om ‘n nuwe lug in te asem, en dan is dit hemelse lug!

Om verkwik te voel, en te weet dat dit onsterflikheid is!

*1:22 Maar as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid; en wat ek sal kies, weet ek nie.*
*1:23 Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;*

---

O dink daaraan!
Om oor te gaan, vanaf storm en teistering, na ongebroke kalmte;
Om te ontwaak, en te vind dat dit die heerlikheid is!"

Skrywer Onbekend

Verse 22-23 – "*Ek word van weerskante gedring*" – Paulus het met twee teenoorgestelde begeertes geworstel. Hy het ten seerste gewens om hierdie lewe vaarwel te sê sodat hy by Jesus kon wees. Paulus het swaar gearbei en lang jare gelei in die diens van sy Saligmaker. Ons lees in II Kor. 4, 6 en 11 van sommige van sy ontberinge. Sy lewe was nie maklik of gemaklik nie. Terwyl dit goed was om in Christus se weiveld se arbei, het hy geweet dat dit "*verreweg die beste*" sou wees om in Sy teenwoordigheid te rus. Dus was dít waarna hy verlang het. Dalk is die lewe só goed vir ons dat ons nie saam met Paulus kan sê dat die sterwe wins is nie.

*1:24 maar om in die vlees te bly, is nodiger om julle ontwil.*
*1:25 En dit vertrou en weet ek dat ek sal bly, ja, saam met julle almal sal bly tot julle bevordering en blydskap in die geloof,*

---

**Tersyde**

Daar is 'n paar dinge wat ons oplet in Paulus se verwysing na die dood;

- Die dood is 'n heen gaan, nie 'n einde nie. Dit kan vergelyk word met verhuising, of met 'n skip wat los maak om weg te seil. Dieselfde woord word gebruik in II Tim. 4:6.
- Om "*met Christus te wees*" beteken bewustheid ná die dood, nie sieleslaap nie.

````````````````````````````````````````````````````````````

Verse 24-26 – "*Maar om in die vlees te bly*" – Terwyl "*om heen te gaan*" tot Paulus se wins sou wees, het hy geweet dat "om in die vlees te bly" sy dierbares wat agterbly sou baat. En hy sou so lank as moontlik by hulle bly. Dit wil voorkom asof Paulus se verklaring hiervan dit ook vir hom bevestig het, want hy skryf verder, "*en weet ek dat ek sal bly, ja, saam met julle almal sal bly*". Ons sien weereens hier hoe Paulus die belange van ander voor sy eie
````````````````````````````````````````````````````````````

stel. God het dieselfde opoffering gemaak toe Hy, ter wille van ons saligmaking, tydelik afskeid geneem het van Sy seun.

Ek onthou 'n spotmotor wat ek in my jeug by 'n vertoning gesien het. Al vier wiele was opsetlik skeef aangesit sodat die motor soos 'n bok rondgespring het. Dit was snaaks, juis omdat dit só verspot gelyk het. Baie Christene se lewens is presies so. 'n Malle gejaag tussen die hoë en die lae punte van die alledaagse lewe, waar hul lot bepaal word deur die omstandighede van hierdie veranderende wêreld. Maar wanneer die mens se lewe Christus is, verloor aardse dinge hul dominerende en onderdrukkende beheer oor hom. Veranderende omstandighede beinvloed nie meer sy gevoel van vreugde nie.

# Les 4 – Filippense 1:27-2:8

---

*1:27 Alleenlik, gedra julle waardig die evangelie van Christus, sodat, of ek kom en julle sien dan wel of ek afwesig is, ek van julle omstandighede kan hoor dat julle in een gees vasstaan en, een van siel, saam stry vir die geloof van die evangelie,*

---

In hersiening van wat ons sóver behandel het;

**1:1-11** – Groete, Dankbaarheid, Liefde en Gebed.

**1:12:18** – Christus word Verkondig. Paulus is nie in sy bediening ontmoedig of verhinder deur sy gevangenskap nie. Sy werk het steeds voortgegaan en nuwe bekeerlinge het onder sy invloed gegroei.

**1:19-26** – Vir my is die Lewe Christus. Paulus se een doel was die openbaarmaking en verheerliking van Jesus Christus deur sy lewe.

``````````````````````````````````````````````````````````````

**1:27-2:4** – 'n Waardige Lewe.

Vers 27 – Fokus op Eenheid. Agter die woorde "gedra julle" is daar een woord in die Griekse taal.
``````````````````````````````````````````````````````````````

Dit is die werkwoord van die woord, *polis*, wat stad beteken, soos in “polisie” en ‘metropolis’. In hierdie geval dui dit op die gedrag van ‘n burger van ‘n stad of land, en die optrede van iemand wat aan daardie stad of land getrou is. Paulus se versoek is dat gelowiges hul gedra soos waardige burgers van die evangelie, asof hulle deel is van Christus se land. As ons die voordele van burgerskap geniet, dan moet ons gewillig wees om die verantwoordelikheid van goeie burgers te aanvaar. Paulus het verwag dat die gedrag van God se kinders hul burgerskap waardig sou wees. Ons lewens moet ‘n weerspieëling wees van die boodskap wat ons verkondig. Toe Noag ‘n boodskap van God ontvang het, het hy volgens die inhoud van daardie boodskap gereageer, beide in praktiese voorbereiding en die verkondiging van daardie boodskap (Heb. 11.7; II Pet. 2:5). God se boodskap was ‘n waarskuwing dat Hy die ganse mensdom as gevolg van hul boosheid sou vernietig. Kan u u voorstel dat Noag God se waarskuwing deur middel van ‘n “Christian rock” konsert aan die wêreld kon verkondig. Sou sy metode die boodskap waardig gewees het? Of as hy na die kroeg gegaan het, sodat hy te midde van die drank, vloekery en vuil grappies dalk ‘n kans sou kry om die manne te vertel van God se vreeslike besluit. Sou hierdie metode die boodskap waardig gewees het? Wat van ‘n evangelie teater, of ‘n toneelpop aanbieding met

‘n glas vistenk vol water om voor te stel wat gaan gebeur, of ‘n maatskaplikheids program om die armes te help. Sou enige van hierdie metode só ‘n lewensbelangrike boodskap waardig gewees? Nee, nie een nie! Noag het wyslik die metode gebruik wat in Spr. 1:20-21 beskryf word. Hy het die eenvoudige waarskuwing van God aan sy wêreld bekendgemaak deur daarbuite sy boodskap te verkondig - op die pleine, op die hoeke van die rumoerige strate, in die ingange van die poorte en in die stad. Dit was die enigste metode wat die boodskap waardig was.

“*Die evangelie van Christus*” is ook ‘n boodskap van genade, van ‘n God wie bereid was om die uiterste opoffering te maak, ter wille van sy liefde vir die onwaardige mens. Só ‘n boodskap moet met dieselfde genade en welwillendheid as die Skrywer daarvan gedra word. En met dieselfde bereidwilligheid tot opoffering. In Genesis 24 lees ons van Abraham wat aan sy dienskneg die taak gee om na sy geboorteland te reis en daar vir sy seun, Isak, ‘n vrou te vind. Ons sien dat hierdie getroue dienskneg sy taak met toewyding benader, met dieselfde vrygewige welwillendheid van sy meester. Asof Abraham self daar was. Die taak wat óns Meester aan ons gegee het moet op dieselfde manier benader word. “*Ons tree dan op as gesante om Christus wil*” (II Kor. 5:20), dus moet ons in die

*1:28 en dat julle jul in geen opsig laat afskrik deur die teëstanders nie. Dit is vir hulle wel 'n bewys van verderf, maar vir julle van redding, en dit van God;*

---

Gees van Jesus Christus gaan, met die genade en vrygewigheid van ons Meester.

Ons boodskap is ook van 'n evangelie wat siele roep tot een liggaam, die kerk – dus die eenheid wat in hierdie vers uitgedruk word. Daar is *een* familie in Christus. En ons benadering is met 'n nederigheid wat, waar moontlik, niemand uitsluit nie. Dit is ook deel daarvan om as 'n burger van Christus se evangelie te lewe.

Verse 28-30 – Volharding ten spyte van teëstand.

"*Dat julle jul in geen opsig laat afskrik*" – Hierdie is nie 'n algemene aanmoediging nie, maar wel 'n opdrag aangaande vrees in enige en alle omstandighede. Die boodskap van die evangelie is een van uiteindelike oorwinning. Geloof in dié boodskap benodig dus 'n vertroue in die onfeilbare beloftes van God. Om uit vrees te reageer teen 'n bedreigende wêreld is nie die boodskap wat ons ontvang het waardig nie. "*Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan*

*1:29 omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly,*
*1:30 terwyl julle dieselfde stryd het as wat julle in my gesien het en nou van my hoor.*

---

*doodmaak nie*" (Mat. 10:28).

"*Dit is vir hulle wel 'n bewys van verderf*" – Lees ook II Kor. 2:14-16. Die onbevreesdheid van ware geloof is 'n duidelike getuienis aan die verlore wêreld. Dit is bewys van vertroue of oorwinning, selfs oor daardie grootste vyand, die dood self. Sulke vertroue is nie natuurlik vir die mens nie. Dit is bonatuurlik! Dus is die teenwoordigheid van ware onbevreesdheid in 'n gelowige wat die dood in die gesig staar, 'n onmiskenbare teken van 'n bonatuurlike invloed. Dit dui op 'n verlossing van daardie één vrees wat lewenslank die mens gevange hou – "en *almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was*" (Heb. 2:14-15). Dit is 'n verlossing wat net God kan gee. Lees ook I Pet. 3:6. Toe Esegiël geroep is, het God aan hom gesê, "*wees nie bevrees vir hulle woorde en wees voor hulle aangesig nie verskrik nie*" (Ese. 2:6-7). Ons lees ook in Spr. 29.25, "*Die vrees vir die mens span 'n strik*". Stel u voor die strik wat Sadrag, Mesag, Abednégo en

*2:1 As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is,*

---

Daniel sou gevang het as hulle uit vrees vir die mens gereageer het. Met vertroue in hul God, het hulle geweier om die goddelose vereistes van Nebukadnésar, die koning van die wêreld van daardie tyd, te gehoorsaam. Soos Spreuke 3:26 bevestig, "*Want die HERE sal jou vertroue wees, en Hy sal jou voet bewaar vir die strik*". Die koning was woedend, maar hulle het getrou gebly, selfs toe die dood hulle in die gesig gestaar het. Die getuienis van hierdie manne het sekerlik ook deel gehad daaraan dat koning Nebukadnésar jare later 'n gelowige geword het.

Mattheus 26 vertel van die strik wat Petrus gevang het toe hy, uit vrees vir die Joodse owerhede, sy Heer verloën het. Lees ook Jes. 51:7-8 en 12-13.

## Hoofstuk 2

2:1-4 – Nederigheid.

Vers 1 – Paulus begin hier met onderrig in verband

*2:2 maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin.*
*2:3 Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.*

---

met die aanmoediging, vertroosting, liefde, barmhartigheid en teer gevoelens van die gelowiges. Kosbare lesse oor die handhawing van die liefdevolle en verenigde familie gees van ‘n kerk.

Vers 2 – "*Maak dan my blydskap volkome*" – Paulus fokus weereens op eensgesindheid. Dit was vir hom die grootste vreugde om te weet dat die gelowiges eensgesind was in gees, liefde en verstand. Eensgesindheid wat spruit uit ‘n verpligting om vir ander te sorg is ‘n belangrike tema in hierdie verse. Lees ook Rom. 12:10.

Vers 3 – "*Moenie iets doen uit selfsug*" – Nooit geneig tot partyskap of kliekerigheid nie, waar mede gelowiges hulle onderskei van ander (I Kor. 1). Nooit volgens ons eie program, instede van God se program nie. Sy span moet ons span word.

"*of uit ydele eer nie*" - Nie met die doel om te spog of onsself te verhewe nie. Die afwesigheid van trots is die sleutel tot eenigheid.  Ons lees in I Kor. 13, God

se liefde "*praat nie groot nie, is nie opgeblase nie*". Lees ook Spr. 3:34, waarna verwys word in Jak. 4:16 en I Pet. 5:5.

"*maar in nederigheid*" – Hier sien ons ware nederigheid. Deur onsself minder te ag, sal ons ander onselfsugtig benader. "'n Diepe besef van ons eie (morele) kleinheid" is hoe Thayer nederigheid beskryf het. Om minder van onsself te dink is nie die verkeerde neiging tot *lae* self-aansien nie, maar die korrekte neiging tot *geen* self-aansien. Nederigheid is die eerlike erkenning van ons ongenoegsaamhede, ons totale afhanklikheid van God, en ons bekwaamheid in Hom alleen.

"*moet die een die ander hoër ag as homself*" – Die woord wat hier vertaal is as "*hoër*" is die woord *huperecho*. Dit is in Rom. 13:1 vertaal as "*die magte wat oor hom gestel is*", en in I Pet. 2:13 as "*die koning is as opperheer*", en word nerens anders behalwe in Filippense gebruik nie. Dit dui aan dat ons ander hoer as onsself moet beskou, met ons as hul dienskneg. Lees ook Rom. 12:10. Christus se woorde is steeds waar en word weer hier verduidelik deur sy voorbeeld, "*En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees. Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te*

*2:4 Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n.*

---

*gee as 'n losprys vir baie.*" (Mar. 10:44-45). Daar is egter steeds in ons die bedrieglike neiging om ander met minagting te beskou, as gevolg van hul kultuur, hul ras, of 'n ander verskil met ons. Ons moet onthou wie dit is wat deur God uitverkies is. Soos ons in I Kor. 1:26-29 sien, dit is die dwase, swak, onedele en veragte dinge; dit wat die wêreld as onbelangrik sien. Deur hierdie tipe mense te kies het God verseker dat "*geen vlees voor Hom sou roem nie.*"

Vers 4 – Fokus u aandag en sorg op meer as net u eie belange en behandel ander soos u behandel wil word. Dit is natuurlik reg om na ons eie verantwoordelikhede om te sien, maar as ons soos God will word moet ons tyd en moeite aan ander ook bestee. Dit is God se manier om met sorgsame aandag die behoefdige te hulp te snel. Die Gees se gebruik is om die Seun te verheerlik (Joh. 16:14), en die Seun se gebruik is om die Vader te verheerlik. Ons moet dieselfde metode volg. In 'n wêreld waar selfsugtigheid die norm is, waar dit algemeen aanvaar word dat elkeen slegs na sy eie belange omsien, moet dit ons gebruik wees om God

*2:5 Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.*
*2:6 Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie,*

---

en ander te verheerlik.

**<u>2:5-8</u>** – Christus se Voorbeeld van Nederigheid.

Vers 5 – "*Want hierdie gesindheid moet in julle wees*" – Paulus gee hier instruksie omtrent die houding wat in ons moet wees. Ons moet dieselfde denk gewoontes aankweek wat in Jesus was. Hier sê Paulus hoe ons moet dink!

Vers 6 – "*Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie*" – die woord wat hier as "*roof*" vertaal is, stel die gedagte voor van iets wat kosbaar, of buitgemaak, of vasgehou is. Hierdie vers praat van Jesus se voorkoms. Alhoewel Jesus in wese God is, en Hy voor Sy menswording, in voorkoms God was, het Hy nie daaraan vasgehou toe Hy as 'n mens na die aarde gekom het nie. Hy was bereid om die uiterlike gestalte van God op te offer in Sy soektog na mensesiele.

*2:7 maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;*

---

Vers 7 – "*Maar het Homself ontledig*" – Die oorspronklike woord agter hierdie skrif is *kenosis*, wat beteken "om leeg te maak". Waarvan het Jesus Homself leeg bemaak? Ons sien dat Jesus Sy goddelike gestalte opsy gesit het, deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mens gelyk te word. Sekere aspekte van Sy heerlikheid was vir die tydperk van sy aardse bediening verskuil (Joh. 17:5; 1:14; 2:11). Hy het geen van Sy goddelike eienskappe prysgegee nie, maar het slegs die gebruik en openbaring daarvan beperk. Hy het Homself leeg gemaak en ook die vreugde en rykdom van die hemel agtergelaat (II Kor. 8:9).

Wat het Hom verplig om só baie vir só lank op te offer, ter wille van die onwaardige mensdom? Die antwoord lê in Sy begeerte om die Vader te verheerlik (Joh. 13:31-32; 17:4). Goddelike medelyde het Hom verplig om al Sy voordele en regte op te offer. Hy het die mens se desperate nood gesien en geweet dat Hy self iets moes doen om ons te help. Hy alleen het die oplossing gehad en kon dit nie van ons weerhou nie. Net soos ons die oplossing

*2:8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.*

---

het tot die desperate nood van die mensdom om ons. En ons kan dit nie van hulle weerhou nie. Jesus het gekom as die primêre Sendeling. Die voorbeeld wat Hy gestel het word steeds deur sommige gevolg. Hulle is bereid om alles op te offer en selfs swaar lyding te verduur, ter wille van die verspreiding van die boodskap van hoop. Medelyde teenoor 'n verlore mensdom en die begeerte om die Vader te verheerlik is aan die kern van Christus se sendingwerk en aan die kern van alle sendingwerke. **"*Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was*"**

"*Deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem*" – Die woord "*dienskneg*" is weer die Griekse woord, *doulos*, wat hier 'n besitting voorstel. Soos Paulus en Timótheüs hulself in die diens van Jesus opgeoffer het (1:1), so het Jesus voor hulle Homself in die diens van Sy Vader opgeoffer. Ons sien dat God die term "my Kneg" gebruik wanneer Hy in die Ou Testament van die Messias praat (Jes. 42:1; 52:13).

Vers 8 – "*In gedaante gevind as 'n mens*" – Die woord "*gedaante*" word gebruik in 'n form wat meer as net die voorkoms behels. Dit sluit in die figuur, houding, gesprek, handelinge, lewenswyse, ens. Jesus was 'n normale mens, presies dieselfde as ons.

"*Het Hy Homself verneder*" – Hierdie gedeelte is ooreenkomstig met "*het Homself ontledig*" in vers 7. Die voorbeeld wat Paulus hier in Christus beklemtoon is Sy nederigheid – die totale afwesigheid van ydele trots wat dalk erkenning sou verwag het vir wie Hy is en wat Hy besit. Hierdie tipe nederigheid is vreemd vir die mens wat geneig is om die lewe met ydele trots te benader:

- Die seun moet sy spiere afwys.
- Die meisie is verplig om haar figuur af te wys
- Die man moet sy benydenswaardige kwalifikasies, uitstekende beleggings of spoggerige besittings afwys.

"*Gehoorsaam ... tot die dood toe, ja, die dood van die kruis*" – Jesus het Sy duidelike goddelikheid opsy gesit, toegelaat dat Hy tot die mensdom verlaag word en selfs aanvaar om aan die dood onderworpe te wees. Maar Sy dood was die mees gruwelike en vernederende denkbaar! Ten tye van Jesus se dood,

was kruisiging ‘n form van doodstraf wat Rome by die Fenisiërs aangeleer het. Dit was ‘n uiters wrede manier om te sterf en voorbehou vir die slegste misdadigers. Sy kruisiging tussen diewe was dus die uiterste vernedering. Alhoewel Jesus “*aan die mense gelyk geword*” het, was Hy voor Sy kruisiging só gruwelik aangerand dat Hy nie meer die voorkoms van ‘n mens gehad het nie (Jes. 52:14). Terwyl dit Sy reg was om in majesteit geklee te wees, is Hy in die publiek van Sy mantel en kledingstukke ontneem. Terwyl Hy nie Sy aangesig vir smaadhede en bespuwing verberg het nie (Jes. 50:6), het Hy die skande daarvan verag (Heb. 12:2). In die Joodse kultuur was dit die grootste vernedering om die liggaam van ‘n tereggestelde oornag in die publiek op te hang (Deut. 21:23; Gal. 3:13). Teregstelling deur kruisiging het ook tot gevolg gehad dat die gekruisigde lewend was en hierdie vernedering self moes verduur!

Maar Jesus het nie net Sy duidelike goddelikheid opsy gesit en Homself toegelaat om aan die dood onderworpe te wees nie. Jesus het toegelaat dat Hy deur die werêld as die ergste van kriminele beskou word, en het dus die gruwelikste dood gesterf. Toe ek onlangs met ‘n ou Joodse vriend oor Jesus gesels, het hy die opmerking gemaak dat Jesus slegs ‘n rebel was, in opstand teen die regering van

Sy land. Dit is hoe die Jode Hom vandag nog beskou.

``````````````````````````````````````````````````````````````````````

Let op die ooreenkomstighede tussen Christus se voorbeeld in hierdie skrifgedeelte en Joh. 13, waar Hy in nederigheid die dissipels se voete gewas het;

- Soos Hy "*van die maaltyd opgestaan*" het (Joh. 13:4), het Hy na vore gekom om die mensdom in hul nood te dien.
- Soos Hy Sy bo-klere daar in die boonste kamer uitgetrek het (Joh. 13:4), het Hy die mantel van Sy koninklike heerlikheid, die duidelike bewys van Sy goddelikheid, opsy geplaas (Fil. 2:6-7).
- Soos Hy 'n doek, die kleding van 'n dienskneg, geneem en dit om Hom vasgemaak het (Joh. 13:5), het Hy die "*die gestalte van 'n dienskneg*" aangeneem (Fil. 2:7). In albei gevalle was dit 'n nederige bediening van ander.
- Soos Hy die dissipels bedien het deur hul voete te was, het Hy gekom om gelowiges te dien deur hul van hul sondes te was.
- Na Sy nederige diens aan die dissipels het Hy weer sy bo-klere aangetrek (Joh. 13:12), net
``````````````````````````````````````````````````````````````````````

soos Hy na Sy aardse diens weer bekleed is "*met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was*" (Joh. 17:5).

- Hy het toe weer by die tafel gaan sit (Joh. 13:12), soos Hy nou aan die regterhand van die Vader sit (Fil. 2:9).

- Jesus het toe aan die dissipels gesê dat hulle reg doen om Hom "*Meester en Here*" te noem (Joh. 13:13), soos "*elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is*" (Fil. 2:11).

- Jesus het vreugde uitgespreek oor hulle wat Sy voorbeeld volg (Joh. 13:17), soos vreugde die tema is wat spruit uit Christus se voorbeeld van nederigheid en verheerliking in Filippense 2.

# Vernedering van Jesus Christus

Fil. 2:6-8

**Jesus is God**
In wese **<u>en</u>** in gestalte
vs. 6

Sy **denke** was nederig en opofferend (vs. 6)

Sy **handelinge** was nederig en opofferend (vs. 7)
(Het Homself ontledig van uiterse heerlikheid)

Het die Vader se dienskneg geword (vs. 7)

Het 'n mens geword (vs. 7)

*"Gehoorsaam ... tot die dood toe"*
(vs. 8)

Selfs die dood van die kruis
(vs. 8)

*"Daarom het God*

*Hom ook uitermate verhoog*

*en Hom 'n naam*

*gegee wat bo elke naam is"*

(Fil. 2:9 )

# Les 5 – Filippense 2:9-18

Hersiening;

**2:1-4** – Nederigheid – Hierdie skrifgedeelte fokus herhaardelik op dié gesindheid;

- Vers 2 – "*Deur eensgesind te wees*" – Dat julle almal dieselfde gesindheid sal hê.
- Vers 2 – "*Een van sin*" – Dat julle almal een gesindheid sal hê.
- Vers 3 – "*In nederigheid*" – 'n Beskeie gesindheid.
- Vers 5 – "*Hierdie gesindheid moet in julle wees*" – 'n Bevel om dieselfde gesindheid of sienswyse as Jesus te hê.

Ons sien hier dat God duidelike bevele gee met betrekking tot ons gedagtes, opinies en sienswyses.

**2:5-8** – Christus se Voorbeeld van Nederigheid – Daar is spesiale fokus op Christus se "gestalte" en "gedaante" terwyl Hy op aarde was en dat dit nie nodig was dat Sy goddelikheid aan die wêreld openbaar word nie.

````````````````````````````````````````````````````````````````
````````````````````````````````````````````````````````````````

*2:9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,*

---

**<u>2:9-11</u>** – Christus se Verheerliking.

Vers 9 – "*Daarom het God Hom ook uitermate verhoog*" – "*Daarom*" dui 'n resultaat aan. Christus se vrywillige vernedering as die dienskneg van God en die mens het gelei tot Sy verheerliking. En God het Hom nie net verheerlik nie, maar Hom "*uitermate*" verheerlik. As gevolg van Sy nederige diens is Jesus tot die hoogste majesteit verhoog, die allerhoogste plek van eerbied.

"*Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is*" – Die engel, Gabriel, het aan Maria voorspel, "*Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word*" (Luk.1:32). "*Die allerhoogste*" in die Nuwe Testament is dieselfde as God se Ou Testament naam, El Elyon. El Elyon beteken "*Die Allerhoogste*", die Hoogste Hoë Een of die Sterkste Sterk Een, "*die Skepper van hemel en aarde*" (Gen 14), Hy wat "*mag het oor die koningskap van die mens*" (Dan. 4:17, 25, 32). As Jesus "*die Seun van die Allerhoogste*" is het Hy, as die Seun, dieselfde natuur as die Vader. Hy deel dus met die Vader Sy naam "*wat bo elke naam is*".

*2:10 sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,*

---

In plaas daarvan dat Jesus die heerlikheid wat Syne was vasgehou het, het Hy alle reg tot eer prysgegee. Aan die einde het Hy alles wat Syne was weer teruggekry. En selfs meer. Wat 'n wonderlike resultaat! Hy het eintlik niks verloor nie en aan die einde alles gewin. Hierdie beginsel is ook waar in ons lewens. Die dinge wat ons prysgee om God en ander te dien is nie 'n verlies nie. In God se stelsel is op af en minder meer - "*Elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees*". Die weg tot grootheid in God se oë is nederigheid. Die weg tot ware en voortdurende eer is deur onselfsugtige diens aan ander.

Verse 10-11 – "*Sou buig elke knie . . . elke tong sou bely*" – Hierdie woorde is deur Paulus aangehaal uit Jes. 45:23, waar dit praat van Jehova God, maar hier verwys dit na Jesus Christus. Dit is terloops ook 'n uitstekende vergelyking vir die Jehowasgetuies, want dit is duidelik dat Jesus Christus Jehova is. God se versekering in Jes. 45, dat elke mens gepas sal reageer op die enigste Here kon nie meer sterk gestel wees nie. Hy gebruik die

term, "*Ek sweer by Myself*". Dit was die Hebreeuse gewoonte om by iets te sweer wat groter was as die een wat sweer. Lees ook Heb. 6:13 en Gen. 22:16. Hier is absolute versekering van ongetwyfelde, uiteindelike sekerhede!

Die beginsel wat hier toegepas word is een van totale oorgawe aan Jesus, in elke aspek van ons bestaan. Die selfde absolute gehoorsaamheid wat Jesus teenoor Sy Vader getoon het. Dit impliseer dan ook 'n volkome erns om Sy will in alles te ken. In Luk. 6:46 het Jesus die deurdringende vraag gevra: "*En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie*?". Waarom korrespondeer jul lewens dan nie met dit wat julle bely nie? Die beginsel is 'n volgehoue, daaglikse erkenning van Jesus Christus se heerskappy in ons lewens - ons aksies, besluite, gedagtes, begeertes, visuele belange, meditasies en vermaaklikheid - soos die tydskrifte wat ons lees, die televisie-programme wat ons na kyk, ens.

"*Die wat onder die aarde is*" – Dit kan slegs verwys na die werêld van geslape geeste, die siele van die dooies in die doderyk. Selfs hulle moet uiteindelik die waarheid oor Jesus erken, "*Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers*"

*2:11 en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.*

---


(Rom. 14:9). Hoeveel wyser om nou gewillig voor Hom te buig, as om dit gedwonge te doen, dan wanneer die ewige lot vasgestel is.

"*Dat Jesus Christus die Here is*" – Ons het in Rom. 14:9 gesien dat Jesus gekom het om oor die ganse wêreld te heers. Wanneer die Nuwe Testament na Jesus verwys, word die term, "*Here*", 150 maal meer gebruik as die term, "*Verlosser*". Hy is beslis die Verlosser, maar Hy is ook die Heerser. Soos Petrus in Han. 10:36 gepreek het, "*Hy is die Here van almal*".

Hierdie skrifgedeelte wys hoe Christus deur God tot die hoogste plek vereer word, terwyl die mensdom, in erkenning van Sy majesteit, nederig voor Hom buig. Dit is opvallend hoe die mens se benadering presies die teenoorgestelde is as die van sy Skepper. In Humanisme sien ons die arrogante self-verheerliking van die mens, deur sy waarde, sy belangrikheid, sy vernuf, sy kreatiwiteit, en sy opinie te verhewe. En sodoende ignoreer en verkleineer die mens sy Skepper, die Een wat eintlik waardig is. Jesus Christus is deur die trotse mens

# Vernedering van Jesus Christus

Fil. 2:6-8




verneder, maar deur God hoog verhewe. En op die einde sal die trotse mens nederig voor Hom buig.

*2:12 Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing;*

---

**2:12-18** – Ligte in 'n Donker Wêreld

Verse 12-13 – "*Daarom*" kyk terug na die voorbeeld van Jesus se gehoorsaamheid teenoor Sy Vader, "*deur gehoorsaam te word tot die dood toe",* selfs die dood van die kruis (vers 8). Jesus was gehoorsaam teenoor Sy Vader, "*daarom*" moet ons gehoorsaam wees teenoor ons Vader.

"*soos julle altyd gehoorsaam gewees het ... maar baie meer nou in my afwesigheid*" – Namens God doen Paulus hier 'n beroep op die Filippense gelowiges om versigtig te luister en gehoorsaam te wees, in sy afwesigheid, asof hy teenwoordig is. Hierdie beroep is ook op ons gerig. Ons moet ook net so gou luister en reageer op God se woorde, asof Hy hier by ons is en met ons praat. Dit is vir ons eie beswil. Sulke volkome gehoorsaamheid het nie gelei tot Christus se verlies nie, maar wel tot Sy grootste eer en wins. "Gehoorsaamheid" en "onderdanigheid" is vloekwoorde in ons moderne, humanistiese samelewing, waar die mens se eiewaarde,

selfgelding en persoonlike betekenis troon bo alles om hom. Maar God se siening is nie so nie. Gehoorsaamheid is steeds die weg tot God se seëning.

"*Werk julle eie heil uit*" – Hier is 'n bevel om die saligheid wat ons reeds in Christus besit tot voltooing uit te werk. Paulus praat nie hier van uitwerk in die sin van verdien nie. God weerspreek Homself nie, en soos ons in Efe. 2:8-9 sien, "*Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie*". Verlossing van die *straf* van sonde is geheel en al 'n gawe van God. Verlossing van die *mag* van sonde is egter 'n saak waarin ons moet deelneem. Paulus praat hier van die verwesenliking, in die praktyk, van die waarheid van ons verlossing, die beoefening van wat ons in wese is en ons volle potensiaal in Christus uit te werk. Dit is asof ek 'n goudmyn geerf het en nou nog moet delf om besit te neem van dit wat myne is. Ek moet dit verwerk as ek die volste gebruik wil maak van wat ek ontvang het. Net so moet ek my saligmaking ten goede aanwend, deur die kosbare erts van goddelike karakter uit die goudmyn van verlossing to delg. Ek moet myself daarmee versier en dit aan ander beskikbaar maak, deur te spits op 'n duideliker getuienis, 'n meer toegewyde bediening, 'n skoner

lewe, ‘n wyer hulpvaardigheid, uitgebreide geduld, ens. Die verlede lê begrawe, die huidige is veranderend, maar die toekoms is verseker. *Alle heil aan God!* Merk die kontras tussen “*werk julle … uit*” (vers 12) en “*in julle werk*” (vers 13). Dit is ons voorreg dat God in ons werk. Dit is dus ook ons verantwoordelikheid om in ons daaglikse wandel uit te werk wat Hy in ons werk.

Let op dat Paulus melding maak van daardie wonderlike besitting “*julle eie heil*”. Dit is die plan wat God ter wille van ons ten uitvoer gebring het. Al was dit ten koste van Christus se bloed. Dit is werklik die grootste voorreg om so ‘n verlossing van God te ontvang het. En daarmee is dit ook my verantwoordelikheid om te lewe soos iemand wat verlos is, en Sy wonderlike geskenk waardeer – “*die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here*”. Is u dalk steeds sonder hierdie wonderlike besitting?

“*Met vrees en bewing*” – Hierdie woorde praat van die mees intense erns om dit te doen wat ons God behaag. Nie omdat ons daardeur die saligheid behou nie, maar sodat ons Hom nie teleurstel of Sy doel verydel nie. Ons vertroue is ook nie in onsself nie, maar in God - “*Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar*” (Jud. 24). “*Wie meen dat*

*2:13 want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.*

---

*hy staan, moet oppas dat hy nie val nie*" (IKor. 10:12).

"*Want dit is God wat in julle werk*" – Daar is 'n interresante kontras tussen verse 12 en 13 wat die ware balans in die Christen se lewe beskryf. Ons sien dikwels skrifgedeeltes wat die indruk skep van spanning tussen goddelike almag en menslike verantwoordelikheid. Daar is beslis 'n geheimsinnige verband tussen die twee, maar die mens kan dit nie verklaar nie. Lees ook Joh. 6; Heb. 13:20-21; I Kor. 15:10 en Jud. 20-25.

"*Om te wil sowel as om te werk*" – God handel met ons wil, dit wat ons hart begeer of voorneem om te doen, sodat goeie en regte begeertes in ons aksies openbaar word. God is betrokke in albei ons wil en ons werk - ons doeleindes en ons praktyke. Ons word ook nooit beveel om te wag tot die begeerte om reg te doen in ons plaasneem voordat ons dit doen nie. God ondersteun nie die algemene idee, "om God lief te hê en te doen soos ons wil" nie. God verwag dat ons Hom sal liefhê en sal doen wat Hom behaag, al is dit nie juis wat ons wil doen nie, met

die versekering dat Hy in ons werk om die regte wil te kweek vir die regte take.

"*Na sy welbehae*" – Wat 'n wonder, dat God plesier vind in die wil en die werk van Sy kinders! Lees ook Heb. 11:5, Dan. 9 en II Tim. 2:4.

Vers 14 – "*Doen alles sonder murmurering en teëspraak*" – Hoeveel dinge? Ons moet verstaan dat hierdie woorde geskryf is as 'n direkte bevel van God. Dit word nie voorgestel as 'n keuse nie. "*Murmerering*" is om te mompel, die bedekte uitdrukking van ontevredenheid. Nie die blatante teenstrydigheid van 'n openlike rebel nie, maar die agteraf gebrom van 'n geheime rebel.

"*Teëspraak*" is die twissoekerige betwyfelings van iemand wat met alles fout vind, soos:

- *Met God* – Deur Hom, wat Sy heel beste vir ons gegee het, as 'n vyand te beskou. In Spr. 19:3 sien ons 'n man wat, as gevolg van sy eie dwaasheid, fout vind met God. Soos Adam se subtiele poging om God te blameer vir "*Die vrou wat U gegee het om*

*2:15 sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld,*

---

*by my te wees*" (Gen. 3:12), nadat hy op heterdaad betrap is in die dwaasheid van sy eie perverse keuse. En Dawid, toe hy God geblameer het vir die dood van Ussa (II Sam. 6), nadat hy God se instruksies met betrekking tot die vervoer van die ark geignoreer het. God is nooit te blameer vir ons ellendes nie. Dit is die resultaat van ons eie sondes.

- *Met ander* – Lees ook Jak. 5:7. Jakobus vra dat ons geduldig sal wees met mekaar. "*Moenie teen mekaar sug nie*" praat van iemand wat afgunstig, brommerig of geirriteerd is.

Wat God in ons soek is 'n eenvoudige, getroue en gewillige blymoedigheid met betrekking tot Sy bevele en dié van ander wat oor ons gesag voer.

Vers 15 – "*Sodat julle ... kan wees*";

- "*Onberispelik*" – Sonder fout of gebrek,

skuldeloos.

- "*Opreg*" – Eerlik, onskuldig, eenvoudig. Die letterlike betekenis is "ongemeng", sonder vermenging met enige kwaad of onheil.
- "*Kinders van God sonder gebrek*" – Onbesmet, sonder enigiets wat onwaardig is van God se kinders.

"*Te midde van*" – Terwyl ons nie "*van die wêreld*" is nie, het God bepaal dat ons "*in die wêreld*" sal wees (Joh. 17). En soos God Israel tussen die nasies van die wêreld geplaas het, het Hy ons "*te midde van*" ons eie geslag geplaas, waar die impak van ons getuienis die kragtigste sou wees.

"*Julle skyn soos ligte in die wêreld*" – Elke geslag is ewe oneerlik en bedorwe. Sonder God is die mens van natuur verduister in sy "*onverstandige hart*" (Rom. 1:21) – "*mense wat verduisterd is in die verstand*" (Efe. 4:18). En hierdie toestand bestaan vanaf daardie eerste dag toe Adam die mensdom in die duisternis van sonde gedompel het. God verwag egter dat Sy kinders sal "*skyn soos ligte in die wêreld*". Want "*God is lig, en geen duisternis is in Hom nie*" (I Joh. 1:5). Dit is God se natuur om lig te wees en die donker uit te dryf, en Hy gebruik ons, Sy kinders, om hierdie aardse taak te verrig. Ons is

slegs die aardse lampe waardeur God se lig skyn. Om toe te laat dat ons lewens besoedel word deur enige korrupte, skadelike invloed, verminder ons die intensiteit van daardie lig. Die gebou waar ons drukkery gevestig is was vir jare 'n houtwerk fabriek. Toe ons intrek het dit gelyk asof die vorige eienaars nooit die ligte skoongemaak het nie want daar was 'n dik laag stof op al die lampe. Die verskil was onmiddellik merkbaar nadat ons die plek skoongemaak het. Stel u voor die verskil in helderheid van daardie lampe, toe daar geen bedekking was wat die lig verhinder het nie. Dit is dieselfde met ons wat Syne is, en ons vermoë om God se lig onverhinderd deur ons te laat skyn, as daar geen kompromis of onheil in ons lewens is nie. Soos 'n lamp wat helder gloei in 'n stoorkamer, terwyl die res van die fabriek donker is sonder ligte. 'n Lig moet skoon wees en te midde van die besige wêreld, om die waarheid van God se woord duidelik te laat voort skyn.

Paulus haal hier aan uit Deut. 32:5, waar God deur Moses vooruit gekyk het na 'n toekomstige tyd, wanneer Israel se merk nie meer God se merk sou wees nie. Kompromie met onheil sou veroorsaak dat God se merk van eienaarskap op hulle besmet word met wêreldse korrupsie (Deut. 32:10-22). En hul identiteit, daardie duidelike bewys van God se

*2:16 deurdat julle die woord van die lewe vashou, my tot 'n roem teen die dag van Christus, dat ek nie verniet geloop of verniet gearbei het nie.*

---

karakter in hulle, sou verdwyn. Hulle het die Heidene se maniere aangeneem en God jaloers gemaak. Hy sou hulle dus jaloers maak deur die Heidene aan te neem (vers 21). Sy volk het soos die wêreld geword en hul getuienis het verwronge geraak. Toe die nasie van Israel die beloofde land van Kanaän binnegevaar het, was hulle soos 'n gloeiende vakkel, die helder lig van God se karakter te midde van die heidense duisternis van die verdorwe en korrupte Kanaäniete. Dit was God se doel om deur Sy lig die duisternis tussen die heidene uit te wis, maar daardie lig het egter geleidelik vervlou totdat Sy volk self in duisternis gedompel was. Daar was uiteindelik geen verskil tussen Israel en die Heidene nie. Dit is presies dieselfde rigting waarin Satan op subtiele wyse poog om die kerk te beweeg. Maar God roep ons om ons identiteit te bewaar, ons kenmerkendheid te behou en ons lig helder te laat skyn.

Vers 16 – "*Deurdat julle die woord van die lewe vashou*" – Paulus versoek die Filippynse gelowiges om rotsvas te staan in hul getuienis, soos 'n lamp

*2:17 Maar al word ek as 'n drankoffer uitgegiet oor die offer en bediening van julle geloof, verbly ek my, ja, verbly ek my saam met julle almal;*

*2:18 en om dieselfde rede moet julle ook bly wees en julle saam met my verbly.*

---

wat in 'n donker plek omhoog gehou word. Hy sien hulle ook as lig draers, om sy werk voort te sit, en die waarde van sy lewe en sy arbeid te bevestig, sodat hy met 'n geruste gemoed in Christus se teenwoordigheid verheug sal wees.

"*My tot 'n roem teen die dag van Christus*" – Hier is 'n teer versoek dat hulle hul lewens sal belê in volgehoue toewyding tot skitterende Christen getuienis, met die oog op Paulus se eer, beloning en vreugde voor die Here. Wat hulle kies om te word sou die mate van Paulus se vreugde voor die Here affekteer.

Verse 17-18 – Gebroke en uitgegiet. Paulus gebruik hier die Ou Testament beeld van 'n drankoffer wat uitgestort is. As die opoffering van sy lewe in die diens van die Here te weeg bring dat daar 'n oes van geloof in ander ontstaan, dan beskou hy dit met die grootste vreugde. Soos die kosbare nardussalf wat oor die Here gestort is, so was Paulus gewillig om sy kosbaarste besitting vir Christus uit te stort. Soos

ons vroeër in Christus se voorbeeld gesien het, elke opoffering wat ons vir God maak word uitendelik ‘n beloning. Beslis nie ‘n verlies of iets om oor te treur nie.

"*Moet julle ook bly wees en julle saam met my verbly*" – Elke ongerief en ontbering wat Paulus in Christus se diens ondervind het hom verheug. Paulus versoek sy vriende in Filippi om saam met hom verheug te wees, instede daarvan om te treur oor sy ontberinge.

"*Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.*"

"*Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want só het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.*"

"*Julle is die sout van die aarde ... Julle is die lig van die wêreld*" (Mat. 5:11-14).

*"Want ek het niemand*
*van dieselfde gesindheid*
*wat julle belange*
*opreg sal behartig nie;*
*want hulle soek almal*
*hul eie belange, nie dié*
*van Christus Jesus nie."*

(Fil. 2:20-21)

# Les 6 – Filippense 2:19-30

---

*2:19 En ek hoop in die Here Jesus om Timótheüs gou na julle te stuur, sodat ek ook welgemoed kan wees as ek julle omstandighede te wete gekom het.*

---

Hierdie gedeelte bevat 'n versameling van voorbeelde wat die Here deur Sy apostel aan die Filippense, die mees getroue van Paulus se kerke, en ook aan ons, voorlê. Die eerste voorbeeld is dié van Christus self, en hoe Hy deur die Vader bo alles verhewe is as gevolg van Sy bereidwillige vernedering en selfverloëning. Paulus pas dan die Here se voorbeeld aan by ons lewens, deur homself op dieselfde manier op te offer. Hy is duidelik gewillig om homself as 'n offerande uit te giet in die diens van ander.

**2:19-24** – Timótheüs die Onbaatsugtige Herder.

Vers 19 – "*Ek hoop in die Here Jesus om Timótheüs gou na julle te stuur*" – Soos ons in die eerste vers van hierdie boek sien, Timótheüs was saam met Paulus in Rome. Hy was 'n stil jong man wat met oorgawe tot die Here se werk saam met Paulus gearbei het. As ons kyk na alles in die bybel wat op

Timótheüs betrekking het, blyk dit dat hy 'n begaafde geestelike leier was – 'n herder van herders. Hy het nie die sterk, lewendige persoonlikheid van Paulus of Titus gehad nie. Hy was ook nie 'n skitterende, welsprekende redenaar soos Apollos nie. Timótheüs was waarskynlik skaam en teruggetrokke (II Tim. 1:7), maar hy was 'n man op wie kon vertrou word om 'n standvastige en gewillige dienskneg te wees. 'n Goeie voorbeeld vir dié van ons wat self teruggetrokke en skaam is. Timótheüs het nie sy teruggetrokke geaardheid, of sy "*herhaalde ongesteldhede*" (I Tim. 5:23) gebruik as 'n verskoning om die Here se werk te vermy nie. 'n Ware liefde vir God en die verlore mensdom word nie sommer deur sulke struikelblokke gedwarsboom nie. Timótheüs het sy huis, sy familie, en alles wat bekend en gemaklik was, agtergelaat om saam met Paulus die onbekende aan te durf. Om gewilliglik die moeilikste take te aanvaar, om deurentyd tegemoetkomend en gehoorsaam te wees, om sy eie voorkeur prys te gee, en om tot die bittereinde Christus se lojale dienskneg te wees. Volgens oorlewering leer ons dat Timótheüs in later jare die biskop van Éfese was, totdat hy onder die keiserskap van Domitianus of Nerva 'n martelaarsdood gesterf het.

"*Sodat ek ook welgemoed kan wees as ek julle*

*2:20 Want ek het niemand van dieselfde gesindheid wat julle belange opreg sal behartig nie;*

---

*omstandighede te wete gekom het*" – Paulus was gretig om terugvoering te verkry oor die geestestoestand van die Filippense gelowiges. Hy kon op Timótheüs vertrou om 'n akkurate waardering te maak. Hy was ook vol selfvertroue dat Timótheüs se verslag bemoedigend sou wees.

Vers 20 – "*Want ek het niemand van dieselfde gesindheid*" – In Timótheüs het Paulus 'n geesverwant gehad soos geen ander. Hy was *'n betroubare boodskapper* (Spr. 25:13), een wat dinge presies soos hy self sou sien. Hy het ook Timótheüs se hart geken, en geweet dat Timótheüs hulle met dieselfde sorg en liefde as hy sou behandel. Timótheüs was inderdaad 'n rare en waardevolle skat.

"*Wat julle belange opreg sal behartig*" – Die woord, "*Opreg*", beskryf Timótheüs se benadering tot alles. Daar was geen valsheid in hom nie. Die woord wat hier vertaal is as "*behartig*", word ook in Fil. 4:6 vertaal as "*besorg*", in die sin van angstige kommer. Dit is 'n kragtige woord wat 'n mate van intensiteit voorstel. Timótheüs het die onselfsugtige, eerlike

*2:21 want hulle soek almal hul eie belange, nie dié van Christus Jesus nie.*

---

hart van 'n geestelike herder gehad. 'n Herder wat ywerig die belange van ander bevorder het en hier deur Paulus uitgesonder word.

Vers 21 – "*Want hulle soek almal hul eie belange*" – Daar is tot 'n mate in almal van ons die natuurlike neiging om ons eie belange voor dié van ander te plaas. Selfs in die dinge wat ons vir die Here doen kan ons eie gemak en voorkeur 'n groot invloed hê. Soos H.A. Ironside geskryf het, "Dit is moontlik om 'n bewonderingswaardige onderwyser te wees, aan wie se lippe duisende hang, of 'n welsprekende evangelis, met gretige skares wat hulle verlustig in sy boodskap. Tog kan hy ook 'n ydele selfvoldane persoon wees, wat dié Godgegewe gawe gebruik vir selfverheerliking, of om rykdom te bekom terwyl hy voorgee dat geld nie vir hom belangrik is nie". Dit was die selfsugtige houding van die Joodse teruggekeerdes in Judea wat die Here verplig het om hulle te berispe deur die profete, Haggai en Sagaria. Ons sien ook die subtiele waarskuwing in Spr. 20:6, "*Baie mense roem hulle eie welwillendheid, maar wie vind 'n betroubare man?*". 'n Man wat gevul is met die gees van ware goddelike

*2:22 Maar julle ken sy beproefdheid, dat hy, soos ‘n kind teenoor sy vader, saam met my in die evangelie gedien het.*

---

leierskap is altyd gewillig om sy eie belange op te offer ter wille van ander. In Eks. 32:32 sien ons hoe Moses by God pleit om die volk se sondes te vergewe en sy gewilligheid om homself in hul plek te offer. In Rom. 9:3 skryf Paulus van sy bereidwilligheid om ‘n vervloeking te wees om sy blinde volk te red. Waar is die ware godvresende leiers wat iets van hierdie selfopoffering in hul harte dra? Sulke manne en vroue het nog altyd ‘n blywende, betekenisvolle indruk op hul geslag gemaak. Slegs hulle kan. En terwyl dit die mens se natuur is om na sy eie belange om te sien, en nie dié van Christus Jesus nie, was Timótheüs ’n man wat Filippense 2:4, en meer, nagestreef het.

Vers 22 – “*Maar julle ken sy beproefdheid*” – Timótheüs was een van Paulus se geselskap toe hulle in Filippi aangekom het. Hy was ‘n jong man in opleiding nadat hy in Suid-Galasië by hulle aangesluit het. Ons lees in Hnd. 16:2 van hom, “*Hy het goeie getuienis gehad van die broeders in Listre en Ikónium*”. Timótheüs se opregtheid was dus wel bekend aan die kerk van Filippi.

“*Soos ‘n kind teenoor sy vader*” – Timótheüs het onder Paulus se bediening tot bekering gekom gedurende Paulus se eerste sendingsreis. Hy was dus Paulus se eie seun in die geloof. In II Tim. 1:2 en I Kor. 4:17 sien ons dat Paulus na hom verwys as, “*my geliefde en getroue seun in die Here*”. Oor die jare het ‘n innige verhouding tussen hulle ontwikkel. Timótheüs was een van Paulus se mees konstante metgeselle, en geen ander mede-werker word meer in Paulus se briewe genoem nie. Hul verband was hegter as dié van mede-werkers, meer soos die van ‘n vader en seun. Paulus het Timótheüs innig lief gehad en sy bewondering vir Timótheüs se uitstaande karakter en getrouheid is duidelik. Daar was ander wat oor die jare vir Paulus en die Here se diens verlaat het, maar Timótheüs het getrou gebly. Timótheüs se grootste gawe was sy betroubaarheid, en Paulus het geweet dat hy op hom kon staat maak.

Dit blyk dat die ondersteuning van jong kerke Timótheüs se hoof werk geword het. Nadat Paulus se span ‘n kerk gestig het, het Timótheüs ‘n ruk lank agtergebly om die jong gemeente by te staan. Hy was veral begaafd in bemoediging en onderrig en die aankweking van nuwe gelowiges. Dit is waarskynlik dat Timótheüs se mees betekenisvolle bydrae tot die stigting van Christus se kerk in

*2:23 Ek hoop dan om hom dadelik te stuur, so gou as ek sien hoe dit met my sal gaan;*
*2:24 en ek vertrou in die Here dat ek self ook spoedig sal kom.*

---

Efesië plaasgevind het (II Tim. 1:4). Timótheüs was steeds daar, toe Paulus, aan die einde van sy lewe, versoek het dat Timótheüs hom in Rome besoek (II Tim. 4:9, 21).

Verse 23-24 – "So gou as ek sien hoe dit met my sal gaan" – Dit blyk dat Paulus, na vier jaar as 'n gevangene sonder 'n verhoor in Rome, verwag het dat 'n beslissing oor sy gevangenskap binnekort sou bereik word. Ons sien weer 'n vertroue in hom dat hy vrygelaat sou word (1:25). Dit word volgens oorlewering aanvaar dat Paulus na hierdie eerste periode van aanhouding vrygelaat is en dat hy 'n paar jaar langer sy sendingwerk voortgesit het. Dit is nie bekend waar of hoe vêr hy gereis het voor hy weer 'n laaste maal gearresteer is nie.

**2:25-30** – Epafrodítus, die Onselfsugtige Dienskneg.

Epafrodítus word vlugtig en slegs in hierdie boek van die bybel genoem, maar daar is genoeg inligting

*2:25 Maar ek het dit noodsaaklik geag om Epafrodítus, my broeder en medewerker en medestryder, julle afgevaardigde en bedienaar van my behoefte, na julle te stuur,*
*2:26 want hy het na julle almal verlang en was besorg, omdat julle gehoor het dat hy siek was.*

---

om te sien dat hy 'n waarlik toegewyde dienskneg was. Hy word dus deur Paulus voorgestel as nog 'n voorbeeld van 'n goddelike leier. Epafrodítus was 'n gemeentelid en die "boodskapper" van die kerk by Filippi. Hierdie kerk wat Paulus só innig lief gehad het, het Epafrodítus namens hulle na Rome gestuur, met 'n geskenk vir Paulus, en om hom op enige ander manier behulpsaam te wees.

Vers 25 – "Ek het dit noodsaaklik geag" – Dit wil voorkom asof daar 'n mate van onwilligheid in Paulus was. Asof hy sou verkies het om Epafrodítus langer by hom te hou. Dit is die uitwerking van 'n goddelike karakter. Gelowiges sal altyd geneig wees om só 'n persoon se geselskap te geniet.

Verse 26-27 – "Hy ... was besorg" – Terwyl hy in Rome was het Epafrodítus 'n dodelike siekte opgedoen. Die aard van die kwaal en die oorsprong daarvan is nie bekend nie, maar Epafrodítus was waarskynlik vir 'n tyd lank siek. Nuus van sy

*2:27 Want hy was ook siek tot by die dood; maar God was hom barmhartig, en nie hom alleen nie, maar ook my, dat ek nie droefheid op droefheid sou hê nie.*

---

toestand het sy geliefdes in Filippi bereik en 'n boodskap aangaande sy gemeente se verdriet het reeds in Rome aangekom. Dit is merkwaardig dat Epafrodítus se gedagtes op hul besorgdheid oor hom gefokus was, en nie sy eie ongesteldheid nie. Net soos Paulus, en God self, was sy gedagtes ingestel op die versorging en bemoediging van sy kerk - 'n wonderlike voorbeeld van die onselfsugtige dienskneg. Dit is slegs deur die invloed van die Heilige Gees dat God se kinders waarlik die belange van ander voor hul eie plaas. Ons sien die Vader se werk in hulle, en Sy aanhoudende sorg vir die gelowiges.

Paulus se vier voorbeelde volg dieselfde patroon.

- Jesus Christus het Homself ter wille van God en die mens opgeoffer, selfs deur op die kruis te sterwe.
- Paulus was verheug dat sy opoffering die geloof van ander teweeg gebring het.
- Timótheüs het alle eer en selfverheerliking prysgegee sodat hy die opregte dienskneg van

ander kon wees.

- Epafrodítus se onselfsugtige diens ter wille van sy kerk en ander gelowiges het byna sy lewe gekos.

Let op hoe Paulus se fokus geleidelik skuif totdat dit op 'n gewone, alledaagse man rus. 'n Man soos ek en u.

- Jesus Christus is inderdaad die perfekte voorbeeld. Maar wat Hy gedoen het is egter wat ons van die onbeperkte liefde van die Seun van God sou verwag. En die werklikheid van só 'n opoffering gaan ons verstand te bowe.

- Paulus was 'n wonderlike model van nederigheid en getrouheid. Hy is onder die mees merkwaardige omstandighede deur die Here gered en bevoeg. Jesus Self het hom in die wildernis opgelei, en ons kan maklik verstaan dat só 'n persoon getrou sal wees. Dit is egter onwaarskynlik dat die alledaagse gelowige met Paulus se voorbeeld kan identifiseer.

- Timótheüs was meer soos ons ordinêre Christene. Maar hy was ook een van Paulus se mees geliefde dissipels, en jare onder die

wakende oog van só ‘n leermeester sou van hom ‘n gewillige medewerker gemaak het – ons sien sy naam gereeld in die apostel se briewe. Dalk ook ietwat buite ons bereik.

- Maar Epafrodítus was ongetwyveld een van ons. Hy was ‘n doodgewone, onbekende dienskneg wat maar min aandag getrek het. Ons behoort maklik met hom te kan identifiseer.

Elkeen van hierdie mans illustreer dieselfde basiese beginsels van onderdanigheid en persoonlike opoffering. En in elkeen van hulle is die nederige hart van Christus ryklik beloon.

“*Dat ek nie droefheid op droefheid sou hê nie*” – Paulus het geweet dat Epafrodítus se dood vir homself ‘n wins sou wees, maar dit sou nietemin die diepste smart in Paulus veroorsaak het. Die smart wat ons ondervind met die dood van ‘n dierbare gelowige is nie die hopelose droefheid van die ongelowige wêreld nie, maar dit is ‘n natuurlike reaksie in die mens. Al glo ons in die opstanding, en al weet ons dat die siel van ‘n gelowige veilig by ons Verlosser is. Jesus het self geweën met die sterfte van Lasarus, al het Hy geweet dat Hy hom weer lewend sou maak. Wanneer daar ten tye van só ‘n verlies ‘n gebrek aan barmhartigheid in ons is, kan

ons die Here vra om ons daardie gevoeligheid te leer.

````````````````````````````````````````````````````````````

## Tersyde

Epafrodítus was sonder twyfel een van Paulus se geliefde medewerkers. Die siekte wat hy opgedoen het terwyl hy saam met die apostel in Rome was het byna sy lewe gekos, en Paulus verwys na die smart wat Epafrodítus se dood hom sou besorg het. Ons vind egter geen melding van geloofsgenesing nie. Volgens hierdie skrifgedeelte blyk dit dat Epafrodítus na baie dae en deur natuurlike genesing gesond geword het. Dit wil dus voorkom dat die godgegewe vermoë om 'n sieke deur gebed te genees nie altyd beskikbaar was nie, selfs vir iemand soos Paulus. Die feit dat hy Epafrodítus nie genees het nie kan slegs beteken dat Paulus nie in staat was om hom te genees nie. Dus moet ons aflei dat die gawe van geloofsgenesing, selfs gedurende hierdie periode van merkwaardige wonderwerke, nie 'n algemene verskynsel was nie. Dit was eerder 'n gawe wat die Here op spesiale geleënthede en met 'n spesifieke doel toegelaat het. Daar is geen aanduiding in enige van Paulus se briewe dat hy enigeen se genesing as sy reg beskou het nie, al was dit iemand soos die getroue Epafrodítus. Ons sien
````````````````````````````````````````````````````````````

ook geen teken dat hy geglo het dat hy of enige ander heilige automaties sulke spesiale vermoëns as ‘n geestelike geboortereg ontvang het nie. Sulke dwaasheid is nie deur Paulus verkondig of voorgestel nie. Hy het verstaan dat Epafrodítus se natuurlike genesing en die uitwerking van alle geestelike gawes slegs deur God se keuse en deur Sy genade plaasgevind het.

Daar is ook geen aanduiding dat Epafrodítus se siekte as gevolg van onbeleide sonde of ‘n gebrek aan geloof was nie. Die teenoorgestelde blyk eerder die geval te wees. Soos met Job, was sy lyding as gevolg van ‘n godvresende karakter, nie ‘n goddelose karakter nie. Dit is waarskynlik dat sy toestand veroorsaak is deur jare van onselfsugtige diens ter wille van ander.

Sy siekte word ook nie toegeskryf aan die werk van Satan nie. Daar is geen melding van pogings om Satan te bestraf, of gebede teen hom nie.

Dit is ook interessant dat ons nêrens in die Bybel lees dat Paulus en sy mede-werkers mekaar wonderbaarlik genees het nie. Soos ons in II Kor. 12 lees, Paulus self het deur die jare aan een of ander kwaal gelei wat nooit genees is nie. Toe Epafrodítus met ‘n voortdurend maag probleem gesukkel het, is

*2:28 Ek het hom dus des te spoediger gestuur, sodat julle hom kan sien en julle weer verbly en ek minder bedroef kan wees.*

---

hy slegs aangeraai om water te vermy (I Tim. 5:23). Trófimus was steeds siek toe Paulus hom in Miléte agtergelaat het (II Tim. 4:20). En soos ons hier sien, Epafrodítus het deur natuurlike genesing gesond geword.

Vers 28 – "*Ek het hom dus des te spoediger gestuur*" – Paulus was bewus daarvan dat hul geliefde vriende in Filippi bekommerd was oor hul boodskapper se siekte. Hy was dus gretig om Epafrodítus so gou as moontlik nadat hy herstel het na hulle terug te stuur.

"*En ek minder bedroef kan wees*" – Die kommer van die Filippeinse gelowiges het 'n direkte invloed op Paulus se eie vreugde gehad. Ons sien die Here se wonderlike invloed in die bedagsaamheid van Sy dienskneg. En God verwag dieselfde liefdevolle benadering in elkeen van ons. Dit is slegs ons sonde wat die Heilige Gees se invloed in ons verydel en God se liefde in ons demp. Ons moet onthou dat die

*2:29 Ontvang hom dan in die Here met alle blydskap en hou sulke manne in eer.*
*2:30 Want ter wille van die werk van Christus het hy tot naby die dood gekom en sy lewe gewaag om aan te vul wat julle kortgekom het in die diensbetoning aan my.*

---

eerste en belangrikste vrug van die Gees liefde is (Gal. 5:22).

Vers 29 – "*En hou sulke manne in eer*" – Sulke uitgesoekte juwele moet waardeer word, want dit verheug die Here om hulle te vereer. Epafrodítus het homself nie as eerbaar of belangrik beskou nie, en hy was bereid om die nederige posisie te aanvaar en die geringe take te verrig. Hy het homself en sy eie belange vrywilliglik ter wille van ander opgeoffer. Epafrodítus het Jesus se voorbeeld gevolg deur die rol van 'n dienskneg aan te neem - 'n man sonder status in die samelewing. En as gevolg van sy nederigheid moes hy deur hulle vereer word. Dit is ook hierdie tipe gelowiges wat eendag deur die Here Self vereer sal word. "*Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog*" (Jak. 4:10).

Vers 30 – "*Het hy ... sy lewe gewaag*" – Die Griekse woord wat hier vertaal word as "*lewe gewaag*" is 'n kombinasie van twee woorde, *para* (παρα), wat

beteken om iets op sy of eenkant te sit en, *ballo* (βαλλω), wat beteken om te gooi. Dit het ontstaan uit 'n Romeinse dobbelspel, waar die spelers skerpgemaakte stokke gegooi of laat val het, dus die denkbeeld van gewaagdheid of risiko, of om die lewe aan gevaar bloot te stel. Epafrodítus het beslis sy lewe aan gevaar blootgestel terwyl hy saam met Paulus gewerk het. Dalk het hy, ten spyte van swak gesondheid, aangehou werk totdat hy uiteindelik dodelik siek was, 'n bewys van bereidwilligheid om selfs sy lewe op te offer ter wille van ander. Wat ons dalk as dwaasheid sou beskou, word hier deur Paulus vereer, en voorgestel as 'n benydenswaardige voorbeeld. Ons kan ook na dievolgende kyk:

- Dawid se dapper krygers, wie die vyand se linies aangedurf het, sodat hulle hul koning se versoek om water uit Bethlehem se put kon vervul (I Kr. 11:15-19).

- Esther, wie haar lewe gewaag het ter wille van haar volk in Persië (Est. 4).

- Die gelowiges wie deur die skrywer van Hebreërs vereer is (Heb. 10:33). Hulle het "*deelgenote geword*" met dié wat "*deur smaad en verdrukkinge 'n skouspel geword het*", en was barmhartig teenoor die skrywer terwyl hy 'n gevangene was (vers 34).

“*Die vriend het altyd lief, en die broer word gebore met die oog op die nood*” (Spr. 17:17).

“*Om aan te vul wat julle kortgekom het in die diensbetoning aan my*” – Paulus impliseer nie dat hulle ook daar by hom moes gewees het nie. Hy verwys slegs na die waardevolle diens wat hul nederige verteenwoordiger aan hom gelewer het.

Paulus beklemtoon herhaaldelik die noodsaaklike Christen beginsel van *ander*. Om ander eerste te plaas en meer vir ander te lewe as vir onsself. Dit is die sleutel tot ‘n vreugdevolle bestaan. Maar veel meer belangrik is dat dit God se doel vir sy kinders is - Sy doel vir ons want dit is Sy verpligting teenoor ons.

Wanneer God ‘n man tot Sy diens oproep, verwag Hy nie buitengewone bekwaamhede en merkwaardige resultate nie. Hy verwag die getroue en gewillige hart van ‘n onselfsugtige dienskneg.

*"Maar wat vir my wins was,*

*dit het ek om Christus wil skade geag"*

(Fil 3:7)

# Les 7 – Filippense 3:1-10

## Hoofstuk 3

‘n Algemene verskynsel in die Apostel Paulus se briewe is dat hy die kern van sy argument tydelik opsy skuif terwyl hy ‘n verwante onderwerp bespreek. Dit blyk hier die geval te wees en dat hy eers in hoofstuk 4 na die oorspronklike rigting van die brief terugkeer. Dit is nie ‘n geval van swak skryfstyl of ‘n gebrek aan fokus nie. Ons moet onthou dat Paulus onder die invloed van die Heilige Gees geskryf het. Die neigings wat ons dus in sy woorde sien kan slegs ‘n aanduiding wees van die manier wat die Gees gebruik het om met hierdie man te redeneer en deur hom te werk. Dit was dalk soortgeleik aan die ondervinding van Filippus, soos beskryf in Handelinge 8. Terwyl Filippus in Samaría sendingwerk gedoen het, is hy skielik deur ‘n engel weg geroep om die Ethiópiese hofdienaar op die pad na Gasa te ontmoet. En daarna is hy deur die Heilige Gees weggevoer na ‘n sendingsreis tussen Asdod en Cesaréa. Ons sien ook ‘n soortgeleike verslag in Eségiël 1, waar die engele volgens die leiding van die Heilige Gees beweeg het, “*Waar die gees ook heen wou gaan, het hulle gegaan*” (verse 12 & 20). Dit is op dieselfde manier dat Paulus in sy briewe deur die Here beweeg is. Die tema aan die

*3:1 Verder, my broeders, verbly julle in die Here. Dit is vir my nie lastig om dieselfde dinge aan julle te skrywe nie, en dit gee julle sekerheid.*

---

einde van hoofstuk 2 was nederigheid en opoffereing. Ons sien dat Paulus weer in hoofstuk 4 met hierdie tema voortgaan.

**<u>3:1-3</u>** – Verkeerde Fokus op Self-vertroue.

Vers 1 – "*Verbly julle in die Here*" – Die Griekse werkwoord wat hier vertaal is, behels 'n voortdurende proses. Dit is ook as 'n bevel geskryf, nie 'n voorstel nie. En God verwag dat ons Sy bevel sal gehoorsaam. Al het Paulus hierdie brief uit die gevangenis geskryf, was sy hart vol vreugde en hy verwag dieselfde van ons. Die Here se bevel om vreugdevol te wees, ten spyte van ons omstandighede, word verskeie maal in Filippense herhaal.

``````````````````````````````````````````````````````````````

## Gedagtes oor Bybelse Antropologie

Hier is ook 'n uiters belangrike les wat ons nie moet mis of vergeet nie. Daar is sekere neigings in ons, neigings van 'n fisies, verstandelik, of ander, selfs
``````````````````````````````````````````````````````````````

onderbewustelik aard, wat ons as buite ons beheer beskou. Die Here gee egter eenvoudig instruksie aangaande gedrag wat die mens dikwels as onwillekeurig bestempel. Dinge soos;

- Ons vreugdevolle houding (3:1; 4:4; 2:18, vyf maal die bevel om vreugdevol te wees).
- Ons denkwyse (2:5; 3:15-16; 4:2, 8). Let op dat daar geen aanduiding is dat ek dalk nie in staat is om my denke te verander nie. Of dat ek hulp of raadgewing nodig het om dit te doen nie. Slegs die bevel dat my denke geskik moet wees. Die trotse mens vermy sy verantwoordelikheid deur ander en omstandighede as verskoning te gebruik vir sy ongehoorsaamheid. Maar God aanvaar dit nie.
- Selfs die kleinste teken van kommer word streng verbied (4:6). Dit is nie 'n verskoning om te sê dat ons dit nie kan help nie! Die sendeling, Sherman Nagel, het die opmerking gemaak dat kommer meer mense na die graf stuur as harde werk. Kommer is die rente wat ons op teëspoed betaal, voordat dit verskuldig is. God sê soms dat ons moet 'wag', maar Hy sê nooit dat ons ons moet 'bekommer' nie.

God behandel ons volgens dit wat ons dink en doen,

nie die redes vir ons gedagtes en aksies nie. Hy beveel ons aangaande alle aspekte van ons bestaan; ons opinies, houdings, gedagtes, motiewe, emosies, en ook ons aksies. Om Sy bevele oor hierdie dinge te verontagsaam is niks anders as rebellie nie. Enige verskoning, soos die invloed van omstandighede, oorerwing of hormone, is ongeldig.

"*Terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus*" (II Kor. 10:5.)

\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`

Paulus se hart fokus nou op die besige vyande van God en Sy mense. Bedrieglike vyande wat elke geleëntheid gebruik om ons van vreugde te ontneem.

"*Om dieselfde dinge aan julle te skrywe*" – Alhoewel Epafrodítus, en later Timótheüs, "*dieselfde dinge*" met hulle sou behandel, wou Paulus seker maak dat hulle voldoende waarskuwing ontvang het in verband met sekere sleutel aangeleenthede.

Vers 2 – "*Let op die honde; let op die slegte arbeiders; let op die versnyding*" – Die Jode het die

*3:2 Let op die honde; let op die slegte arbeiders; let op die versnyding.*

---

term "hond" gebruik as 'n neerhalende verwysing na afskuwelike dinge, soos heidene en homoseksuele (Deut. 23:17-18). In hierdie skrifgedeelte verwys Paulus na vals predikers wat die Filippynse gelowiges uitgebuit het. Hy stel hulle voor as 'n trop verwoestende honde. Dieselfde vals predikers het deur die eue God se Woord verdraai en menige Christen gemeentes verlei. En hulle bestaan vandag nog. Paulus se aanmerkings is hier spesifiek gemik op Judaïseerders, daardie vals predikers wat verkondig het dat geloof in Christus nie genoeg was nie, en dat gelowiges ook streng aan die Wet van Moses gehoorsaam moet wees. Terwyl hulle voorgegee het om ware dienaars van Christus te wees, was hulle egter "*slegte arbeiders*" wat gepoog het om gelowiges terug te dryf na 'n streng nakoming van die wet. Soos Sabats-nakoming wat hedendaags deur Sewendedag-Adventisme verkondig word. Die Jode het die nie-joodse Christene van Filippi as heidene beskou. Dit is dus ironies dat Paulus, in hierdie brief aan die "heidene", na sommige onder die Jode verwys as "*honde*", die neerhalende term wat die Jode vir ander nasies gebruik het.

*3:3 Want óns is die besnydenis, ons wat God in die Gees dien en in Christus Jesus roem en nie op die vlees vertrou nie;*

---

Dit wil voorkom dat Paulus die term, "*die versnyding*", self geskep het. Dit verwys na hierdie vals predikers wat daarop aangedring het dat gelowiges, volgens die Wet van Moses, ook besnede moes wees. Maar instede van die woord, besnyding (*peritome*, περιτομη), gebruik Paulus die woord, "*versnyding*" (*katatome*, κατατομη), wat beteken om af te sny, of te vermink! Hulle wat daarop aandring dat die wet op hierdie manier gehoorsaam moet word, slaag slegs daarin om die vryheid wat ons in Christus het te vermink.

Vers 3 – "*Ons is die besnydenis*" – Paulus maak hier 'n punt daarvan dat daar, na Chistus se voltooide werk op die kruis, geen waarde in die besnyding van die vlees is nie. Dit is nou 'n saak van die hart, 'n innerlike teken van ons verhouding met Hom, en die verlossing van sonde wat ons slegs in Hom kan vind. Ons vertroue is in Christus alleen.

"Wat God in die Gees dien" – Hierdie transformasie, wat tot die kern van ons wese plaasvind, dryf ons tot ware aanbidding en vreugde "in Jesus Christus",

*3:4 alhoewel ek rede het om ook te vertrou op die vlees. As iemand anders meen dat hy op die vlees kan vertrou, ek nog meer.*

---

eerder as "in die vlees". In Christus plaas ons geen verdere vertroue in die vlees, of in gebruike en plegtighede nie. Elke form van geloof wat fokus op wetsvereering en die nakoming van ordinansies, mis die ware geestelike waardes wat deur daardie uiterlike instellings gesimboliseer word. Uiterlike instellings was nog nooit in staat om die mens se gebroke verhouding met God reg te maak nie. Dit is slegs 'n opregte beroep op God en vertroue in Sy beloftes wat 'n siel kan red. Die handhawing van God se standaarde van reinheid is belangrik, maar dít alleen kan nie geregtigheid voor Hom bewerkstellig nie. Lees ook vers 9.

**3:4-11** – Die Regte Fokus op Vertroue in Christus.

Vers 4 – "*Alhoewel ek rede het om ook te vertrou op die vlees*" – Met verwysing na hulle wat soveel waarde geheg het aan uiterlike bevoegdhede, stel Paulus homself nou voor as iemand wat volgens wêreldse standaarde uiters bevoegd is. Inderdaad, beter bevoegd as enigeen om die saak te bespreek. Uit 'n menslike oogpunt het hy baie gehad om oor te

*3:5 Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër;*

---

roem, meer as almal. Hy was hoër gekwalifiseerd as enigeen onder "*die versnyding*". As enigeen van hulle in die vlees kon roem, "*ek nog meer*".

Vers 5-6 – "*'n Hebreër uit die Hebreërs*" – Paulus was geen "*vreemdeling ten aansien van die verbonde van die belofte*" nie, maar hy is uit die verkose Joodse volk gebore. Hy het op sy lyf die bewys gedra dat hy, in streng navolging van die wet, op die 8ste dag besny is. 'n Afstammeling van Jakob deur sy geliefkoosde vrou. "*Uit die stam van Benjamin*", daardie spesiale stam van Israel wat nooit teen die vorstehuis van David gerebelleer het nie, maar altyd aan hom en die tempel in Jerusalem trou gebly het. Terwyl baie van die vals predikers eintlik bekeerde heidene was, het Paulus se erfenis terug gestrek tot by Jakob. Paulus was nie net 'n Jood gebore nie. Hy was van sy jeug af 'n toegewyde gelowige – "*n yweraar … vir die oorleweringe van my voorvaders*" (Gal. 1:13-14). Beslis nie soos hulle wat voorgee om Christene of Katolieke te wees, maar nie daardie geloof beoefen nie. Ten tye van sy bekering het hy volgens die strengste sekte van die Joodse geloof as

*3:6 wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik.*
*3:7 Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag.*

---

'n Fariseër geleef (Hnd. 26:5). Selfs die manier wat hy, voor sy bekering, die Christene vervolg het, toon dat hy 'n Fariseër uit die Fariseërs was. Een wat met oorgawe sy geloof beoefen het.

Vers 7 – "*Maar ...*" – Met hierdie woord "maar" kry ons 'n insig tot die merkwaardige gebeurtenis van Paulus se bekering, asook die konflik wat hy moes ondervind het. Toe hierdie streng, gedissiplineerde en onbuigbare kampioen van sy geloof uiteindelik vir Jesus ontmoet, het die waarheid aangaande Hom duidelik geword. Paulus is geheel en al verander en hy was nooit weer dieselfde nie. Op daardie oomblik het hy die betekenis van Jes. 64:6 verstaan; dat al sy geregtighede soos 'n besoedelde kleed was. Wat met Paulus gebeur het was nie bloot 'n verandering van gelowe nie. In Christus het hy inderdaad 'n nuwe skepping geword. Asof die man, Saulus van Tarsus, daar op die pad na Damaskus gesterf het, en toe weer as 'n ander man lewend geword het, 'n innerlik veranderde man. Al daardie dinge wat hy deur die jare as waardevol beskou het,

*3:8 Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry*

---

het skielik waardeloos geword. Dit waarop hy vertrou en gehoop het, wat hom sy aansien in die samelewing en waarskynlik voor God ook verseker het, het hy nou gesien soos God dit sien. *Waardeloos!* Soos 'n besoedelde kleed, wat totaal onvoldoende was om hom voor die oë van 'n heilige God te bedek. Paulus het hierdie dinge dadelik agtergelaat, soos die walglike kledingstukke van die graf waaruit Christus hom verlos het.

Vers 8 - "Om Christus as wins te verkry" – Hierdie doel was die sentrale fokus van Paulus se bestaan. Hy het alles wat die mens belangrik ag afgewerp, en doelgerig daarna gestrewe on Christus te verheerlik. *Ware beloning!*

Let op dat die woord, "*skade*", 'n paar maal in verse 7 en 8 voorkom. In vers 8 gebruik Paulus selfs 'n neerhalende term wat verwys na dier mis of vullis. En die punt wat hy maak is baie duidelik. Christus alleen is ons doel, ons mikpunt en ons oorheersende belang. Christus alleen bevredig die

behoefdes van elke siel. In vergelyking hiermee is alle werêldse dinge waardeloos. Op die pad na Damaskus, toe hy die eerste maal Christus se heerlikheid gesien het, het Paulus die waardeloosheid van werêldse dinge besef. En, na lang jare van arbeid was sy gesindheid steeds onveranderd. Alles was steeds waardeloos in vergelyking met die prag en wonder van sy Verlosser. Kort na my eie bekering het 'n welmenende man my gewaarsku om nie te veel "weg te gooi" vir Christus nie. Hy het aan my verduidelik dat die vurige belangstelling wat 'n bekeerde aanvanklik ondervind gou afkoel. Dit is 'n betreurbare feit dat hierdie stelling, in die geval van baie gelowiges, heeltemaal reg is. Alhoewel hulle aan die begin ywerig is in hul eerste liefde vir Christus, laat hulle die waardelose dinge van die werêld toe om geleidelik en op subtiele manier in te kruip en belangrik te word. Totdat hul liefde vir Jesus Christus opsy gestoot is. Paulus het nooit weer teruggekeer na die waardelose dinge van die werêld nie, want hy het die een baie kosbare pêrel gevind.

``````````````````````````````````````````````````````````````

## Tersyde

Daar is 'n belangrike item wat Paulus opsetlik
``````````````````````````````````````````````````````````````

weglaat in hierdie lys van sy aardse "bevoegdhede" – die standaard van die akademiese opleiding wat hy ontvang het. Sy opleiding in die Joodse geloof was "*aan die voete van Gamáliël*" (Hnd. 22:3). Gamáliël was een van die mees beroemde Joodse leermeesters van alle tye, 'n gesiene doktor van die Joodse wet, en die eerste van slegs sewe leermeesters wat nog ooit die titel van Rabban ontvang het. Rabban verwys na iemand wat die hoogste kwalifikasie onder Joodse wetsgeleerdes verwerf het – hoër as díe van 'n Rabbi, soos 'n meester. Ons kon beslis verwag dat Paulus na hierdie noemenswaardige eienskap van sy opleiding in die Joodse geloof sou verwys, maar hy doen dit nie. Hy het inderdaad al die sogenaamde kwalifikasies wat die wêreld op hom bestee het tot niet gemaak toe hy bekeer is.

Die opvoedkundige aspek van opleiding in die bediening word vandag deur baie as uiters belangrik beskou. Dit is 'n algemene verskynsel dat "gekwallifiseerde" indiwidue die akademiese titel van 'n opvoedkundige prestasie by hul naam voeg. Paulus se voorbeeld in hierdie skrifgedeelte is 'n les vir ons. As hy sy akademiese kwalifikasies genoem het, sou dit slegs as nog 'n waardelose wêreldse besitting gewees het, soos al die ander wat hy "*as drek beskou*" het.

*3:9 en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof;*

---

Vers 9 – "*Nie met my geregtigheid ... nie*" – Die bekeerde se saligheid het absoluut niks te doen met dit wat hy hier op aarde vermaak nie. Dit hang alles af van waar ons deur God geplaas is. Daardie wonderlike plek van ewige rus en veiligheid is onbereikbaar sonder geregtigheid. Maar die mens se eie geregtigheid is van geen waarde voor God nie. Ons enigste hoop is in God se geregtigheid, 'n geregtigheid wat Hy alleen aan 'n siel kan gee en wat daardie siel voor Hom aanvaarbaar maak. Ons sien hier weer die wonderlike Bybel doktriene van regverdiging (Rom. 3-4);

- Dat God die regverdiging wat die mens benodig om die hemel te bereik, vryelik aan hom gee.

- Dat daardie regverdiging slegs as 'n geskenk van God aanvaar kan word, sonder enige bydrae aan ons kant.

- Dat God se regverdiging slegs "*deur geloof*" ontvang kan word - "*dié wat deur die geloof in Christus is*". God se regverdigheid kan slegs

*3:10 sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word,*

---

ontvang word deur geloof in Sy belofte om dit aan hulle te gee wat Hom daarvoor vertrou.

Vers 10 – "*Sodat ek Hom kan ken*" – Hier is ware heiligmaking en ook die korrekte gebruik van ons verstand (lees ook Rom. 1). Dit was Paulus se inige begeerte om Jesus Christus te ken;

- Sy Persoon.
- "*Die krag van Sy opstanding*".
- "*Die gemeenskap aan sy lyde*" – Paulus was gewillig, selfs begeerlik, om die pyn en lyding wat sy Heiland namens hom verduur het, te ken deur dit self te ondervind.
- "*Terwyl ek aan sy dood gelykvormig word*" – Paulus het nie net begeer om saam met Christus te sterf nie, maar om in Christus geheel en al te sterf in sy ou natuur. Om saam met Christus weer uit die dood op te staan, maar om ook in Hom as 'n nuwe wese op te staan. Lees ook Rom. 6.

Kyk goed na die doelwitte van hierdie ware man van God en wat dit behels om sy voorbeeld te volg. Is geestelike ontwikkeling oorerflik? Word ons gebore met só 'n neiging? Is dit 'n geval van persoonlikheid? Word die begeerte om God te dien beinvloed deur die omstandighede van ons bekering? Is dit 'n merkwaardige bekering wat ons beter bevoeg vir geestelike volwassenheid en leierskap? Bepaal die bedorwenheid van ons lewens voor Christus wat ons daarna in Hom kan bereik? Slegs wanneer ons die geheime van die hart van 'n goddelike siel leer ken kan ons verstaan wat só 'n persoon motiveer om God tot die uiterste te dien. Die ware verlange en die diepste begeertes van 'n hart wat sonder beperking die Heiland dien. Paulus vertel ons in Rom. 1 dat dit die natuurlike neiging van die onbekeerde mens is om selfs die gedagtenis van God uit sy geheue te verdryf - om God te vergeet en nie aan Hom te dink nie. En in Jer. 2:32 beskuldig die Here Sy eie volk daarvan dat selfs hulle Hom "*vergeet* (het)*, dae sonder getal*". Maar kyk dan na die lewe van Moses. Hierdie nederige man is nie per toeval deur God gekies om só 'n besondere rol te vul nie. In Eks. 33 kry ons insig tot Moses se hart, wanneer hy voor God pleit om Sy weë aan hom bekend te maak – "*dat ek U kan ken*" (verse 13 en 18). Ons lees verder in hierdie skrifgedeelte van die wonderlike openbaring wat

Moses van God ontvang het (verse 19-23). Maar dit was nie hierdie merkwaardige ondervinding wat gelei het tot Moses se geestelike volwassenheid en grootheid nie. Daar is talle voorbeelde in die Bybel en elders waar buitengewone geestelike ondervindings nie noodwendig ‘n noemenswaardige en langdurende invloed op die geestelike ontwikkeling van die mens gehad het nie. Moses het homself met totale oorgawe aan God beskikbaar gestel, volkome bruikbaar in Sy diens. Ons vind dieselfde gewilligheid in Dawid. Hy was een van Israel se grootste konings en het God as profeet en “*die lieflike in die sange van Israel*” gedien. Wat ons duidelik in skrifgedeeltes soos Ps. 42 en 63 kan sien is sy onkwesbare begeerte vir God. Dit is die sleutel tot ‘n man na God se eie hart, en die onmiskenbare faktor as ons kyk na Dawid se goddelike invloed op sy volk, en hoe ryklik God Dawid geseën het. “*Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word*” (Matt. 5:6). In die verhaal van Esra sien ons ook hierdie hunkering na God (Esra 7:10). Hier is dit weereens duidelik dat die mens ten tye van swaarkry en onderdrukking mees ywerig tot God uitroep (Ps. 42 en 63). Terwyl dit ons natuurlike neiging is om te vlug, sien ons in Mat. 5:10-12 dat ons juis dan verheug moet wees oor die seëninge wat sulke ondervinding bied.

Dit is hoe dit ook met Paulus was. Wat het hom só ‘n doeltreffende dienskneg vir God gemaak? Was dit sy agtergrond of sy dissipline, of die merkwaardige omstandighede van sy bekering? Was dit sy persoonlikheid of sy natuurlike geesdrif? Nee, nee, nee! Ons sien die antwoord in Fil. 3:10, waar hy dieselfde goddelike dryfkrag as manne soos Moses, Dawid en Esra openbaar. *‘n Onkwesbare hunkering na God!* En soos dit voorheen die Wet van Moses was wat Paulus se verterende hartstog was, nou was dit die persoon van Jesus Christus. Om Hom te ken, en om Hom te wen! Wanneer ‘n voëlkuiken honger is, is sy mond oop. En wanneer ‘n voëlkuiken se mond oop is en hy roep na sy moeder, dan bring sy voeding. Dit is hoe dit ook met ‘n kind van God is wat na Hom smag. Sy hart, sy ore, sy oë, sy verstand en sy wil is oop en reik uit na God. En God is getrou, om ons harte te vul en ons te lei tot geestelike volwassenheid en groter prestasie.

“*Ek is die HERE jou God … maak jou mond wyd oop, dat Ek dit kan vul*” (Ps. 81:10).

Geestelike ontwikkeling gebeur nie sonder God se voeding nie. Daardie manne en vroue wat God deur die eue op ‘n merkwaardige manier gedien het is nie só *gebore* nie. Hulle het só *gegroei* uit ‘n verterende hartstog om Hom te ken. Om saam met Hom te wandel en Sy weë te verstaan, om Sy natuur te

weerspiël, en om Hom alleen te behaag. Slegs deur só ‘n onkwesbare hunkering na God sal ‘n siel waarlike goddelikheid en grootheid bereik.

# Les 8 – Filippense 3:11-21

In ons studie van Filippense kom ons nou by een van die mees uitdagende gedeeltes uit die briewe wat Paulus geskryf het. In Christus is ons erfgename, en dus ontvangers van die voordele en beloftes wat 'n kind van God toekom. Een van hierdie beloftes is die wonderlike verandering wat ons sal ondergaan wanneer Christus Sy kerk kom haal (1 Ts. 4:13-18). Op daardie oomblik sal gelowiges nie net weggevoer word nie, hulle sal ook ewig verander word;

- Ons sien die belofte van daardie verandering in 1 Kor. 15:52, "*By die laaste basuin; want die basuin sal weerklink … en ons sal verander word*".
- Ons sien die tyd van daardie verandering in 1 Joh. 3:2, "*Ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees*".
- Ons sien die aard van daardie verandering in Rom. 8:29, "*Dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun*". Vers 30 verwys selfs na 'n mate van verheerliking.

Dit is daardie beeld van Christus wat ons nou

nastreef, en hierdie skrifgedeelte beklemtoon Paulus se voorbeeld.

Oorsig;

**3:1-3** – Die Verkeerde Fokus van Selfvertroue. Hier is ‘n ernstige waarskuwing aan hulle wat poog om God se mense te verlei deur die vryheid van vertroue in Christus te vervang met die gebondenheid van vertroue in die wet.

**3:4-10** – Die Regte Fokus op Vertroue in Christus. Paulus verwerp alle vertroue in aardse bevoegdhede terwyl hy doelgerig daarna strewe om Christus te ken, en Hom “*as wins te verkry*”.

\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`\`

**3:11-14** – Strek uit na wat voor is.

Alhoewel ons rus en vertroue in Christus het en ons saligmaking verseker is, moet ons nie ledig of selfvoldaan wees nie. Ons is verplig om ywerig te strewe na heiliging. Dit is die wending wat Paulus hier neem.

Vers 11 – “*Of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik*” - Dit lyk op die oog af dat hierdie vers insinueer dat ons die opstanding kan verdien, maar

*3:11 of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik.*
*3:12 Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.*

---

die konteks wys die teenoorgestelde. Die breë konteks van Paulus se briewe maak dit duidelik dat ons regverdiging slegs deur geloof in Christus moontlik is, en "*nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het*" (Tit. 3:5) nie. Paulus herinner ons in vers 9 dat om "*in Christus*" te wees nie "*met my geregtigheid wat uit die wet is nie*", maar deur geloof in Christus. Verse 12-14 bevestig dat Paulus nie praat van bekering en opstanding deur ons eie inspanning nie, maar 'n strewe na Christelikheid en Christus se seëning. Die apostel se doelwit was om die volmaaktheid te bereik wat ons in die opstanding sal ondervind.

Vers 12 – "*Nie dat ek dit al verkry het … nie*" – Paulus het besef dat hy, in die praktyk (sy daaglikse handel en wandel), nooit sondelose volmaaktheid sou bekom nie. Hier is goeie raad vir hulle wat glo dat die gelowige in die praktyk 'n stand van sondelose volmaaktheid van God kan en moet ontvang – soos die Wesleyers en die Nasareners. Ons moet versigtig wees om onderskeid te maak

tussen ons stand in Christus en die realiteit van die praktyk. As gevolg van ons stand in Christus is ons deur genade die perfekte geregtigheid van Jesus Christus geskenk. Maar in die praktyk besit ons nie hierdie geregtigheid nie. Om te glo dat ons sondelose volmaaktheid kan bereik sal lei tot ernstige ontmoediging wanneer 'n gelowige ontdek dat sy sondige natuur nog steeds in hom bedrywig is. Die verhaal van Paulus se merkwaardige lewe getuig van opoffering en toewyding in die verspreiding van die evangelie. Hy het alles op aarde ter wille van Christus prysgegee, maar selfs hy kon nie aanspraak maak op sondelose volmaaktheid nie. Hy herhaal hierdie punt in vers 13, om die onderskeid tussen die gelowige se stand in Christus en die stand van sy heiligheid in die praktyk te beklemtoon. Slegs wanneer ons eendag in die Here se teenwoordigheid verheerlik word, sal ons ook sondelose volmaaktheid in die praktyk besit.

"*Maar ek jaag daarna*" – Dat hy, in hierdie lewe, nooit 'n stand van sondelose volmaaktheid sou bereik, het Paulus nie ontmoedig nie. Hy het aangehou om daarna te strewe.

"*Of ek dit ook kan gryp*" – Die Here Jesus Christus het na die aarde gekom om, deur Sy dood, die mens se grootste behoefde te voorsien. Om op hierdie

*3:13 Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie.*
*3:14 Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.*

---

manier die gelowiges te "*gryp*". Hy het ook op die pad na Damaskus persoonlik na Paulus gekom om sy hart te "*gryp*". Dit was dus Paulus se doelwit om Christus ten volle aan te neem, en om Hom sy eie te maak, soos Christus hom Sy eie gemaak het. Paulus het verlang en gestrewe daarna om Christus te behaag, 'n wonderlike voorbeeld vir ons.

Vers 14 – "*Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is*" – Nie slegs wat hy gedoen het nie, maar ook wat hy gedink en verkondig het; en waar en wat hy was. Paulus het die Christelike ervaring tot die uiterste vereenvoudig. Dit was alles oor Jesus Christus, met die fokus slegs op Hom, en om Hom te bekom – "*Christus is alles en in almal*" (Kol. 3:11). Wat Paulus in die verlede was en vermaak het, of dit goed of sleg, of wins of verlies was, dit het geen invloed gehad op wat hy nog vir die Here kon wees nie. Baie van ons betreur daardie dinge in die verlede wat ons gedoen of kon gedoen het. Nie Paulus nie. Hy was net gefokus op die toekoms en wat hy nog vir Jesus kon doen. Alle ander afleidings

wat die lewe voor hom geplaas het, het slegs verby hom gevloei terwyl hy teen die stroom voortgesukkel het. Paulus verwys nie hier na onregte wat hy dalk gepleeg het nie. Die gelowige is verplig om enige onreg reg te stel voordat hy kan voortgaan met sy lewe.

"*En strek my uit na wat voor is*" – Daar is 'n sterk woord agter "*strek uit*". Dit stel iemand voor wat strewe of homself uitstrek na 'n doel. Dit wil voorkom asof Paulus die voorbeeld van 'n hardloper in 'n wedloop gebruik. Die hardloper het die laaste draai bereik en, met elke spier ingespan vir die pylvak, konsentreer hy op die wenpaal.

"*En jaag na die doel*" – Paulus praat in hierdie gedeelte van 'n voortdurende proses, eerder as 'n enkeke, vlugtige daad. Hy het al die wêreld se nietighede agtergelaat, en Christus se verheerliking was die enigste doel voor oë. Sy fokus was gedurig op daardie vêrgeleë mikpunt gerig. Daardie deel van die wedloop wat verby was, was verby. Hy het geen tyd vermors op gedagtes of kommer daaroor nie.

Dit wil voorkom asof Paulus hier uitbrei op 'n vorige tema in die hoofstuk - daardie vals predikers wat verkondig dat hul saligheid daarvan afhang dat hulle ook die Wet van Moses gehoorsaam. Hul

benadering behels dat die gelowige homself met ander en ‘n uiterlike, bereikbare standaard, vergelyk. Die foutiewe gevolg hiervan is dat die gelowige self kan besluit dat hy die doel bereik het. Paulus het hierdie opvatting verwerp. Hy het homself nie met sy medemens vergelyk nie, maar met Christus self. Hy het sy lewe nie teen die standaarde van die wet gewaardeer nie, maar het eerder daarop gefokus om Christus tevrede te stel. Sy doel was die vervolmaking van Christus, en die bestaande toestand sou nooit voldoende wees nie.

Die les wat ons uit Paulus se voorbeeld leer is duidelik. Moet nooit met die bestaande toestand tevrede wees nie. Strewe aanhoudend daarna om ten volle aan die Heiland toegewei te wees, om alles moontlik van Hom en Sy wêreld te leer. En om Hom tevrede te stel, nie die wêreld nie. Moet nooit ‘n middelmatige Christen bestaan aanvaar nie. Die verskil tussen ‘n merkwaardige en ‘n onmerkwaardige Christen ondervinding is;

- Die doel waarop ons fokus.
- Die moeite wat dit ons kos.
- Totale vertroue op God se krag.

Die groot meerderheid van gelowiges het die mikpunt van middelmatigheid, sodat hulle gemaklik

*3:15 Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees; en as julle anders gesind is, sal God dit ook aan julle openbaar.*

---

kan inpas met hul Christen gemeenskap. Om meer betrokke te raak met die Here se werk mag aandag trek, of selfs lei tot bespotting. Dit was egter Paulus se doel en die doel wat hy ons op die hart druk, om te reik na volmaaktheid in ons diens aan die Meester. Om niks te vrees nie, en alles te offer, terwyl ons strewe om Hom die heel beste van onsself te gee. Laat hulle om ons hul wenkbroue lig, en hul ongemak uitspreek. Met God se genade sal ek;

- Getel word vir Christus!
- Nie in ‘n groef lewe nie!
- Nie oppervlakkigheid verduur nie!
- Geesdriftig voortbeur na die doel!

Mag dit die Here behaag om ons te seën met volgelinge.

**3:15-21** – Vermanings.

Vers 15 – “*Laat ons ... so gesind wees*” – Ons vind

*3:16 Maar wat ons reeds bereik het—laat ons volgens dieselfde reël wandel, laat ons eensgesind wees.*
*3:17 Wees ook my navolgers, broeders, en let op die wat so wandel soos julle ons tot voorbeeld het.*

---

hier weereens God se bevel aangaande ons gesindheid en ons gedagtes. Dat ons gesindheid in alles ons vurigheid vir Christus sal betoon, soos dit met Paulus die geval was en soos dit met 'n volwasse gelowige sal wees.

"*As julle anders gesind is, sal God dit ook aan julle openbaar*" – God is Self besig met die bewaring van Sy kerk. Hy openbaar die valses en die valsheid tussen ons, terwyl Hy aanhoudend Sy wingerdstokke besnoei tot groter vrugbaarheid.

Vers 16 - "*laat ons volgens dieselfde reël wandel*" – Instede daarvan dat ons volgens die wet lewe om sodoende ons saligheid te bekom, beur ons voort na Christus, om in elke manier Sy tevredenheid te bekom. Soos ons in II Kor. 3 lees, die wet van God "*moes vergaan*" om plek te maak vir Hom "*wat moet bly*". Dit is Christus, "*die alles oortreffende heerlikheid*", en Hy is nou ons enigste fokus.

Vers 17 – "*Wees ook my navolgers*" – Die woord wat

---

hier vertaal is as "*navolgers*" is naboots. Ons moet dus nie net vir Paulus in sy *gesindheid* nadoen nie, maar ook in sy dade of *handelinge*. Lees ook 4:9, I Kor. 4:16 en 11:1, en II Tim. 2:1-2. Ons gesindhede en ons handelinge gaan hand-in-hand, terwyl die een die ander beinvloed.

"Let *op die wat so wandel soos julle ons tot voorbeeld het*" – God praat hier met ons oor ons helde, daardie mense wat ons na opsien en probeer nadoen. En wat die Here sê is weereens nie 'n voorstel nie, maar 'n bevel. Wie is ons helde? En wie is ons kinders se helde? Watter tipe plakate versier die mure van hul slaapkamers? Is dit 'n beroemde branderplankryer, bekend vir sy rebellie en onsedelike lewenstyl? Of 'n hoogvlieënde televisie persoonlikheid, die huidige gunsteling? Of is dit dalk 'n taktlose rock-musiek kunstenaar, met wilde hare, grimering en 'n lyf bedek met tatoeëermerke? As God ons Heer is sal ons helde goddelike indiwidue wees.

Vers 18 – "*Want baie ... wandel as vyande van die*

*kruis van Christus*" – In die vorige verse het Paulus ons met praktiese voorbeelde geleer hoe om die Here na te streef en Hom in ons daaglikse wandel te vereer. Hy fokus nou op voorbeelde van die teenoorgestelde aard. Van sogenaamde gelowiges wie se lewens en opvattings só verdraaid was dat dit Paulus diep bedroef het om selfs van hulle te praat. In Rom. 16:17-18 verwys Paulus ook na hierdie verleiers, en hy het die Filippeinse gelowiges op vorige geleenthede ook oor hulle gewaarsku, uit vrees dat sy geliefde broeders deur hulle bedrieg sou word. Daar is "baie" van hulle en hier noem Paulus hulle "*vyande*". Terwyl hul woorde sou aandui dat hulle gelowiges was, het hul dade hulle verraai as "*vyande van die kruis van Christus*".

Dit blyk dus 'n wyse en belangrike aspek van Christen leierskap, om gedurig waaksaam en gewillig te wees, om die swak voorbeelde van die vyande van die kruis uit te wys. Om die gelowiges daaroor te waarsku, en om dit gereeld te doen, selfs al word dit beskou as negatief, of die oorsaak van onenigheid.

Let op dat Paulus praat van "*vyande van die kruis van Christus*", nie vyande van Christus nie. Hoe kan 'n mens die vyand van die kruis van Christus wees? In die kruis van Jesus Christus vind ons die

*perfekte* offerande wat God ter wille van ons gebring het, om ons volkome verlossing te verseker. Ons verlossing is op die kruis van Golgotha voltooi, en om die ewige lewe te verseker moet ons nou slegs op Jesus glo. Daar is niks anders wat die gelowige kan doen, of hoef te doen nie. Hulle wat daarop aandring dat die mens se werke by Christus se voltooide verlossingswerk gevoeg moet word, is "*vyande van die kruis*". As gehoorsaming van die wet ook benodig word, impliseer dit dat Christus se kruisdood slegs deel van die werk gedoen het, en onvoldoende is om ons verlossing te verseker. Dit ontken dus die genoegsaamheid van die kruis. Stel jou voor dat die koning van die land besluit om jou te vereer met 'n geskenk, 'n juweel van onskatbare waarde. Dit is nie dat jy só 'n geskenk verdien nie, maar slegs as gevolg van sy welwillendheid. Alhoewel jy verstom is deur die koning se vrygewigheid, sê jy egter "Nee, nee, ek moet daarvoor betaal". Jy gaan huistoe en kom dan uiteindelik terug met die geld wat jy bymekaar kon maak, 'n bedrag van R121.23. Watter reaksie sou ons van die koning verwag? Uiterse belediging! In genade het hy jou 'n gratis geskenk gegee, maar sonder rede het jy aangedring om daarvoor te betaal. Die belaglike bedrag wat jy hom aanbied maak sy kosbare geskenk goedkoop. Maar ook, deur sy vrygewigheid te weier, veroorsaak jy dat dit

nie meer ‘n geskenk is nie. Hy dring dus nou daarop aan dat jy die volle prys daarvan moet betaal. Dit is presies hoe ons, in geloof, Christus se opoffering as ‘n gratis geskenk ontvang. En deur aan te dring dat ons Sy geskenk moet verdien, of dat ons deur geregtige dade iets daartoe kan bydra, is ‘n belediging teenoor God. Om hierdie gevaarlike doktriene te glo en te verkondig maak ons vyande van die kruis, want dit verminder die waarde van Christus se opoffering en ontken God se genade.

Nog ‘n groep wat hulself vyande van die kruis maak is dié wat weier om die aaklige, gruwelike werklikheid van Jesus se kruisdood te aanvaar. Só ‘n kruis pas nie by hul meer aangename, verfynde weergawe van Christelikheid nie, al is dit heeltemaal teenstrydig met dit wat die Bybel ons leer. Hulle verwag die voordele van die kruis, sonder die skande daarvan, en ontken dat hul sonde só sleg was dat slegs die vreeslike prys wat Christus betaal het hulle kon red.

Paulus gaan voort met verdere beskrywing van hierdie vyande van die kruis.

Vers 19 – “*Hulle einde is die verderf*” – Al blyk dit dat God se vyande in hierdie lewe ‘n tyd van voorspoed beleef, word ons verseker dat hul einde

*3:19 Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge.*

---

die verderf is.

"*Hulle god is die buik*" – Dit wat die mens eerste plaas in sy daaglikse lewe en gedagtes, en wat hy met tyd en aandag vereer, is sy god. Paulus se gebruik van die woord "*buik*" sluit natuurlik meer as net voedsel in. Hy praat hier van hulle wat strewe na die wêreld se plesiere, daardie dinge wat hul natuurlike begeertes tevrede stel. Hulle is "*meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God*" (II Tim. 3:4). Hulle wat hulself, sonder hemelse beperkings, oorgee aan wêreldse plesiere, maak 'n god van daardie plesiere en ontken die ware God van heerlikheid.

"*Hulle eer is in hulle skande*" – Omdat hul gewetens reeds verhard is teenoor God se wil, spog hulle met skandelike gewoontes en vermaaklikhede, en 'n hunkering na ongure aktiewiteite waaroor die mens hom behoort te skaam (Rom. 1:32). Hulle is trots op hul waardering van sulke dinge, terwyl hul gewetens die waarskuwing van God se Woord vermy.

“*Hulle bedink aardse dinge*” – Hierdie mense is só werêlds dat hulle geen tyd aan God se dinge bestee nie. Hul fokus is gedurig op die waardelose strewes en belange wat die werêld offer. Hulle mag elke nou en dan dalk praat van hemelse dinge, en selfs ‘n televisie-program oor engele of die Dooie See-rolle geniet, maar die oorheersende fokus van hul gedagtes is op die werêld se plesiere. As ons die verhaal van Lot in Gen. 13 & 19 lees, sien ons duidelik die aardse waardes wat hom laat besluit het om in Sodom te woon. En hy het alles verloor! En Esau se dwase keuse om sy erfporsie te verloon ter wille van iets só onbelangrik as sy eetlus. Ook hy het uiteindelik alles van waarde verloor. Maar dan kan ons kyk na die lewe van Moses. Sy vertroue in God se beloftes het hom laat besluit om die tydelike vreugdes van Egipte prys te gee, om uiteindelik reiklik geseën te word (Heb. 11:24-27).

Hoe om ‘n vyand van die kruis te word;

- Las iets (enigiets) by die voltooide werk van Golgotha.
- Vermy wat die kruis verteenwoordig;
    - Die skande van ons sonde.
    - Opoffering of verlies ter wille van ander.
- Dring aan daarop dat jou wil en begeertes

nou vervul word.

- Kies die dinge van die werêld oor dié van die hemel.

Vers 20 – "*Want ons burgerskap is in die hemele*" – Die woord, burgerskap, word hier en in Fil. 1:27, gebruik. Dit verwys na daardie hemelse land waaraan ons behoort – meer as wat ons hier behoort. Omdat ons in Christus is, het ons saam met Hom gesterf en in Hom weer opgestaan. God se beroep aan ons is dus, "*Soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit*" en "*Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie*" (Kol. 3:1-3).

"*Van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus*" – Daar is 'n onderliggende sin van hoopvolle afwagting in die woord "*verwag*". Ons verwag Christus se terugkoms met die verwagting van 'n vrou wat die horison dophou vir 'n teken van haar teruggekeerde man. Of die bruid van 'n oosterse troue wat wag vir die aankoms van die bruidegom om haar na sy vader se huis te neem.

*3:21 wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.*

---

Vers 21 – "*Wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander*" – Die verplasing waarop ons ywerig wag is in vers 20. Die verandering waarop ons ywerig wag is hier in vers 21. Dit is eintlik die tweede maal dat altwee sal plaasvind. Op die oomblik van ons verlossing is ons verplaas vanaf die koninkryk van die duister na die koninkryk van God se dierbare Seun (Kol. 1:12-13), en terserfdertyd is ons verander tot 'n "*nuwe skepsel*" (II Kor. 5:17). Maar Paulus praat nou van 'n ander verplasing wat gaan plaasvind; van Christus wanneer Hy terugkeer na die aarde, en van ons na Sy aardse koninkryk. Hy praat ook van 'n ander verandering wat gaan plaasvind, van die verlosde mens se sterflike liggaam na onsterflike (I Kor. 15:53-54) – "*gelykvormig … aan sy verheerlikte liggaam*". Liggame wat nie meer onderworpe is aan siekte, swakheid, pyn of die dood nie. Lees ook Jes. 25:8, en Opn. 7:17 en 21:3-5. Die Here Jesus Christus is die Verlosser van ons hele wese, die innerlike en die uiterlike, die siel en die liggaam. Jesus het geword wat ons is, sodat ons kan word

wat Hy is. En omdat Hy oor alles die mag het, en alles aan Hom onderhewig is, kan Hy dit volbring (2:10-11).

# Les 9 – Filippense 4:1-9

## Hoofstuk 4

---

*4:1 Daarom, my geliefde broeders, na wie ek ook verlang, my blydskap en kroon, staan so vas in die Here, geliefdes.*

---

**<u>4:1-3</u>** - Euódia & Síntiché.

Vers 1 – "*Daarom … staan so vas in die Here*" – "*Daarom*" kyk terug. In die lig van die wonderlike waarhede en voorbeelde wat voorheen genoem is;

- Van Verlossing in Jesus, van die siel en die liggaam (3:20).
- Van 'n Verlosser wat weer kom (3:20).
- Van die voorbeeld van Paulus se vurigheid vir Christus en sy strewe na volmaaktheid in Hom (3:7-17)
- Van die onselfsugtige voorbeeld van Jesus, Paulus, Timótheüs en Epafrodítus (Hoofstuk 2).

"*Daarom*", volhard in jou daaglikse strewe na God

se doel vir jou lewe en jou liggaam.

"*Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort*" (I Kor. 6:19-20).

"*My geliefde broeders, na wie ek ook verlang, my blydskap en kroon, staan so vas in die Here, geliefdes*" – Let op die hartstog vir mense in hierdie apostel wat soveel hartstog vir Christus gehad het. Ons sal ook self nooit die een sonder die ander ondervind nie. Paulus het hierdie gelowiges inniglik lief gehad, en hy maak geen geheim daarvan nie. Selfs hier waar hy hulle moet teregwys doen hy dit met die teerste woorde, "*soos 'n pleegmoeder haar kinders koester*" (I Th. 1:17).

Vers 2 – "*Ek vermaan Euódia en ... Síntiché*" – Ons is hier verplig om ietwat tussen die lyne te lees. Hierdie twee vroue was waarskynlik deel van die gemeente van Filippi, maar vir een of ander rede

was daar onmin tussen hulle en hulle het versoening geweier. Hulle word nie elders in die Bybel genoem nie, maar Paulus se woorde skep die indruk dat hulle op ‘n vroeër tyd saam met hom gearbei het. Aangesien dit dan ook impliseer dat hulle volwasse gelowiges was, is dit betreurenswaardig dat die enigste melding van hulle verband hou met die geskil tussen hulle. Ons sien hier dat selfs model kerke, soos die kerk van Filippi, nie perfek is nie. En ook dat geestelike volwassenheid nie die neigings van die vlees totaal verwyder nie.

Let op hoe die Here deur Paulus die probleme waarvan ons hier lees benader;

- Hy berei eers die harte van sy lesers voor deur hul aan te spoor tot eensgesindheid, in nederigheid en toewyding tot ander. Hy benadruk sy stelling met goeie voorbeelde van ander wat hul eie belange opsy geskuif het om die Here te dien.
- Hy noem die twee persone op die naam, sonder om te impliseer dat die een meer skuld as die ander het.
- Sy benadering is in die vorm van ‘n nederige pleidooi, eerder as om eise te stel of ‘n streng bevel te gee. Paulus se openbare brief

verneder of stel hulle ook nie in 'n verleëntheid nie. Soos ons in I Pe. 5:3 lees, "*nie as 'n heerser oor die erfdeel nie, maar as 'n voorbeeld vir die kudde*".

- Hy noem nie eens die oorsaak van hul onenigheid nie. Dalk omdat die eintlike rede vir hul konflik onbelangrik was en dat melding daarvan weereens aandag op hul argumente sou vestig, instede van die rif wat dit veroorsaak het. Dit is duidelik dat die Here daardie aspek van die saak wat hulle mees belangrik sou ag, naamlik die eintlike oorsaak van die rif tussen hulle, heeltemaal verbysien en slegs die dwaling in hul gedrag uitwys.

Die slotsom van die saak is dat die Here deur Paulus daarop aandring dat hulle die aangeleentheid regstel, ongeag die omstandighede. Hy verwag dieselfde van ons, sou daar 'n soortgeleike geval in ons kerk ontstaan - "*As dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense*" (Rom. 12:18).

"*Om eensgesind te wees in die Here*" – Hulle wat deel het van só 'n konflik moet ooreenstem om met mekaar verdraagsaam te wees, deur die voorbeeld te volg;

*4:3 En ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulpsaam wat met my saam gestry het in die evangelie, ook saam met Clemens en my ander mede-arbeiders wie se name in die boek van die lewe is.*

---

- Van Jesus, wat alles ter wille van ons prysgegee het.
- Van Epafrodítus, wat homself opgeoffer het in die diens van ander, ten koste van sy eie gesondheid.
- Van Paulus, wat al sy aardse merietes prysgegee het om Christus te volg.

Daar is sterk neiging in die kerk van vandag om, ter wille van enigheid, 'n vergelyk te tref oor selfs die mees twyfelagtige aangeleenthede. Hierdie skrifgedeelte dui nie aan dat gelowiges hul oortuigings ter wille van enigheid moet prysgee nie. Maar waar ons verskil met ander moet ons hulle met opregte besorgdheid benader en bereid wees om hul opinie in aanmerking te neem.

Vers 3 – "*Ek vra jou ook, opregte metgesel*" – Hier verander Paulus se Griekse taalverbruik van die meervoudige na enkelvoudige. Dit is ooglopend dat hy nou 'n spesifieke indiwidu in die Filippynse

gemeente aanspreek, maar dit is interresant dat daardie persoon nie geidentifiseer word nie. Dit was dalk ‘n hoof ouderling of pastoor van die kerk want ons sien dat Paulus hom met respek aanspreek as sy opregte metgesel. Nietemin is dit duidelik dat Paulus meer fokus op die diens wat die persoon verrig as die persoon self. Ons sien weereens dat die status, bekwaamheid en bevoegdhede van een wat die Here dien van geen belang is nie. Die diens wat hy aan die Here se kerk lewer is al wat tel. Paulus bemoedig hierdie indiwidu om die twee vroue te help om met mekaar enigheid te vind.

Paulus het hierdie gemeente innig lief gehad en hy het slegs die beste vir hulle verlang. Hy het geweier om enige afdwaling of agteruitgang in hulle te verdra. Sy kommer aangaande die welsyn en vordering van ander was só intensief dat dit in hom ‘n saak van lewe of dood was. “*Want nou leef ons, as julle vasstaan in die Here*” (I Th. 3:8). Soos met die Apostel Johannes in wie daar “*geen groter blydskap*” was as om te hoor dat sy kinders in die waarheid wandel nie (III Jo. 2-4). Voor die Regterstoel van Christus sal die vrug van sulke diens die “*blydskap en die kroon van roem*” van God se diensknegte wees (I Th. 2:19-20). In daardie dag sal dit ons grootste vreugde wees om saam met hulle wat deur ons bediening verlos is daar te staan

– as saaier of as maaier, verheugd voor die Here. Die geestelike vooruitgang van hierdie gelowiges was vir Paulus ‘n vreugde en ‘n beloning. Afdwaling of onenigheid, ‘n smart en ‘n skande. Paulus het te veel vir hulle omgegee om hulle aan hul eie onwyse besluite oor te laat. Dus, met vrees en bewing, spreek hy hulle aan wat verkeerdelik handel. Ons sien weereens die hart van God in die Apostel Paulus.

Openbaar ons dieselfde delikate sorg in ons verhoudings met mekaar? Dit is ewig Satan se doel om onmin in die kerk en tussen gelowiges te saai, selfs in daardie gevalle waar ons slegs die welsyn van ander verlang. Hy vermaak dit deur trots en selfsugtigheid, daardie euwels wat so na aan sy eie hart lê, in die mens te bewerkstellig. Presies die teenoorgestelde van die nederige onselfsugtigheid wat die Here deur Sy eie voorbeeld in ons bevorder.

“*Wie se name in die boek van die lewe is*” – Paulus noem hier daardie hemelse opgawe wat die naam van elke verlosde siel bevat. Dit is ‘n herrinering dat ‘n gelowige se saligheid veilig is. Soos in die geval van hierdie twee vroue kan geestelike mislukkings nie ons stand as kinders van die Hemelse Vader verbeur nie.

*4:4 Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!*
*4:5 Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby.*

---

**<u>4:4-9</u>** – Die Sleutel tot Besorgdheid.

Vers 4 – "*Verbly julle altyd in die Here*" – Hier is weer 'n voortdurende bevel om blydskap lewenslank en oomblik tot oomblik 'n gewoonte te maak (3:1). Paulus lê klem op hierdie punt deur dit te herhaal ("*Ek herhaal: Verbly julle*"). En dit moet "*altyd*" gedoen word. Dat 'n bevel om verheug te wees juis hier gevind word mag vreemd klink, maar ons moet onthou dat daar slegs in eenheid ware blydskap kan wees (Ps. 133). Wanneer daar nie blydskap in ons is nie, is dit 'n duidelike aanduiding dat daar iets ontbreek in ons verhouding met God en met ander.

Vers 5 – "*Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word*" – Die Griekse woord wat vertaal is as "*vriendelikheid*" is interresant. Daar is 'n verskeidenheid vertolkings, soos oorgawe, redelikheid en gematigdheid. Dit blyk dat die uitdrukking daarvan presies die teenoorgestelde is van daardie onbuigsame en streng dogmatiese benadering wat onenigheid sal kweek. In II Tim. 2:24-25, skryf Timótheüs van die ware "*dienskneg*

*van die Here*" en in I Tim. 3:3 beskryf hy die kwalifikasies van 'n opsiener. In hierdie persoon is daar geen teken van onregmatigheid of twissoekery nie. Die kind van die Here behoort eerder ten alle tye aangenaam te wees.

"*Die Here is naby*" – Dit is onduidelik of Paulus verwys na die Here se nabyheid of die verwagting dat Hy binnekort sal terugkeer. Albei gedagtes word waarskynlik voorgestel. Die Here is altyd reg hier saam met ons. Hy is bewus van al ons dade, Hy hoor ons woorde en Hy lees ons gedagtes. "*Op elke plek is die oë van die HERE, en hulle beskou opmerksaam die slegtes en die goeies*" (Spr. 15:3) en ook "*van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus*" (3:2). Hy kom weer, dalk binnekort, want as ons die Here se terugkoms uit 'n ewige oogpunt beskou is dit beslis "*naby*" en die verandering wat in 3:21 genoem word sal plaasvind. Ons sien ook Jakobus se bevel in Jak. 5:9, "*Moenie teen mekaar sug nie, broeders, sodat julle nie veroordeel word nie. Kyk, die Regter staan voor die deur*". In albei hierdie skrifgedeeltes is dit duidelik dat die Here se aanstaande terugkeer ons verhoudings met mekaar moet affekteer.

Vers 6 – "*Wees oor niks besorg nie*" – Ons het reeds gesien dat die woord wat vertaal is as "*besorg*",

*4:6 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.*

---

angsvolle kommer beteken. Dit is ook 'n voortdurende bevel. In hierdie geval word ons gemaan om nooit angstig of besorg te wees nie en om hierdie sienswyse as 'n lewenslange gewoonte aan te kweek. Christus het dieselfde bevel, "*Moenie julle kwel*", herhaardelik gebruik, soos in Matt. 6:25-34 beskryf word. En die psalmskrywer herhaal soortsgelyke woorde, "*wees nie toornig nie*", in Ps. 37:1,7 en 8. Dit klink dalk na 'n onmoontlike vereiste, maar ons God is die God van die onmoontlike. Welslae begin deur te erken en te aanvaar presies wat Hy van ons verwag. Dit is deel van daardie volmaaktheid wat Paulus só doelgerig nagestreef het.

"*Maar … in alles deur gebed*" – Let op die kontras in die allesomvattende terme wat Paulus hier gebruik. Ons moet "*oor niks*" en op geen manier angstig of besorg wees nie. Maar eerder, met die gebede van 'n afhanklike, moet ons onsself "*in alles*" aan God toeversorg. En albei van hierdie instruksies word deur God as 'n bevel gebruik.

“*Gebed*” is die algemene term wat gebruik word om ons kommunikasie met God te beskryf. “*Smeking*” verwys na versoeke om spesifieke voordele. Ons word ook gemaan om “*Danksegging*” vir God se seëninge ‘n natuurlike deel van ons gebede te maak. Ons God is alwetend, maar Hy dring daarop aan dat Sy kinders hul afhanklikheid van Hom betuig, deur hul versoeke aan Hom te rig. God se antwoord vir elke steurende gedagte is “*Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle*”. “*Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie*” (Ps. 55:22).

Die Here sal ons onderhou, maar nie noodwendig volgens ons verwagting of tydsberekening nie. Toe die Israeliete in die wildernis deur giftige slange gebyt is, het hulle Hom om hulp gesmeek. God het hul gebede beantwoord, maar nie deur die slange te verwyder nie. Hul redding was in geloof en om hul oë op die koper slang te vestig (Num. 21). Dit is ook moontlik dat God nie die verlossing wat ons vra voorsien nie. Hy gebruik dikwels ons omstandighede om geestelike verandering in ons te bewerkstellig. Christus se woorde, “*Moenie julle kwel oor jul lewe*”, beteken nie dat ons die toekoms roekeloos benader nie. Voorsorg is ‘n teken van bedagsaamheid (Spr. 14:15; 22:3; 27:12). Die antwoord lê daarin dat ons alle bekommernis op

*4:7 En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.*

---

Hom werp – Hy sal ons onderhou. ‘n Groot industriele firma het bepaal dat 9 uit 10 gevalle van swak prestasie onder arbeiders aan kommer te wete was. ‘n Versekerings-maatskappy het op ‘n slag gevind dat kommer die oorsaak van 4 uit 5 senu-instortings is. Op ‘n ander geleentheid het ‘n opgawe deur ‘n mediese kliniek getoon dat 35% van die kwale wat deur hul personeel behandel is, as gevolg van kommer was.

Vers 7 – “*Die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan*” – Let wel dat hierdie ‘n belofte is. ‘n Eenvoudige vertroue in God se versekering, eerder as ons eie begrip van omstandighede, sal ons voorsien van ‘n vrede wat die verstand te bowe gaan – ‘n vrede wat nie vir ander sin maak nie. Soos dit nie sin gemaak het dat Hanna se gees verheug was slegs omdat sy gebid het nie (I Sam.1:1). Dit was ‘n vrede wat alle verstand tebowe gegaan het. Ook Abraham se vertroue in God se belofte van ‘n seun, wat nie vervlou het toe sy vrou te oud geword het om kinders te baar nie. Dit was ‘n vrede wat alle verstand tebowe gegaan het.

*4:8 Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.*

---

Vers 8 – "*Alles wat waar is … bedink dit*" – Hier is die groot gevegsfront - die sleutel tot 'n reggesinde Christen lewe – want die regte optrede spruit uit die regte denkwyse. Die wyse Salomo het geskryf, "*Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe*" (Spr. 4:23) en "*Want soos hy in sy siel bereken, so is hy*" (Spr. 23:7). Die hart is die oorsprong van ons wese. Alles wat ons is en doen spruit daaruit. Dus moet die hart bó alles bewaar word. "*Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn*" (Mat. 12:35). Die ware toets van 'n man is dít wat hy aan dink wanneer hy aan niks hoef te dink nie.

Ons word aanhoudend deur die media (televisie, radio, koerante, tydskrifte en advertensies) gebombardeer met versoekings wat poog om ons denk en sienswyse te beinvloed. Die morele standaarde van ons samelewing verander elke dag. Algemeen aanvaarde waardes met betrekking tot

seksualiteit, integriteit, eerlikheid en die wet het versleg tot die punt dat elke man doen wat reg is in sy oë, soos beskryf in Rigters 21:25 - "*tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie*" (Eseg. 22:26). Wat voorheen buitengewoon was, is deesdae die mode, terwyl onheiligheid aanvaarbaar en heeltemaal ordinêr geword het. Daar is 'n voortdurende stryd om die mens en veral die gelowige se denke te beheer. Dus sien ons hier God se duidelike opdrag, "om hierdie dinge te bedink." Om aanhoudend ons aandag hier te vestig en die onheiligheid van die wêreld te vermy. Soos die instruksie in Psalm 1. Hoe vind die regverdige verlossing van die "*raad van die goddelose*"? Deur die beskermende krag wat spruit uit 'n voortdurende betrokkenheid met God in Sy Woord – "*Hy oordink sy wet dag en nag*". Om God se Woord te oordink beteken dat ons elke woord daarvan sorgvuldig bestudeer, sodat ons dit duidelik verstaan en in ons eie handel en wandel kan toepas. Hierdie skrifgedeelte gee ons ook 'n lys van die regte dinge om te oordink.

"*Alles wat …*";

- "*Waar is*" – Die Griekse woord wat hier vertaal is dui iets aan wat onbedek of onverskuil is - iets wat ooglopend eerlik is.

- "*Eerbaar is*" – Dinge wat edel of waardig is – die teenoorgestelde van die onvrugbare werke van die duisternis (Efe. 5:11-12).

- "*Regverdig is*" – Dinge wat ooreenkom met God se standaard van regverdigheid – sonder enige teken van onheiligheid.

- "*Rein is*" – Dinge wat moreel onbesmet of heilig is – in kontras met die wêreldse neiging tot alles wat onrein en verbode is.

- "*Lieflik is*" – Dinge van 'n suiwer aard wat genotvol en aantreklik is.

- "*Loflik is*" – Dinge wat bespreek word met welwillendheid teenoor ander – die teenoorgestelde van skindery en die onderliggende bedoeling om seer te maak.

- "*Deug*" – Dinge wat moreel voortreflik is.

- "*Lof*" – Dinge wat prysenswaardig is.

Die presiese betekenis van sommige van hierdie sleutel beginsels is onduidelik, maar dit is ooglopend dat elkeen van hulle ooreenstem met God se heilige natuur. Dit is hierdie dinge wat ons gedagtes moet vul, eerder as dit wat spruit uit die duisternis van die mens se sondige natuur. 'n Opsetlike, doelgerigte benadering is noodsaaklik as

ons God se Woord gehoorsaam en ons "*elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus*" (II Kor. 10:5).

Alhoewel Paulus hier praat van die innerlike gedagtegang van elke gelowige, is dit waarskynlik dat hy steeds fokus op die stryd tussen Euódia en Síntiché en die negatiewe gedagtes wat hulle teenoor mekaar gekoester het. Trotse mens se neiging is om nadruk te lê op die tekortkominge in ander, maar ons moet onthou dat elke kind van God met die een of ander ooglopende deugsaamheid geseën is. As ons eerder op hierdie prysenswaardige karaktertrekke in ander fokus, sal ons verbaas wees hoé kosbaar ons verhoudings met ander word. Veral ons verhoudings met mede gemeentelede. Die gevolg van harmonie, vrede en rus, waar elkeen bemoedig word.

Dit is ook in elkeen van ons 'n natuurlike geaardheid dat ons gedagtes wandel na die booshede van die vlees. Soos wurms wat aanhoudend smag na iets wat vrot is. Maar in Christus het ons die krag om weg te draai van sulke dinge. En met elke geleentheid het ons die keuse oor wie ons gedagtes domineer – die duiwel of ons Heer, Jesus Christus. God verwag dat ons Hom sal kies. Hy het die nodige hulpmiddels reeds aan ons

*4:9 En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.*

---

voorsien. Ten tye van versoeking kan ons dadelik verligting vind deur te fokus op die beginsels wat Paulus hier vir ons uitlê. Ons kan ook Bybel verse aanhaal wat verwys na die versoeking wat ons ondervind. Maar die beginpunt is om die dinge te vermy wat onsuiwer gedagtes in ons ‘n houvas gee. Dinge wat ons na kyk en na luister, wat dikwels verband hou met die geselskap wat ons opsoek. Die teoloog Dwight Pentecost het dit só gestel, “God se standaard vir Sy kinders is dat ons elke gedagte beoordeel wat deur ons verstand flits” - of daardie dinge wat daagliks oor die televise skerm flits, of wat ons in boeke, tydskrifte en in die lirieke van liedjies teekom.

Vers 9 – Ons sien weer dat Paulus homself voorstel as ‘n waardige voorbeeld om te volg (3:17). In vers 8 het die bevel gefokus op ons gedagtes, maar hier fokus dit op ons handelinge. God hanteer eers ons sienswyse en ons gedagtes, dan ons dade.

## Verdere Gedagtes

Nege bevele in nege verse. Almal, behalwe een, verwys na voortdurende aksie;

- Vers 1 – Staan so vas in die Here.
- Vers 3 – Wees hierdie vroue behulpsaam.
- Vers 4 – Verbly julle altyd in die Here.
- Vers 4 – Ek herhaal: Verbly julle!
- Vers 5 – Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word.
- Vers 6 – Wees oor niks besorg nie.
- Vers 6 – Laat julle begeertes bekend word by God.
- Vers 8 – Bedink dit.
- Vers 9 – Doen dit.

# Les 10 – Filippense 4:10-23

In die sluitingswoorde van Paulus se brief aan die kerk van die Filippense bedank hy hulle vir die geskenk wat hulle deur Epafrodítus aan hom gestuur het. Meer as al die ander, was hierdie die gelowiges wat Paulus se nood op hul harte gedra het. Hulle was ewig dankbaar teenoor die een wat Christus na hulle gebring het. Die een wat daarvoor verantwoordelik was dat hulle, deur kennis van die waarheid, bevry is. Ons sien die goedhartigheid van beide Lídia en die tronkbewaarder onmiddellik na hul verlossing (Hnd. 16). En toe Paulus later verder wes gereis het, het hulle binne drie weke twee geskenke gestuur om sy nood te verlig. Die goedhartigheid en opoffering van hierdie Filippense gelowiges het die voorbeeld geword wat Paulus teenoor ander sou aanhaal (Rom. 15.26; II Kor. 8: 1-5). ‘n Paar jaar het intussen verbygegaan sonder dat hulle enige verdere geskenke aan hom gestuur het. Hy is vir twee jaar in ‘n Romeinse tronk in Caeserea aangehou en het daarna ‘n winter op die eiland van Malta deurgebring. Maar hulle het uiteindelik weer deur hul boodskapper, Epafrodítus, met hom kontak gemaak toe hy in Rome aangeland het.

**4:10-20** – Filippense Vrygewigheid.

*4:10 Ek het my grootliks verbly in die Here dat julle nou eindelik weer opgeleef het om aan my belange te dink; waaraan julle ook gedink het, maar julle het die geleentheid nie gehad nie.*
*4:11 Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is.*

---

Vers 10 – "Maar *julle het die geleentheid nie gehad nie*" – Hul geskenk, bewys van hul aanhoudende sorg teenoor hom, het die apostel verheug in die Here. Baie maande het verstrek sedert hul laaste geskenk aan hom, maar Paulus het besef dat hy ewig in hul gedagtes was. Die vertraging om hom weereens te help was duidelik as gevolg van sy eie omstandighede, nie hul gebrek aan besorgdheid oor hom nie. Hy maak dus hier 'n punt daarvan om hulle daaroor gerus te stel.

Vers 11 – "*Nie dat ek dit uit gebrek sê nie*" – Paulus wou hulle ook verseker dat hy nie buitenmatige lyding verduur het sonder hul hulp nie. Deur die jare in die Here se diens het hy aangeleer om tevrede te wees met die uiterlike omstandighede waarin hy hom bevind het.

Vers 12 – "*Ek weet om …*" – Paulus het deur die Here geleer om vreugdevol te wees, ongeag daarvan dat die rivier van aardse voorsiening soms leeg was

*4:12 Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly.*

---

en op ander geleenthede oorvloei het. Om meer as genoeg te hê het hom nie bederf nie en om minder te hê het hom nie innerlik geknou nie. Dit blyk dat hy ewe tevrede was met tekort as met oorvloed. "*Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees*" (I Tim. 6:8). Dit is inderdaad 'n geval van ware onderdanigheid, of ons waarlik en tot die kern van ons bestaan voor ons Vader buig. Dat Hy inderdaad ons Meester is. "*Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie*" (Mat. 6:24). Vreugdevol is die een wie se liefde die Here Jesus Christus is; wat niks anders verlang en geen ander god toelaat nie!

Paulus het die geheim van tevredenheid verstaan. Dit word vermoed dat Paulus uit 'n gegoede famile gekom het. Sy opvoeding, deur Gamáliël, was beskou as die mees voortreflike wat 'n Jood kon ontvang, 'n voorreg wat, teen aansienlike koste, slegs aan 'n paar enkelinge beskikbaar sou wees.

Maar toe hy daardie "*een baie kosbare pêrel*" gevind het, het hy "*alles verkoop*" om Christus te bekom. Hy het sy posisie, verhewendheid, welgesteldheid, gesag, aardse beskutting en alle verdere geleenthede om sy wêreldse omstandighede te verbeter, agtergelaat, om Jesus van Násaret aan te neem. Dit is waarskynlik dat Paulus se familie en vriende baie ontevrede was met sy besluit om alles wat hy tot op daardie stadium bereik het prys te gee. Daar word egter nie melding gemaak van hierdie toevallige besonderhede nie. Dit blyk dat die kommer en vrees van die ongelowiges geen simpatie by God vind nie. Toe Paulus en Bárnabas in Antiochíë bemagtig is om die evangelie aan die heidene te verkondig, is dit waarskynlik dat hulle met weinig meer as die gebede van die gelowiges uitgestuur is. Paulus was 'n tentmaker en, alhoewel hy hierdie beroep gebruik het om vir homself te sorg, het hy dikwels kort geskiet - "*in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid*" (II Kor. 11:27). Maar weereens, in Christus het hy tevredenheid gevind - en sy gemoedstoestand was nie afhanklik van sy omstandighede nie. Dit was 'n geval van geloof, 'n geloof wat seëvier oor die dinge van die wêreld. Daar is 'n verhaal van 'n magtige koning wat 'n vreemde kwaal opgedoen het, waarvoor die geneesheers geen teenmiddel kon vind nie. 'n Waarsegster het egter verklaar dat die koning

genees sou word, as hy die hemp van ‘n gelukkige man dra. Met nuwe hoop het die koning beveel dat die land deursoek moet word vir die gelukkigste onderdaan. Maar toe hulle die man vind het hy nie ‘n hemp besit nie!

Paulus kon dit as sy reg beskou dat die gemeentes wat hy gehelp het hom finansieel sou ondersteun, maar hy het dit nie verwag of daarop aangedring nie (I Kor. 9:6-15). Hy het eerder innige dankbaarheid betoon wanneer hy ‘n geskenk van hulle ontvang het. Paulus kon ook verbitterd geraak het teenoor hulle wat hom nie ondersteun het nie, maar dit het ook nie gebeur nie. Hy het sy benodighede slegs aan die Here oorgelaat, met die vertroue dat Hy Sy dienskneg nooit in die steek laat of vergeet nie. Ons kan ook vertrou dat die Here ons bystand sal wees deur elke beproewing - ‘n besorgde en betrokke helper.

“*In elke opsig en in alle dinge*” – In hierdie skrifgedeelte gebruik Paulus dieselfde uitdrukking, eers in enkelvoud en dan in die meervoud - “elke opsig” en “alle dinge”. Dit kom voor dat hy verwys na lewensomstandighede, beide die besonderhede daarvan en as ‘n geheel. Deur Paulus se ondervindinge met sy geloof te temper, het die Here hom gedissiplineer om beide die groter samestelling

van faktore en die indiwiduele kwellings van die lewe te verduur. Paulus se woorde dui 'n leerproses aan en dit kom voor dat hy hierdie wysheid self geleidelik aangeleer het.

Vers 13 – "*Ek is tot alles in staat deur Christus*" – Paulus verwys hier na "*alles*" in God se wil, nie "*alles*" in die mens se wil nie. In Christus en volgens Sy wil was Paulus tot enigiets in staat, selfs 'n tevredenheid met die lewe se laagste tye. Kyk ook na Rom. 8:37, "*Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het*". Om oorwinnaars te wees is heeltemaal genoeg. Om "*meer as oorwinnaars*" te wees is oortreffend, genoeg en nog meer.

"*Wat my krag gee*" – Paulus kon nie die woorde "*Ek is*" gebruik sonder om dit te kwalifiseer met "*deur Christus*" nie. Hy het verstaan dat dit Jesus was wat namens hom en deur hom gewerk het. Deur Paulus se wil en sy weë te verwerk het die Here sy natuur getransformeer, met sy vertroue nie in homself nie, maar in Christus. Sy enigste doel was om God te behaag en dit was hierdie vertroue wat hom in staat

gestel het om alle lewensomstandighede te verduur.

Let op die stappe tot sukses en hoe dit begin en eindig met die gelowige se afhanklikheid;

- Vers 4-6 – Weier om angstig te wees en vervang dit met afhanklike gebed.
- Vers 8 – Kies om reg te dink.
- Vers 9 – Kies om reg te handel.
- Vers 11-12 – Leer om tevrede gedagtes te koester.
- Vers 13 – Alles is moontlik deur afhanklikheid in Christus.

Paulus het aangeleer hoe uiters hulpeloos hy was sonder die inwonende, kraggewende, teenwoordigheid van die Here Jesus Christus. Maar hy het ook aangeleer dat hy deur die inwonende, kraggewende teenwoordigheid van die Here Jesus Christus *enigiets* kon doen. Enigiets wat die Here van hom verlang het. Let op die balans;

- "*Ek is*" – Asof alles van my afhang. My eie godvresende voorneme is deel daarvan dat ek "*alles*" doen soos ek moet.
- "*Deur Christus*" – Asof alles van Hom afhang. Want sonder Hom kan ek absoluut niks doen

nie.

Met Sy innerlike teenwoordigheid en transformerende krag is ons in staat tot enigiets wat die Here van ons verwag of van ons vra. Sonder Hom is daar geen hulp nie. Sonder Hom is daar ook geen blywende waarde in dit wat ons doen nie. Met die Here se hulp word selfs die onmoontlike moontlik. Toe die menigte in die wildernes gevoed moes word, het Jesus Sy dissipels slegs aangesê om dit te doen (Matt. 14:16, "*Gee julle vir hulle iets om te eet*"). Die dissipels het dadelik besef dat dit 'n onmoontlike taak was, maar deur hulle op Christus te beroep is hulle wonderbaarlik bemagtig en meer as 5000 is gevoed. Talle gelowiges deur die eue het ontdek dat daar niks is wat God nie deur Sy mense kan doen nie. Abraham het die God van die onmoontlike ontdek. Hy en sy vrou, Sara, was albei reeds oud en haar kans om kinders te baar, lank verby. Maar God het die onmoontlike deur hulle vermag deur die merkwaardige geboorte van Isak. Die Here het nie vir Abraham gesê, "Jy sal 'n seun voortbring" nie. Hy het gesê, "*Ek sal … jou uit haar ook 'n seun gee*" (Gen. 17:16). Ook Moses het die God van die onmoontlike ontdek. Toe God Hom ontferm het oor Sy volk wat as slawe in Egipte onderdruk is, het Hy Moses na Farao gestuur om die bevryding van die Israelite te eis. Moses het

geweet dat Farao nie sy land se arbeidsmag slegs op sy pleidooi sou opoffer nie. In sy eie krag was dit onmoontlik dat hy Farao sou oortuig, of om daarna só 'n groot geselskap in die wildernis te lei. Maar God se antwoord op Moses se besware was eenvoudig; Hy sou Sy volk bevry en deur die wilderness lei, deur Moses tot die taak te bemagtig. En dit is presies wat God gedoen het. Die Bybel getuig van talle ander "*wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop*" het (Heb 11).

Paulus het die woord "*alles*" gebruik. Dit sluit alles in wat in God se wil is; selfs ons eie persoonlike onmoontlikhede. Is dit dan werklik onmoontlik om 'n moeilike of gebroke huwelik te herstel? Of is dit werklik onmoontlik om op een salaris te bestaan, sodat ons klein kinders die kosbare, godvresende opvoeding van hul eie moeder kan geniet? Is dit werklik onmoontlik om met regverdige standaarde in 'n oneerlike sakewêreld te oorleef? Is dit werklik onmoontlik om ons te weerhou van seksuele verhoudings tot na die huwelik? Is dit werklik onmoontlik om liefdevol, maar steeds met mening, ons kinders te tug? Is dit werklik onmoontlik om 'n swak gewoonte te staak of 'n goeie een aan te leer? "*Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag*

---

*gee*".

Vers 14 – "*Julle* [het] *goed gedoen*" – Nieteenstaande Paulus se vorige verklaring dat hy met min tevrede was, verseker hy sy Filippense vriende hier van sy waardering vir hul geskenk en ook die diens van Epafrodítus. Paulus was nie ondankbaar nie.

Ons moet verstaan dat God dit op prys stel wanneer ons Sy dienskneġte ondersteun met dít waarmee Hy ons beskik. Want sulke ondersteuning bemoedig hulle en dit plaas ons saam met hulle in die diens van die Here. Lees ook III Joh. 5-8; Gal. 6:6; I Kor. 9:14; I Tim. 5: 17-18. Om God se diensknegte te ondersteun is 'n stap van geloof in Sy woorde – ons word telkemale in die skrif aangemoedig om om te sien na die nood van mede-gelowiges (Rom. 12:13; Heb. 13:16; I Tim. 6:17-18; Gal. 6:10). Waar ons versuim om dit te doen is dit 'n teken van ons minagting van geestelike dinge en die verkondiging van die Woord van God. Die ongelowige wêreld, verblind aangaande hul eie geestestoestand, sal hierdie prakteit veroordeel as 'n vermorsing van geld en tyd. Moenie sulke geleenthede om goed te doen

*4:15 En julle, Filippense, weet ook dat in die begin van die evangelie, toe ek van Macedónië vertrek het, geen gemeente deel gehad het in my rekening van uitgawe en inkomste nie, behalwe julle alleen.*
*4:16 Want ook in Thessaloníka het julle vir my behoefte meer as een maal iets gestuur.*
*4:17 Nie dat ek die gawe soek nie, maar ek soek die vrug wat oorvloedig word op julle rekening.*

---

laat verbygaan nie. Maak selfs opsetlik geldelik daarvoor voorsiening, sodat jy altyd gereed is om só 'n nood tegemoet te kom. Ons sien 'n goeie voorbeeld hiervan in II Kon. 4, waar 'n welgestelde vrou van Sunem na Elísa omgesien het en daarna op wonderbaarlike wyse deur God geseëen is. Persoonlike toewyding aan die Here sluit ons besittings in – "*dat ons ... die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang*" (Hnd. 20.35).

Vers 15-16 – "*geen gemeente deel gehad het ... behalwe julle alleen*" – Ons het reeds gesien dat hierdie Filippense gelowiges ernstig was in hul ondersteuning van Paulus in sy diens - aanmoediging wat hy nooit vergeet het nie.

Vers 17 – "*vrug wat oorvloedig word op julle rekening*" – Paulus se fokus was meer op hul hemelse beloning as sy eie aardse benodighede. Dit

is duidelik dat God rekening hou van ons bydrae tot Sy aardse diens, met die seker belofte van beloning. Die Here het dit telkemaal bevestig;

- In Lukas 16 vertel Jesus die gelykenis van 'n bestuurder wat betrap is terwyl hy sy werkgewer se besittings verkwis. Voordat hy egter afgedank is het hy besef dat dit tot sy voordeel sou wees om sy eie verhouding met sy werkgewer se skuldenaars te verstewig. Hy het onmiddellik aan die werk gespring en elkeen se skuld verminder, met die vertroue dat hulle hom goedgunstig sou behandel wanneer hy sy werk verloor. Ons verwag dat die Here die skynbare misbruik van die wergewer se goedere sou veroordeel, maar die fokus van die gelykenis is egter op die wysheid wat die bestuurder aan die dag gelê het. Sy optrede is deur sy werkgewer geloof en, deur die geldelike las van ander te verlig, het hy belê in sy eie toekoms.

- In Christus se gelykenis oor die talente, het die wyse diensknegte hul meester se geld teen 'n wins belê en is daarvoor beloon. Die dwase dienskneg het egter die bedrag wat aan hom toevertrou is weg gebêre, om dit veilig te bewaar. Hy is daarvoor veroordeel (Mat. 25: 14-30). Niks wat ons besit behoort eintlik aan

*4:18 Maar ek het alles ontvang, en ek het oorvloed. Ek het dit volop noudat ek van Epafrodítus ontvang het wat deur julle gestuur is, 'n lieflike geur, 'n welgevallige offer, welbehaaglik by God.*

---

ons nie. Ons is slegs bestuurders van die Meester se goedere. Die belegging van ons Meester se goedere in ander groei ons eie rekening en verwerf Sy lof, maar dit wat ons vir onsself opgaar is uitendelik waardeloos en verwerf slegs Sy oordeel.

- Jesus het gesê, "*maak vir julle skatte bymekaar in die hemel*" (Mat. 6:19-20). Hoe doen ons dit? Deur nie aardse besittings te versamel nie, maar eerder geneig te wees om dit wat God ons mee seën tot die voordeel van ander en Sy verheerliking te versprei.
- Christus se raad aan die ryk jong man was om al sy aardse besittings te verkoop en die geld aan die armes te gee, "*en jy sal 'n skat in die hemel hê*" (Mat. 19:21).

Die wyse belegger kan dus die wonderlikste skatte bekom.

Vers 18 – "*Welbehaaglik by God*" – Hul geskenk was

beslis ‘n seëning en ‘n aanmoediging vir God se dienskneg, maar Paulus benadruk die feit dat dit ook die Here behaag het. Hier is ‘n les vir ons om te leer. Dit wat ons in God se diens doen uit liefde vir Hom en ander, raak Sy hart aan.

Vers 19 – “*My God sal elke behoefte van julle vervul*” – Hier is een van daardie verse wat maklik deur die mens uit self-belang misbruik word. Deur die konteks van die skrif te ignoreer, poog hulle om God te verplig om hulle te hulp te snel wanneer hulle in nood verkeer. En dan verkwalik hulle God as Hy nie volgens “Sy Woord” handel nie. Ons moet hierdie vers in konteks lees. Dieselfde werkwoord word in vers 18 as “*Ek het dit volop*” en in vers 19 as “*Sal elke behoefde … vervul*” vertaal. Ons sien dus dat Paulus sy versekering aan die Filippense gelowiges gee, dat God hul behoefdes sou vervul, presies soos hulle sy behoefde deur hul vrygewige gawe vervul het – God se belofte in antwoord op hul welwillendheid. Hierdie skrifgedeelte moet ook nie gesien word as toestemming tot finansiele onverantwoordelikheid of ‘n versekering van die Here se verpligting om borg te staan vir elke

Christen nie. Dit is slegs God se belofte om hulle te beloon wat Hom met hul vrywillige gawe aanbid. Christene wat die geleentheid om die Here só te dien ignoreer sal nooit die vreugde van Sy vergoeding beleef nie. Ons sien 'n goeie voorbeeld hiervan in die beskrywing van Israel se tog uit Egipte. Deur die sekerheid van Egipte agter te laat en hulle geheel en al op God se sorg toe te vertrou, het hulle die merkwaardigste voorsiening ontvang – water uit 'n rots en brood uit die hemel. Die Psalmskrywer beskryf dit as "*'n tafel in die woestyn*". God het op die mees ongelooflike manier na die behoeftes van miljoene omgesien, omdat hulle Hom geglo en vertrou het. God het Homself verplig om te sorg vir die een wat Hom dien en vertrou, dus Sy belofte aan die vrygewige gelowiges in Filippi.

Let op dat Israel slegs die beloofde voordele in die woestyn ontvang het nadat hulle, as gelowiges, God se woorde gehoorsaam het. Hulle moes eers hul eie sekuriteit laat vaar. As hulle in Egipte gebly het sou hulle nooit hierdie wonderlike voorsiening ondervind het nie. Daar is maar min kans dat God 'n gebed soos "Ag Here, gee vir my 'n miljoen rand en ek sal 'n tiende daarvan aan U teruggee" sal antwoord. Hy verwag dat ons, selfs uit die kleinste vermeerdering, gewilliglik 'n deel aan Hom sal

*4:20 Aan onse God en Vader die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen*

---

afstaan. Dit is vermetelheid om te verwag dat God hierdie belofte sal vervul voordat ons gereed is om, uit Sy wonderlike gawe, aan Hom terug te gee. Ons lees in I Sam. 2:30, "*die wat My eer, sal Ek eer; maar die wat My verag, sal veragtelik wees*". God sal met ons handel soos ons met Hom handel.

Kyk ook na die voorbeeld van die verlore seun in Luk. 15. Kort nadat hy sy vader verlaat het was hy sonder geld en sonder heenkome. Maar in sy vader se diens was daar 'n "*oorvloed van brood*" (vers 17). Lees ook Luk. 6:35-38; Spr. 3:9-10; Mat. 6:1-4.

## 'n Persoonlike Getuienis

My eerste twee jaar op universiteit het my ouers min gekos as gevolg van die finansiele hulp wat beskikbaar is in ons staat (New York). Toe ek direk hierna verlos is, het ek besluit om 'n predikant te word en by 'n Bybelskool ingeskryf. Die koste van die eerste jaar se opleiding kon ek met my spaargeld dek en terwyl ek my hart en my lewe aan die Here oorgegee het was ek ook in staat om 'n porsie aan

Sy werk te gee. Aan die einde van daardie jaar was my geld op, maar ek was aangespoor om my opleiding by 'n ander Bybelskool voort te sit en om God te vertrou om die geld daarvoor te voorsien. Dit het my pa bekommer dat ek 'n deel van my geld weggegee het en hy was nie heeltemaal gelukkig met my rigtingverandering nie. Maar, aangesien hy my ouer susters se universiteitskostes betaal het en op daardie stadium maar min tot my opvoeding moes bydra, het hy ingestem om die koste van my tweede jaar op Bybelskool te dek. Die Here het daardie omstandighede netjies gereël om te sorg vir my verdere opleiding. Die volgende jaar, gedurende die somer vakansie, het dit só uitgewerk dat ek my pa kon help om 'n huis te bou. My inkomste hieruit en 'n kampus werk gedurende die jaar het die koste van my derde jaar betaal. Ek was versigtig met my geld en het aangehou om 'n deel van my inkomste af te staan aan die Here se werk en die nood van ander. In die somer vakansie voor my vierde jaar op Bybelskool het ek op 'n olieboorplatform gewerk. Ek het genoeg uit hierdie werk verdien om die koste van my laaste studiejaar te betaal. Ek kon selfs bydra tot die studiekoste van 'n paar ander studente. Ek en my vrou was nog altyd versigtig om die Here te vereer met ons inkomste en Hy het ons nog altyd geseën met 'n "*oorvloed van brood*".

*4:21 Groet elke heilige in Christus Jesus. Die broeders wat saam met my is, groet julle.*

---

**4:21-23** – Sluitingsgroete.

Vers 21 – "*Elke Heilige in Christus Jesus*" – Paulus begin en eindig sy brief met hierdie vreugdevolle uitdrukking. Elke gelowige in hierdie kerk bedeling is "*in Christus Jesus*", die begin en eindpunt van elke seëning.

"*Die broeders wat saam met my is, groet julle*" – Onder Paulus se Christelike broers in Rome was Aristárchus, wat ook 'n gevangene was (Kol. 4:10) en ander wat hom in die bediening begestaan het, soos Timótheüs (1:1), Tíchikus, Epafrodítus en Onésimus. Dalk ook Markus, Jesus Justus, die geneesheer, Lukas (Kol. 4: 7-14), en nog meer. Selfs in die gevangenis, was daar 'n groep enersdenkende manne wat hierdie vreugdevolle dienskneg ondersteun het en nou ook hul groete stuur. Dit het nie saak gemaak waar of in watter omstandighede Paulus hom bevind het nie. Daar was altyd vriende en volgelinge naby en ook geleentheid om hulle te beinvloed om die Here te dien.

God gebruik altyd dieselfde metode wanneer Hy

*4:22 Al die heiliges, en veral die wat aan die keiserlike huis behoort, groet julle.*
*4:23 Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.*

---

leiers na vore bring en oplei – deur jonger heiliges vir 'n tyd naby en onder die invloed van ouer heiliges te plaas. Soos Josua onder Moses, Elísa onder Elía, die Skool van die Profete onder Samuel en die dissipels onder Jesus. Dit is ook 'n waarskuwing aangaande die voorbeeld wat ons aan ons geslag nalaat - "maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie" (Heb. 12:13).

Vers 22 – "veral die wat aan die keiserlike huis behoort" – Daar was ook gelowiges in die keiser se huishoud, onder sy diensknegte en soldate. Aan die begin van Paulus se brief lees ons "*sodat my boeie openbaar geword het in Christus onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander*" (1:13). Paulus se gevangenskap was duidelik as gevolg van sy toewyding tot Christus. Sy persoonlikheid en gees het hul aandag getrek en daar was 'n groeiende belangstelling onder sommige wat reeds antwoorde in Jesus Christus gevind het.

Paulus het gefloreer oral waar hy hom bevind het. Dat hy ‘n gevangene was het hom nie van stryk gebring nie. Hy was ‘n getroue arbeider, altyd betrokke in sy Meester se diens. En die vrugte van sy arbeid het gekom. Mens kon sy gevangenskap as tragies en onregverdig beskou, maar hoe anders kon hy ooit toegang tot die Romeinse vorstehuis verkry het?